EXTRAORDINARY *BUITENGEWONE*

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 930

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 930

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 36.] PRETORIA, 21 JUNE / 21 JUNIE 1968. [No. 2103.

GOVERNMENT NOTICE.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 1108. 21 June 1968.

MAGISTRATES' COURTS—RULES OF COURT.

The Minister of Justice has, in terms of section 25 (5) of the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), confirmed the rules made by the Rules Board in terms of subsection (3) of the said section and contained in the first paragraph of the Schedule hereto, which rules shall take effect from the date mentioned in the second paragraph of the aforesaid Schedule.

SCHEDULE.

1. TABLE OF CONTENTS AND COMPARATIVE TABLE OF NUMBERS OF NEW RULES AND CORRESPONDING NUMBERS OF PREVIOUS RULES.

Rule No.	*Table of Contents.*	*Previous Rule No.*	*Sec. No. of Act.*
1	General	1	—
2	Definitions	2	—
3–4	General Duties of the Clerk of the Court in Civil Matters	4–5	—
5	Summons Commencing Action	9	—
6	Endorsement of Summons	10	—
7	Amendment of Summons	12	—
8	Messenger of the Court	3	14, 17
9	Service of Process, Notices and Other Documents	8	—
10	Delay in the Prosecution of an Action	59	—
11	Judgment by Consent	15	—
12	Judgment by Default	16	—
13	Appearance to Defend	14	—
14	Summary Jugdment	21	—
15–16	Further Particulars	17–18	—
17	Exceptions and Applications to Strike out	20	—
18	Payment into Court	19	—
19	Plea	22	—
20	Claims in Reconvention	13	44, 47
21	Reply	23	—
22	Set-down of Trial	27	—
23	Discovery of Documents	24	—
24	Medical Examinations, Inspection of Things, Expert Testimony and Tendering in Evidence any Plan, Diagram, Model or Photograph	—	25

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 1108. 21 Junie 1968.

LANDDROSHOWE—REËLS VAN DIE HOF.

Ooreenkomstig artikel 25 (5) van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), het die Minister van Justisie die reëls wat deur die Reglementsraad kragtens subartikel (3) van genoemde artikel uitgevaardig is en wat vervat is in die eerste paragraaf van die Bylae hiervan en wat met ingang van die datum genoem in die tweede paragraaf van voornoemde Bylae in werking tree, bekragtig.

BYLAE.

1. INHOUDSOPGAWE EN VERGELYKENDE TABEL VAN NOMMERS VAN NUWE REËLS EN OOREENSTEMMENDE NOMMERS VAN VORIGE REËLS.

Reël No.	*Inhoudsopgawe.*	*Vorige reëlno.*	*Art.-no. van Wet.*
1	Algemeen	1	—
2	Woordomskrywing	2	—
3–4	Algemene Pligte van die Klerk van die Hof in Siviele Sake	4–5	—
5	Dagvaarding waardeur 'n Aksie ingestel word	9	—
6	Endossering van 'n Dagvaarding	10	—
7	Wysiging van 'n Dagvaarding	12	—
8	Geregsbode	3	14, 17
9	Betekening van Prosesstukke, Kennisgewings en Ander Dokumente	8	—
10	Vertraging in die Voortsetting van 'n Aksie	59	—
11	Toestemming tot Vonnis	15	—
12	Vonnis by Verstek	16	—
13	Kennisgewing van Voorneme om te Verdedig	14	—
14	Summiere Vonnis	21	—
15–16	Verdere Besonderhede	17–18	—
17	Eksepsies en Aansoeke om Deurhaling	20	—
18	Geregtelike Inbetaling	19	—
19	Verweerskrif	22	—
20	Teenvorderings	13	44, 47
21	Antwoord	23	—
22	Terolleplasing vir Verhoor	27	—
23	Blootlegging van Dokumente	24	—
24	Mediese Ondersoeke, Ondersoek van Voorwerpe, Deskundige Getuienis en Aanbieding as Getuienis van 'n Plan, Tekening, Model of Foto	—	25

Rule No.	Table of Contents.	Previous Rule No.	Sec. No. of Act.
25	Pre-trial Procedure for Formulating Issues	25	54
26	Subpoenas, Interrogatories and Commissions *de bene esse*	26	51, 52, 53
27	Withdrawal, Dismissal and Settlement	29	—
28	Intervention of Persons in any Proceedings	57	—
29	Trial	28	—
30	Record of proceedings in Civil Matters	30	—
31	Adjournment and Postponement	54	—
32	Non-appearance of a Party—Withdrawal and Dismissal	55	—
33	Costs	49	48
34	Fees of the Messenger and the Clerk of Court	50	—
35	Review of Taxation	51	81
36	Process in Execution	34	62, 63
37	Second or Further Warrants or Garnishee Orders	—	—
38	Security by Judgment Creditor	35	—
39	General Provisions Regarding Execution	36	—
40	Execution against a Partnership	37	68 (6)
41–42	Execution against Movable Property	38–39	66, 67, 68
43	Execution against Immovable Property	40	66
44	Interpleader Claims	41	69
45	Enquiry into Financial Position of Judgment Debtor	42	65
46	Attachment of a Debt by Garnishee Order	43	72
47	Attachment of Emoluments by Garnishee Order	44	72
48	Administration Orders	45	74
49	Review of Judgments	46	36
50	Appeals and Transfers of Actions to Magistrates' Courts	52	—
51	Appeals in Civil Cases	47	84, 88
52	Representation of Parties	6	—
53	*Pro Deo* Applicants	7	—
54	Actions by and against partners, a person carrying on business in a name or style other than his own name, an unincorporated company, syndicate or association	11	—
55	Applications	31	—
56	Arrests *tanquam suspectus de fuga*, Interdicts, Attachments to Secure Claims and *mandamenten van spolie*	32	30
57	Attachment to Found or Confirm Jurisdiction	—	30 *bis*
58	Interest	33	—
59	Assessors	48	34
60	Non-compliance with Rules, including Time Limits and Errors	53	—
61	Records, Entries or Documents as Evidence in Civil Matters	56	—
62	Security for Costs by Plaintiff	58	—
63	Recovery of Small Debts	60	55–60
64	Procedure for Securing the Attendance of Witnesses in Criminal Cases	60 *bis*	—
65	Criminal Record Book	61	—
66	Records of Criminal Cases	62	—
67	Criminal Appeals	63	103
68	Oath of Office of Interpreter	—	—
69	Repeal of Rules	64	—

RULES OF COURT.

INDEX (ALPHABETICAL).

Subject.	New No.	Previous No.	Sec. No. of Act.
Action, Delay in Prosecution of	10	59	—
Actions, Transfer of and Appeals to Magistrates' Courts	50	52	—
Actions by and against Partners	54	11	—
Adjournment and Postponement	31	54	—
Administration Orders	48	45	74
Amendment of Summons	7	12	—
Appeals and Transfers of Actions to Magistrates' Courts	50	52	—
Appeals in Civil Cases	51	47	84, 88
Appeals in Criminal Cases	67	63	103
Appearance to Defend	13	14	—
Applications	55	31	—

Reël No.	Inhoudsopgawe.	Vorige reëlno.	Art.-no. van Wet.
25	Voorverhoorprosedure om Geskilpunte te Formuleer	25	54
26	Getuiedagvaardings, Vraagpunte en Getuienisnemende Kommissies	26	51, 52, 53
27	Terugtrekking, Afwysing en Skikking	29	—
28	Toetrede van Persone tot Enige Verrigtinge	57	—
29	Verhoor	28	—
30	Notule van Verrigtinge in Siviele Sake	30	—
31	Verdaging en Uitstel	54	—
32	Nie-verskyning van 'n Party—Terugtrekking en Afwysing	55	—
33	Koste	49	48
34	Geregsbode- en Klerk van die Hof-gelde	50	—
35	Hersiening van Taksasie	51	81
36	Tenuitvoerleggingsproses	34	62, 63
37	Tweede of Verdere Lasbriewe of Skuldbeslagorders	—	—
38	Sekerheidstelling deur Vonnisskuldeiser	35	—
39	Algemene Bepalings betreffende Tenuitvoerlegging	36	—
40	Tenuitvoerlegging teen 'n Vennootskap	37	68 (6)
41–42	Tenuitvoerlegging teen Roerende Goed	38–39	66, 67, 68
43	Tenuitvoerlegging teen Onroerende Goed	40	66
44	Tussenpleitvorderings	41	69
45	Ondersoek na die Finansiële Toestand van 'n Vonnisskuldenaar	42	65
46	Beslaglegging op 'n Skuld by Wyse van 'n Skuldbeslagorder	43	72
47	Beslaglegging op Besoldiging by Wyse van 'n Skuldbeslagorder	44	72
48	Administrasie-orders	45	74
49	Hersiening van Vonnisse	46	36
50	Appelle en Oorplasing van Aksies na Landdroshowe	52	—
51	Appelle in Siviele Sake	47	84, 88
52	Verteenwoordiging van Partye	6	—
53	*Pro Deo*-applikante	7	—
54	Aksies deur en teen Vennote, Iemand wat Handel Dryf onder 'n Ander Naam of Betiteling as sy Eie Naam, 'n Maatskappy of Sindikaat of Vereniging sonder Regspersoonlikheid	11	—
55	Aansoeke	31	—
56	Arres *tanquam suspectus de fuga*, Interdikte, Beslagleggings ter Versekering van Vorderings en mandamente van spolie	32	30
57	Inhegtenisneming of Beslaglegging om Jurisdiksie te Vestig of te Bevestig	—	30 *bis*
58	Rente	33	—
59	Assessore	48	34
60	Nie-nakoming van Reëls, met inbegrip van Tydbeperkings en Foute	53	—
61	Notules, Inskrywings of Dokumente as Getuienis in Siviele Aangeleenthede	56	—
62	Sekerheidstelling vir Koste deur Eiser	58	—
63	Invordering van Klein Skulde	60	55–60
64	Prosedure om die Bywoning van Getuies in in Strafsake te verkry	60 *bis*	—
65	Register van Strafsake	61	—
66	Notule in Strafsake	62	—
67	Strafappelle	63	103
68	Ampseed van Tolke	—	—
69	Herroeping van Reëls	64	—

HOFREËLS.

INHOUDSOPGAWE (ALFABETIES).

Onderwerp.	Nuwe No.	Vorige No.	Art.-no. van Wet.
Aansoeke	55	31	—
Aansoeke om Deurhaling, Eksepsies en	17	20	—
Administrasie-orders	48	45	74
Aksie, Vertraging in die Voortsetting van	10	59	—
Aksies, Oorplasing van en Appelle na Landdroshowe	50	—	—
Aksies deur en teen Vennote, en so meer	54	11	—
Algemeen	1	1	—
Algemene Bepalings betreffende Tenuitvoerlegging	39	36	—

Subject.	*New No.*	*Previous No.*	*Sec. No. of Act.*
Applications to Strike Out, Exceptions and	17	20	—
Arrests *tanquam suspectus de fuga*, Interdicts, Attachments to Secure Claims and *mandamenten van spolie*	56	32	30
Assessors	58	48	34
Attachments to Secure Claims, Arrests *tanquam suspectus de fuga*, interdicts and *mandamenten van spolie*	56	32	30
Attachment to Found or Confirm Jurisdiction	57	—	30 *bis*
Attachment of a Debt by Garnishee Order	46	43	72
Attachment of Emoluments by Garnishee Order	47	44	72
Claims, Interpleader	44	41	69
Claims, in Reconvention	20	13	44, 47
Clerk of the Court, General Duties of	3–4	4–5	—
Clerk of the Court, Fees	34	50	—
Commissions *de bene esse*, Subpoenas and Interrogatories	26	26	51, 52, 53
Costs	33	49	48
Criminal Record Book	65	61	—
Criminal Appeals	67	63	103
Criminal Cases, Records of	66	62	—
Definitions	2	2	—
Delay in the Prosecution of an Action	10	59	—
Discovery of Documents	23	24	—
Dismissal, Withdrawal and Settlement	27	29	—
Endorsement of Summons	6	10	—
Enquiry into Financial Position of Judgment Debtor	45	42	65
Exceptions and Applications to Strike Out	17	20	—
Execution against a Partnership	40	37	68 (6)
Execution against Movable Property	41–42	38–39	66, 67, 68
Execution against Immovable Property	43	40	66
Execution, General Provisions	39	36	—
Execution, Process in	36	34	62, 63
Fees of the Messenger and the Clerk of the Court	34	50	—
Further Particulars	15–16	17–18	—
Garnishee Orders, Second or Further	37	—	—
Garnishee Order, Attachment of a Debt by	46	43	72
Garnishee Order, Attachment of Emoluments by	47	44	72
General	1	1	—
General Duties of the Clerk of the Court in Civil Matters	3–4	4–5	—
General Provisions Regarding Execution	39	36	—
Inspection of Things, Medical Examinations, Export Testimony and Tendering in Evidence any Plan, Diagram, Model or Photograph	24	—	—
Interdicts, Arrests *tanquam suspectus de fuga*, Attachments to Secure Claims and *Mandamenten van spolie*	56	32	30
Interest	58	33	—
Interpleader Claims	44	41	69
Interpreter, Oath of Office	68	—	—
Interrogatories, Subpoenas and Commissions *de bene esse*	26	26	51, 52, 53
Intervention of Persons in any Proceedings	28	57	—
Judgment by Consent	11	15	—
Judgment by Default	12	16	—
Judgment, review of	49	46	36
Mandamenten van spolie, Arrests, Interdicts and Attachments	56	32	—
Medical Examinations, Inspection of Things, Expert Testimony and Tendering in Evidence any Plan, Diagram, Model or Photograph	24	—	25
Messenger of the Court	8	3	14, 17
Messenger of the Court, Fees	34	50	—
Non-appearance of a Party, Withdrawal and Dismissal	32	55	—
Non-compliance with Rules, including Time Limits and Errors	60	53	—
Oath of Office of Interpreter	68	—	—
Partners, Actions By and Against	54	11	—
Partnership, Execution against a	40	37	68 (6)
Payment into Court	18	19	—
Plea	19	22	—
Postponement and Adjournment	31	54	—

Onderwerp.	*Nuwe No.*	*Vorige No.*	*Art.-no. van Wet.*
Algemene Pligte van die Klerk van die Hof in Siviele Sake	3–4	4–5	—
Ampseed van Tolke	68	—	—
Antwoord	21	23	—
Appelle en Oorplasings van Aksies na Landdroshowe	50	52	—
Appelle in Siviele sake	51	47	84, 88
Appelle in Strafsake	67	63	103
Arres *tanquam suspectus de fuga*, Interdikte, Beslagleggings ter Versekering van Vorderings en mandamente van spolie	56	32	30
Assessore	59	48	34
Beslaglegging op 'n Skuld by Wyse van 'n Skuldbeslagorder	46	43	72
Beslaglegging op Besoldiging by wyse van 'n Skuldbeslagorder	47	44	72
Beslaglegging om Jurisdiksie te Vestig of te Bevestig	57	—	30 *bis*
Besonderhede, verdere	15–16	17–18	—
Betekening van Prosesstukke, Kennisgewings en Ander Dokumente	9	8	—
Blootlegging van dokumente	23	24	—
Dagvaarding waardeur 'n Aksie ingestel word	5	9	—
Dagvaarding, Endossering van	6	10	—
Eksepsies en Aansoeke om Deurhaling	17	20	—
Endossering van 'n dagvaarding	6	10	—
Geregsbode	8	3	14, 17
Geregsbode- en Klerk van die Hof-gelde	34	50	—
Geregtelike Inbetaling	18	19	—
Getuiedagvaardings, Vraagpunte en Getuienisnemende Kommissies	26	26	51, 52, 53
Herroeping van Reëls	69	64	—
Hersiening van Taksasie	35	51	81
Hersiening van Vonnisse	49	46	36
Inbetaling, Geregtelike	18	19	—
Inhegtenisneming of Beslaglegging om Jurisdiksie te Vestig of te Bevestig	57	—	30 *bis*
Invordering van Klein Skulde	63	60	55–60
Kennisgewing van Voorneme om te Verdedig	13	14	—
Klerk van die Hof, Algemene Pligte in Siviele Sake	3–4	4–5	—
Kommissies, Getuienisnemende, Getuiedagvaardings en Vraagpunte	26	26	51, 52, 53
Koste	33	49	48
Mediese Ondersoeke	24	—	25
Nie-nakoming van Reëls, met inbegrip van Tydbeperkings en Foute	60	53	—
Nie-verskyning van 'n Party—Terugtrekking en Afwysing	32	55	—
Notule, Inskrywings of Dokumente as Getuienis in Siviele Sake	61	56	—
Notule van Verrigtinge in Siviele Sake	30	30	—
Notule in Strafsake	66	62	—
Ondersoek van Voorwerpe	24	—	—
Ondersoek na die Finansiële Toestand van 'n Vonnisskuldenaar	45	42	65
Prosedure om die Bywoning van Getuies in Strafsake te Verseker	64	60 *bis*	—
Pro Deo-applikante	53	7	—
Register van Strafsake	65	61	—
Rente	58	33	—
Sekerheidstelling deur Vonnisskuldeiser	38	35	—
Sekuriteit vir Koste deur Eiser	62	58	—
Skuldbeslagorders, Tweede of Verdere	37	—	—
Strafappelle	67	63	103
Strafsake, Notule	66	62	—
Strafsake, Register van	65	61	—
Summiere Vonnis	14	21	—

Subject.	*New No.*	*Previous No.*	*Sec. No. of Act.*
Pre-trial Procedure for Formulating Issues.	25	25	54
Procedure for Securing the Attendance of Witnesses in Criminal Cases	64	60 *bis*	—
Process in Execution	36	34	62, 63
Pro Deo Applicants	53	7	—
Reconvention, Claims in	20	13	44
Records of Proceedings in Civil Matters	30	30	—
Records, Entries or Documents as Evidence in Civil Matters	61	56	—
Records of Criminal Cases	66	62	—
Recovery of Small Debts	63	60	55–60
Repeal of Rules	69	64	—
Reply	21	23	—
Representation of Parties	52	6	—
Review of Taxation	35	51	81
Review of Judgments	49	46	36
Rules, Repeal of	69	64	—
Second or Further Warrants or Garnishee Orders	37	—	—
Security by Judgment Creditor	38	35	—
Security for Costs by Plaintiff	62	58	—
Service of Process, Notices and Other Documents	9	8	—
Set-down of Trial	22	27	—
Settlement, Withdrawal and Dismissal	27	29	—
Small Debts, Recovery of	63	60	55–60
Subpoenas, Interrogatories and Commissions *de bene esse*	26	26	51, 52, 53
Summary Judgment	14	21	—
Summons, Amendment of	7	12	—
Summons Commencing Action	5	9	—
Summons, Endorsements of	6	10	—
Taxation, Review of	35	51	81
Trial	29	28	—
Warrants, Second or Further	37	—	—
Withdrawal, Dismissal and Settlement	27	29	—
Witnesses, Procedure for Securing Attendance in Criminal Cases	64	60 *bis*	—
Witnesses, Procedure for Securing Attendance in Civil Cases	26	26	51

RULE 1.

General.

1. (1) The provisions contained in rules 19, 21 and 23 to 26, inclusive, of these rules shall be applicable only if—

(*a*) the plaintiff has not applied for summary judgment; or

(*b*) the plaintiff has applied for summary judgment and the application has been dismissed or an order has been made giving the defendant leave to defend.

(2) (*a*) With the exception of forms 2, 3 and 52 which shall in all respects conform to the specimens, the forms contained in Annexure 1 may be used with such variation as circumstances require. Non-compliance with this rule shall not in itself be a ground for exception but in any court in which a machine has been installed for the purpose of facilitating the issue of summonses, the clerk of the court may refuse to issue any summons purporting to be in the form of forms 2, 3 or 52 which does not comply with the prescribed requirements.

(*b*) All process of the court for service or execution and all documents or copies to be filed of record shall be on paper known as A4 standard paper of a size of approximately 11·69 inches by 8·27 inches or on foolscap paper: Provided that after the expiration of a period of 12 months from the commencement of these rules such process or documents or copies shall be on such A4 standard paper only.

(*c*) Any process or notice or document issued or delivered shall be endorsed with the name and address of the party issuing or delivering it.

Onderwerp.	*Nuwe No.*	*Vorige No.*	*Art.-no. van Wet.*
Taksasie, Hersiening van	35	51	81
Teenvorderings	20	13	44, 47
Tenuitvoerleggingsproses	36	34	62, 63
Tenuitvoerlegging teen 'n Vennootskap	40	37	68 (6)
Tenuitvoerlegging teen Roerende Goed	41–42	38–39	66, 67, 68
Tenuitvoerlegging teen Onroerende Goed	43	40	66
Terolleplasing vir verhoor	22	27	—
Terugtrekking, Afwysing en Skikking	27	29	—
Toestemming tot Vonnis	11	15	—
Toetrede van Persone tot Enige Verrigtinge	28	57	—
Tolke, Ampseed	68	—	—
Tussenpleitvorderings	44	41	69
Tweede of Verdere Lasbriewe of Skuldbeslagorders	37	—	—
Vennote, Aksies deur en teen	54	11	—
Verhoor	29	28	—
Verdaging en uitstel	31	54	—
Verdere Besonderhede	15–16	17–18	—
Verteenwoordiging van Partye	52	6	—
Vertraging in die Voortsetting van 'n Aksie	10	59	—
Verweerskrif	19	22	—
Vonnisse, Hersiening van	49	46	36
Vonnis by Verstek	12	16	—
Vonnis, Toestemming tot	11	15	51
Voorverhoor-prosedure om Geskilpunte te Formuleer	25	25	54
Vraagpunte, Getuiedagvaardings en Getuienisnemende Kommissies	26	26	51, 52, 53
Woordomskrywing	2	2	—

REËL 1.

Algemeen.

1. (1) Die bepalings van reëls 19, 21 en 23 tot en met 26 van hierdie reëls is van toepassing slegs indien—

(*a*) die eiser nie om summiere vonnis aansoek gedoen het nie; of

(*b*) die eiser om summiere vonnis aansoek gedoen het en die aansoek afgewys is of 'n bevel gegee is waardeur aan die verweerder verlof verleen is om te verdedig.

(2) (*a*) Met die uitsondering van vorms 2, 3 en 52 wat in alle opsigte met die voorbeelde moet ooreenstem, kan die vorms wat in Bylae 1 vervat is, aangewend word met sodanige veranderings as wat omstandighede vereis. Nienakoming van hierdie reël vorm op sigself geen grond vir 'n eksepsie nie, maar in enige hof waar 'n masjien aangebring is om die uitreiking van dagvaardings te vergemaklik kan die klerk van die hof weier om enige dagvaarding wat voorgee met vorms 2, 3 of 52 ooreen te stem wat nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, uit te reik.

(*b*) Alle geregtelike prosesstukke wat beteken of ten uitvoer gelê moet word en alle dokumente of afskrifte wat by die stukke in die saak ingedien moet word, moet op papier bekend as A4-standaardpapier van 'n grootte van ongeveer 11·69 duim by 8·27 duim of op foliopapier wees: Met dien verstande dat na verstryking van 'n tydperk van 12 maande vanaf die inwerkingtreding van hierdie reëls sodanige prosesstukke of dokumente of afskrifte net op sodanige A4-standaardpapier moet wees.

(*c*) Enige prosesstuk of kennisgewing of dokument wat uitgereik of afgelewer word, moet met die naam en adres van die party wat dit uitreik of aflewer, geëndosseer word.

RULE 2.

Definitions.

2. (1) In these rules and in the forms annexed hereto, unless the context otherwise indicates—

(*a*) a word to which a meaning has been assigned in the Act shall bear that meaning; and

(*b*) "apply" means apply on motion and "application" has a corresponding meaning;

"attorney" includes a law agent instructed by a party to act on his behalf and legally entitled so to act;

"clerk of the court" means a clerk of the court appointed under section 13 of the Act and includes an assistant clerk of the court so appointed;

"company" means an incorporated or registered company;

"default judgment" means a judgment entered or given in the absence of the party against whom it is made;

"deliver" (except in rule 9) means to file with the clerk of the court and serve a copy on the opposite party and "delivery" and "delivered" and "delivering" have a corresponding meaning;

"give security" means to give security to the satisfaction of the clerk of the court either by payment into court of the amount determined by him or by the giving of a security bond therefor either by the party with someone as his surety or by two or more other persons;

"messenger" means a messenger of the court appointed under section 14 of the Act and includes a deputy messenger of the court so appointed;

"money" includes all coined money, whether or not current in the Republic, and all banknotes, bank-drafts, cheques, orders, warrants, or authorities for the payment of money;

"notice" means notice in writing;

"pending case" means a case in which summons has been issued and which has not been withdrawn, discontinued or dismissed and in which judgment has not been entered or given;

"plaintiff", "defendant", "applicant", "respondent" and "party" include the attorney or counsel appearing for any such party and the officer of any local authority nominated by it for the purpose;

"property" includes everything animate or inanimate, corporeal or incorporeal, movable or immovable, capable of being the subject of ownership;

"the Act" means the Magistrates' Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944);

"valuable security" includes any document which is the property of any person and which is the evidence of the ownership of any property or of the right to recover or receive any property.

(2) Where anything is required by these rules to be done within a particular number of days or hours, a Saturday, Sunday or public holiday shall not be reckoned as part of such period.

(3) All distances shall be calculated over the shortest route reasonably available in the circumstances.

REËL 2.

Woordomskrywing.

2. (1) In hierdie reëls en in die bygaande vorms, tensy uit die samehang anders blyk—

(*a*) het 'n woord waaraan 'n betekenis in die Wet verleen is, daardie betekenis; en beteken—

(*b*) „aansoek doen" aansoek doen by wyse van mosie en „aansoek" het 'n ooreenstemmende betekenis;

„aflewer" (behalwe in reël 9) om by die klerk van die hof in te dien en 'n afskrif aan die teenparty te beteken en „afgelewer" en „af te lewer" en „aflewering" het 'n ooreenstemmende betekenis;

„die Wet" die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944);

„Eiser", „verweerder", „applikant", „respondent" en „party" ook die prokureur of advokaat wat namens sodanige party verskyn asook die beampte van enige plaaslike bestuur wat deur sodanige bestuur vir dié doel benoem is;

„geld" ook alle gemunte geld of dit in die Republiek in omloop is of nie, asook alle banknote, bankwissels, tjeks, orders, betalingsmandate of magtigings tot die betaling van geld;

„geldwaardige sekerheid" ook enige stuk wat die eiendom is van iemand en wat dien as bewys van die eiendomsreg op enige goed of van die reg om enige goed te verhaal of te ontvang;

„geregsbode" 'n geregsbode aangestel kragtens artikel 14 van die Wet en sluit 'n adjunk-geregsbode aldus aangestel, in;

„goedere" en „goed" ook alles lewend of lewensloos, liggaamlik of onliggaamlik, roerend of onroerend, wat die voorwerp van eiendomsreg kan wees;

„hangende saak" 'n saak waarin 'n dagvaarding uitgereik is en wat nie teruggetrek, gestaak of afgewys is nie en waarin vonnis nog nie aangeteken of gegee is nie;

„kennisgewing" 'n skriftelike kennisgewing;

„klerk van die hof" 'n klerk van die hof aangestel kragtens artikel 13 van die Wet en sluit 'n assistent-klerk van die hof aldus aangestel, in;

„maatskappy" 'n geïnkorporeerde of geregistreerde maatskappy;

„prokureur" ook 'n wetsagent wat deur 'n party opdrag gegee is om namens hom op te tree en wat wetlik geregtig is om aldus op te tree;

„sekerheid stel" om sekerheid tot tevredenheid van die klerk van die hof te stel deur óf die bedrag deur hom vasgestel by die hof in te betaal óf 'n borgakte daarvoor te gee hetsy deur die party met iemand as sy borg of deur twee of meer ander persone;

„vonnis by verstek" 'n vonnis wat in die afwesigheid van die party teen wie dit verleen is, aangeteken of gegee is.

(2) Wanneer hierdie reëls vereis dat enigiets binne 'n bepaalde aantal dae of ure gedoen moet word, word 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag nie by sodanige tydperk ingereken nie.

(3) Alle afstande word volgens die kortste roete wat in die omstandighede redelik beskikbaar is, bereken.

RULES 3-4.

General Duties of the Clerk of the Court in Civil Matters.

3. (1) The summons or other first document filed in a case or any application not relating to a then pending case shall be numbered by the clerk of the court with a consecutive number for the year.

(2) Every document afterwards served or delivered in such case or application or in any subsequent case in continuation of any such application shall be marked with such number by the party delivering it and shall not be received by the clerk of the court until so marked.

(3) All documents delivered to the clerk of the court to be filed of record and any minutes made by the court shall be filed of record under the number of the respective action or application.

(4) Copies of such records may be made by any person in the presence of the clerk of the court.

4. (1) It shall also be the duty of the clerk of the court—

(*a*) to sign (manually or by machining a facsimile of his signature) and issue all such process of the court as may be sued by any person entitled thereto or, at the request of any party by whom process was sued out, to reissue such process after its return by the messenger;

(*b*) to notify the plaintiff forthwith in writing—

(i) of the defendant's consent to judgment before entry of appearance;

(ii) of a defective memorandum of entry of appearance entered by a defendant who is not represented by an attorney and in what respect such entry of appearance is defective;

(iii) of payment into court, before entry of appearance, of the amount claimed or any part thereof; and

(iv) of an application for a judgment by default having been refused;

(*c*) to write out upon the request of any party entitled thereto in terms of sections 55 and 58 of the Act and on payment of the following court fees, any process of the court or document which such party requests him to write out, namely—

(i) Summons, defence or counter-claim: 50c.

(ii) Subpoena, warrant of execution or other process or document: 10c.

The above fees shall be for the clerk of the court's services and in addition to the fees laid down in Table E of Annexure 2;

(*d*) to note on a certified copy of a judgment at the request of the party to whom such copy is issued—

(i) particulars of any other judgment by the court in that case; and

(ii) any costs incurred after judgment and payable by the judgment debtor.

REËLS 3-4.

Algemene Pligte van die Klerk van die Hof in Siviele Sake.

3. (1) Die dagvaarding of ander eerste dokument wat in 'n saak ingedien word of enige aansoek wat nie betrekking het op 'n saak wat dan hangend is nie, word deur die klerk van die hof met 'n volgnommer vir die jaar genommer.

(2) Elke dokument wat daarna in sodanige saak of aansoek of in 'n daaropvolgende saak ter voortsetting van 'n sodanige aansoek beteken of afgelewer word, word deur die party wat dit aflewer met sodanige nommer genommer en word nie deur die klerk van die hof ontvang voordat dit aldus genommer is nie.

(3) Alle dokumente wat aan die klerk van die hof afgelewer word om geliasseer te word en enige notule van die hof word onder die nommer van die besondere aksie of aansoek geliasseer.

(4) Afskrifte van sodanige stukke kan deur enige persoon in die teenwoordigheid van die klerk van die hof gemaak word.

4. (1) Dit is ook die plig van die klerk van die hof—

(*a*) om alle geregtelike prosesstukke wat deur iemand wat daartoe geregtig is, uitgeneem word, te onderteken (met die hand of deur 'n faksimilee van sy handtekening met 'n masjien daarop aan te bring) en uit te reik of, om op versoek van 'n party deur wie 'n prosesstuk uitgeneem was, sodanige prosesstuk weer uit te reik nadat dit deur die regsbode terugbesorg is;

(*b*) om die eiser onverwyld skriftelik in kennis te stel—

(i) van die verweerder se toestemming tot vonnis voor die kennisgewing van voorneme om te verdedig;

(ii) van 'n gebrekkige kennisgewing van voorneme om te verdedig wat deur 'n verweerder wat nie deur 'n prokureur verteenwoordig word nie, ingedien is en in watter opsig sodanige kennisgewing van voorneme om te verdedig gebrekkig is;

(iii) van 'n geregtelike inbetaling, voor die indiening van 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig, van die bedrag of enige gedeelte daarvan wat gevorder word;

(iv) van die afwysing van 'n aansoek om vonnis by verstek;

(*c*) om op versoek van 'n party wat kragtens artikels 55 en 58 van die Wet daartoe geregtig is enige prosesstuk of dokument uit te skryf wat sodanige party hom versoek om uit te skryf by betaling van die volgende hofgelde:—

(i) Dagvaarding, verweerskrif of teenvordering: 50c.

(ii) Getuiedagvaarding, lasbrief vir eksekusie of ander prosesstuk of dokument: 10c.

Bogenoemde gelde is vir die klerk van die hof se dienste en is betaalbaar benewens die gelde in Tabel E van Bylae 2 voorgeskryf;

(*d*) om op 'n gewaarmerkte afskrif van 'n vonnis op versoek van die party aan wie sodanige gewaarmerkte afskrif uitgereik word die volgende aan te teken:—

(i) Besonderhede van enige ander vonnis van die hof in daardie saak; en

(ii) enige koste wat na die vonnis aangegaan en deur die vonnisskuldenaar betaalbaar is.

(2) Any act or notice to be performed or signed by the clerk of the court in terms of these rules may be performed or signed by a judicial officer, except that no judicial officer shall write out any affidavit, pleading or process for any party or tax any bill of costs.

(3) When a court imposes upon a person any fine such person shall forthwith pay such fine to the clerk of the court.

RULE 5.

Summons Commencing Action.

5. (1) The process of the court for commencing an action shall be by summons calling upon the defendant to enter an appearance to defend the action within a stated time after service (which shall not be less than 3 days, plus one additional day for each 10 miles' distance of the place of service from the court-house, but which shall not exceed 21 days in all) to answer the claim of the plaintiff and warning the defendant of the consequences of failure to do so.

(2) The summons shall be signed by the clerk of the court and shall bear the date of issue by him.

(3) The summons, including the forms and notice referred to in rule 6 (1) (*a*) (i), (ii) and (iii), shall be in printed form.

(4) For purposes of this rule the said summons, forms and notice shall not be regarded as being in printed form if any substantial part of those portions thereof which have been prescribed by rule of court have been reproduced by handwriting, duplicated typing or duplicated by the wax stencil method or printed by the office off-set or direct lithographic method, unless the master stencil or plate is an electronic or photographic copy of the type-set original. Forms so reproduced shall be on white paper suitable for handwriting in ink.

RULE 6.

Endorsement of a Summons.

6. (1) (*a*) The summons shall before issue be endorsed with particulars of the claim and shall include—

(i) a form of consent to judgment;

(ii) a form of appearance to defend; and

(iii) a notice drawing the defendant's attention to the provisions of section 109 of the Act.

(*b*) The notice referred to in paragraph (*a*) (iii) shall be printed in bold type.

(2) (*a*) The endorsement shall be signed by the plaintiff.

(*b*) The full address where the plaintiff will accept service of process, notices or documents and also the postal address of the person signing the endorsement shall be given in the summons.

(*c*) Except in places where there are fewer than 3 attorneys or firms of attorneys practising independently of one another, the address where the plaintiff will accept service of process, notices or documents shall be not more than 5 miles distant from the court-house.

(*d*) The address given for service shall not be that of the clerk of the court or the messenger unless the office of the State Attorney or any branch thereof is given as the address of the person signing the endorsement.

(2) 'n Handeling of kennisgewing wat ingevolge hierdie reëls deur die klerk van die hof verrig of onderteken moet word, kan deur 'n regterlike amptenaar verrig of onderteken word, behalwe dat geen regterlike amptenaar 'n beëdigde verklaring, pleitstuk of prosesstuk vir 'n party mag uitskryf of 'n kosterekening mag takseer nie.

(3) Wanneer die hof iemand 'n boete oplê, betaal daardie persoon sodanige boete onverwyld aan die klerk van die hof.

REËL 5.

Dagvaarding Waardeur 'n Aksie Ingestel Word.

5. (1) Die geregtelike prosesstuk waardeur 'n aksie ingestel word, is 'n dagvaarding waarin die verweerder versoek word om binne 'n bepaalde tyd na betekening (wat minstens 3 dae plus 'n addisionele dag vir elke 10 myl wat die plek van betekening van die hofgebou verwyder is, 21 dae nie te bowe gaande nie moet wees), kennis te gee van sy voorneme om die aksie te verdedig ten einde te antwoord op die eiser se vordering en waarin die verweerder gewaarsku word teen die gevolge van 'n versuim om aan die versoek te voldoen.

(2) Die dagvaarding word deur die klerk van die hof onderteken en dui die datum aan waarop dit deur hom uitgereik is.

(3) Die dagvaarding, met inbegrip van die kennisgewing in reël 6 (1) (*a*) (i), (ii) en (iii) genoem, moet in gedrukte vorm wees.

(4) By die toepassing van hierdie reël word die voornoemde dagvaarding en kennisgewings nie geag in gedrukte vorm te wees nie indien enige wesenlike deel van daardie gedeeltes daarvan wat by hofreël voorgeskryf is, weergegee word deur handskrif, gedupliseerde tikskrif, of deur duplisering volgens die wassjabloonmetode, of gedruk word deur die kantoorafset- of direkte litografiese metode, tensy die moedersjabloon of -plaat 'n elektroniese of fotografiese afdruk van die gedrukte oorspronklike is. Vorms wat op hierdie wyse gereproduseer word, moet op wit papier wees wat vir handskrif met ink geskik is.

REËL 6.

Endossering van 'n Dagvaarding.

6. (1) (*a*) 'n Dagvaarding word voor uitreiking geëndosseer met besonderhede van die vordering en bevat—

(i) 'n kennisgewing van toestemming tot vonnis;

(ii) 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig; en

(iii) 'n kennisgewing waarin die verweerder se aandag op die bepalings van artikel 109 van die Wet gevestig word.

(*b*) Die kennisgewing in paragraaf (*a*) (iii) genoem, word in vet letters gedruk.

(2) (*a*) Die endossement word deur die eiser onderteken.

(*b*) Die volledige adres waar die eiser betekening van prosesstukke, kennisgewings of dokumente sal aanvaar asook die posadres van die persoon wat die endossement onderteken, word in die dagvaarding aangegee.

(*c*) Behalwe op plekke waar daar minder as 3 prokureurs of prokureursfirmas is wat onafhanklik van mekaar praktiseer, moet die adres waar die eiser betekening van prosesstukke, kennisgewings of dokumente sal aanvaar nie meer as 5 myl van die hofgebou verwyder wees nie.

(*d*) Die adres wat vir betekening aangegee word, moet nie dié van die klerk van die hof of die geregsbode wees nie, tensy die kantoor van die Staatsprokureur of enige tak daarvan as die adres van die persoon wat die endossement onderteken, aangegee word.

(3) (*a*) The particulars of claim shall show the nature and amount of the claim, the rate of interest and the amount thereof claimed up to the date of the summons, and, in addition hereto, the amount claimed for attorneys costs and court fees if the action is not defended.

(*b*) The particulars shall also show any abandonment of part of the claim under section 38 of the Act and any set-off under section 39 of the Act.

(*c*) Where the summons contains more than one claim, the particulars of each claim and the relief sought in respect of each claim shall be stated separately.

(*d*) Where the particulars contain more than 100 words, they may be contained in an annexure which shall form part of the summons.

(4) The clerk of the court may refuse to issue a summons in which an excessive amount is claimed for attorney's costs or court fees.

(5) The summons shall also—

(*a*) show the surname of the defendant by which he is known to the plaintiff, the defendant's sex and residence or place of business, and, where known, his first name or initials and his occupation; and, if defendant is sued in a representative capacity, the capacity in which he is so sued;

(*b*) show the first name, surname, sex, occupation and the residence or place of business of the plaintiff;

(*c*) where the plaintiff sues as cessionary, show the name, address and description of the cedent at the date of the cession, and the date of the cession;

(*d*) where the plaintiff sues in a representative capacity, state the capacity in which he sues;

(*e*) where the plaintiff sues upon an instrument presentment whereof was necessary, state the fact and date of presentment;

(*f*) where the defendant is cited under the jurisdiction conferred upon the court by section 28 (1) (*d*) of the Act, contain an averment that the whole cause of action arose within the district but need set out no further particulars in support of such averment: Provided that the defendant may in terms of rule 16 require the delivery of such particulars;

(*g*) where the defendant is cited under the jurisdiction conferred upon the court by section 28 (1) (*g*) of the Act, contain an averment that the property concerned is situate within the district.

(6) More claims than one may be made in a summons either alternatively or otherwise, but claims which are not expressed to be alternative shall not be mutually inconsistent, nor based on inconsistent averments of fact.

RULE 7.

Amendment of Summons.

7. (1) Subject to the provisions of this rule, a summons may before service be amended by the plaintiff as he may think fit.

(2) Any alteration or amendment of a summons before service and whether before or after issue, shall, before the summons is served, be initialed by the clerk of the court in the original summons, and, until so initialed, such alterations and amendments shall have no effect.

(3) (*a*) Die besonderhede van die vordering moet die aard en bedrag van die vordering, die rentekoers en die bedrag daarvan wat tot die datum van die dagvaarding gevorder word, aantoon en, bykomend hiertoe, die bedrag wat as prokureurskoste en hofgelde gevorder word indien die aksie nie verdedig word nie.

(*b*) Die besonderhede moet ook enige afstanddoening van 'n gedeelte van die vordering kragtens artikel 38 van die Wet en enige skuldvergelyking kragtens artikel 39 van die Wet aantoon.

(*c*) Wanneer die dagvaarding meer as een vordering bevat, moet die besonderhede van elke vordering en die regshulp wat ten opsigte van elke vordering verlang word, afsonderlik vermeld word.

(*d*) Wanneer die besonderhede meer as 100 woorde bevat, kan dit in 'n Bylae, wat deel van die dagvaarding uitmaak, vervat word.

(4) Die klerk van die hof kan weier om 'n dagvaarding waarin 'n buitensporige bedrag ten opsigte van prokureurskoste of hofgelde gevorder word, uit te reik.

(5) Die dagvaarding vermeld ook—

(*a*) die familienaam van die verweerder waaronder hy aan die eiser bekend is, die verweerder se geslag en woon- of besigheidsplek, en, indien bekend, sy voornaam of voorletters en sy beroep; en, indien verweerder in 'n verteenwoordigende hoedanigheid gedagvaar word, die hoedanigheid waarin hy aldus gedagvaar word;

(*b*) die voornaam, familienaam, geslag, beroep en die woon- of besigheidsplek van die eiser;

(*c*) waar die eiser as sessionaris dagvaar, die naam, adres en beskrywing van die sedent op die datum van die sessie en die datum van die sessie;

(*d*) waar die eiser in 'n verteenwoordigende hoedanigheid dagvaar, die hoedanigheid waarin hy dagvaar;

(*e*) waar die eiser dagvaar op 'n stuk waarvan aanbieding nodig was, die feit dat so 'n stuk aangebied is en die datum van aanbieding;

(*f*) waar die verweerder gedagvaar word kragtens die regsbevoegdheid wat by artikel 28 (1) (*d*) van die Wet aan die hof verleen word, dat die skuldoorsaak geheel en al binne die distrik ontstaan het, maar hoef geen verdere besonderhede ter stawing van so 'n bewering aan te gee nie: Met dien verstande dat die verweerder op die wyse in reël 16 voorgeskryf, aflewering van sodanige besonderhede kan vereis;

(*g*) waar die verweerder gedagvaar word kragtens die regsbevoegdheid wat by artikel 28 (1) (*g*) van die Wet aan die hof verleen word, dat die betrokke eiendom binne die distrik geleë is.

(6) Meer as een vordering kan in 'n dagvaarding, hetsy in die alternatief of andersins, gedoen word, maar vorderings wat nie in die alternatief gestel word nie moet nie onbestaanbaar met mekaar wees nie en ook nie op teenstrydige feitlike bewerings berus nie.

REËL 7.

Wysiging van 'n Dagvaarding.

7. (1) Behoudens die bepalings van hierdie reël, kan 'n dagvaarding voor betekening na goeddunke deur die eiser gewysig word.

(2) Enige verandering of wysiging van 'n dagvaarding voor betekening, hetsy voor of nadat dit uitgereik is, moet voor betekening daarvan, deur die klerk van die hof in die oorspronklike daarvan geparafeer word en totdat dit aldus geparafeer is, is sodanige veranderings en wysigings nul en van gener waarde.

(3) (*a*) A summons may after service be amended with the leave of the court either on application on notice or at the hearing subject to such order as to adjournment and costs as shall be just.

(*b*) The court shall take into consideration whether adequate prior notice of intention to apply for such amendment has been served upon the other party.

(*c*) When no first name or initial or an incorrect or incorrectly spelt first name is or not all the first names of the defendant are reflected in the summons and the first name or initial or the correct or correctly spelt first name of the defendant is or all first names of the defendant are furnished by the person on whom service of the summons was effected and such first name or initial or correct or correctly spelt first name is disclosed in the return of the messenger or all the first names of the defendant are so disclosed the clerk of the court may, notwithstanding the provisions of paragraph (*a*), at the request of the plaintiff and without notice to the defendant insert such name or initial in the summons as being the name or initial of the defendant and such amendment shall for all purposes be considered as if it had been made before service of the summons.

RULE 8.

Messenger of the Court.

8. (1) (*a*) Every messenger who is not an officer of the Public Service or a deputy messenger of the court appointed under section 14 (2) of the Act shall give security to the satisfaction of the magistrate of the district for the due fulfilment of the duties of his office, including the due and punctual payment by him to the parties entitled thereto of all moneys which shall come into his hands by virtue of his office;

(*b*) Except in the case of suretyship by an insurance company, such security shall be given by means of at least 2 sureties other than legal practitioners or persons in the employ of legal practitioners in accordance with the following scale:—

Where the civil cases recorded during the preceding calendar year numbered—

1 to 50	R200
51 to 100	R400
101 to 200	R500
201 to 300	R700
301 to 500	R1,000
501 to 1,000	R1,500
1,001 to 2,000	R2,000
Over 2,000	R3,000

(2) Except as otherwise provided in these rules, the process of the court shall be served or executed, as the case may be, through the messenger.

(3) Service or execution of process of the court shall be effected without any avoidable delay, and the messenger shall, in any case where resistance to the due service or execution of the process of the court has been met with or is reasonably anticipated, have power to call upon any member of the Force as defined in section 1 of the Police Act, 1958 (Act No. 7 of 1958) to render him aid.

(4) The messenger to whom process is entrusted for service or execution shall in writing notify—

(*a*) the clerk of the court and the party who sued out the process that service or execution has been duly effected, stating the date and manner of service or the result of execution and return the said process to the clerk of the court; or

(3) (*a*) 'n Dagvaarding kan na betekening op aansoek na kennisgewing of by die verhoor met vergunning van die hof gewysig word behoudens sodanige bevel met betrekking tot verdaging en koste as wat billik is.

(*b*) Die hof neem in aanmerking of voldoende voorafgaande kennisgewing van voorneme om om sodanige wysiging aansoek te doen aan die ander party beteken is.

(*c*) Wanneer nòg die voornaam nòg die voorletter of 'n onjuiste of onjuis gespelde voornaam of nie al die voorname van die verweerder in 'n dagvaarding aangetoon word nie en die voornaam of voorletter of die juiste of juis gespelde voornaam of al die voorname van die verweerder verstrek word deur die persoon aan wie die dagvaarding beteken was en sodanige voornaam of voorletter of juiste of juis gespelde voornaam of al die voorname van die verweerder in die relaas van die geregsbode bekendgemaak word, kan die klerk van die hof, nieteenstaande die bepalings van paragraaf (*a*), op versoek van die eiser en sonder kennisgewing aan die verweerder sodanige naam of voorletter in die dagvaarding invoeg asof dit die naam of voorletter van die verweerder is en sodanige wysiging word vir alle doeleindes geag voor betekening van die dagvaarding aangebring te gewees het.

REËL 8.

Geregsbode.

8. (1) (*a*) Elke geregsbode wat nie 'n amptenaar in die Staatsdiens of 'n adjunk-geregsbode kragtens artikel 14 (2) van die Wet aangestel is nie moet tot tevredenheid van die landdros van die distrik sekerheid stel vir die behoorlike vervulling van sy ampspligte, met inbegrip van die behoorlike en stipte betaling deur hom aan die partye wat daartoe geregtig is van alle gelde wat hy ampshalwe ontvang.

(*b*) Sodanige sekerheid word (uitgesonderd in die geval van sekerheidstelling deur 'n assuransiemaatskappy) by wyse van ten minste 2 ander borge as regspraktisyns of persone in diens van regspraktisyns ooreenkomstig die volgende skaal gestel:—

Waar die siviele sake wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar aangeteken is—

1 tot 50 beloop het	R200
51 tot 100 beloop het	R400
101 tot 200 beloop het	R500
201 tot 300 beloop het	R700
301 tot 500 beloop het	R1,000
501 tot 1,000 beloop het	R1,500
1,001 tot 2,000 beloop het	R2,000
meer as 2,000 beloop het	R3,000

(2) Tensy hierdie reëls anders bepaal, word geregtelike prosesstukke deur die geregsbode beteken of ten uitvoer gelê, na gelang van die geval.

(3) Geregtelike prosesstukke word sonder afweerbare vertraging beteken of ten uitvoer gelê en in enige geval waar weerstand teen die behoorlike betekening of tenuitvoerlegging van geregtelike prosesstukke ondervind is of redelikerwys verwag word, is die geregsbode bevoeg om op enige lid van die Mag soos in artikel 1 van die Polisiewet, 1958 (Wet No. 7 van 1958), omskryf, 'n beroep te doen om aan hom hulp te verleen.

(4) Die geregsbode aan wie prosesstukke vir betekening of tenuitvoerlegging toevertrou word, moet skriftelik—

(*a*) die klerk van die hof en die party wat die prosesstuk uitgeneem het, in kennis stel dat betekening of tenuitvoerlegging behoorlik uitgevoer is, met vermelding van die datum en wyse van betekening of die uitslag van die tenuitvoerlegging en die genoemde prosesstuk aan die klerk van die hof terugbesorg; of

(*b*) the party who sued out the process that he has been unable to effect service or execution, and of the reason for such inability, and return the said process to such party. The messenger shall keep a record of any process so returned.

(5) In any court for which an officer of the Public Service has been appointed messenger, the return of any process shall be deemed to have been properly effected if the said process is placed in a receptacle specially set apart for the attorney of that party in the office of the said messenger.

(6) After service or attempted service of any process, notice or document the messenger, other than a messenger who is an officer of the Public Service, shall endorse on the original and all copies the amount of his charges.

(7) The Secretary for Justice shall by notice in the *Gazette* publish the name of every court for which a messenger who is an officer of the Public Service has been appointed.

RULE 9.

Service of Process, Notices and other Documents.

9. (1) A party requiring service of any process, notice or other document to be made by the messenger shall deliver to him the original of such process, notice or document, together with as many copies thereof as there are persons to be served.

(2) (*a*) Except as provided in paragraph (*b*) or in the case of service by post or upon order of the court, process, notices or other documents shall not be served on a Sunday or public holiday.

(*b*) An interdict, a warrant of arrest, a warrant of committal and a warrant of attachment of person or property under section 30 *bis* of the Act may be executed on any day at any hour and at any place.

(3) All process shall, subject to the provisions of this rule, be served upon the person affected thereby by delivery of a copy thereof in one or other of the following manners:—

(*a*) To the said person personally or to his duly authorised agent;

(*b*) at his residence or place of business to some person apparently not less than 16 years of age and apparently residing or employed there;

"residence" for the purpose of this paragraph, when a building is occupied by more than one person or family, means that portion of the building occupied by the defendant;

(*c*) at his place of employment to some person apparently not less than 16 years of age and apparently in authority over him or, in the absence of such person in authority, to a person apparently not less than 16 years of age and apparently in charge at his place of employment;

(*d*) if the person to be served has chosen a *domicilium citandi* at the *domicilium* so chosen;

(*e*) in the case of a body corporate at its local office within the area of jurisdiction of the court concerned or in any other manner specially provided by law;

(*b*) die party wat die prosesstuk uitgeneem het in kennis stel dat hy nie betekening of tenuitvoerlegging kon uitvoer nie en die rede daarvoor vermeld en moet die betrokke prosesstuk aan sodanige party terugbesorg. Die geregsbode hou 'n rekord van enige prosesstuk op hierdie wyse terugbesorg.

(5) In enige hof waarvoor 'n amptenaar van die Staatsdiens as geregsbode aangestel is, word terugbesorging van 'n prosesstuk geag behoorlik te geskied het indien die genoemde prosesstuk in 'n houer wat spesiaal vir die prokureur van daardie party in die kantoor van genoemde geregsbode afgesonder is, geplaas word.

(6) Na betekening of gepoogde betekening van enige prosesstuk, kennisgewing of dokument teken die geregsbode, uitgesonderd 'n geregsbode wat 'n amptenaar van die Staatsdiens is, die bedrag van sy vorderings op die oorspronklike en alle afskrifte aan.

(7) Die Sekretaris van Justisie publiseer by kennisgewing in die *Staatskoerant* die naam van elke hof waarvoor 'n geregsbode wat 'n amptenaar van die Staatsdiens is, aangestel is.

REËL 9.

Betekening van Prosesstukke, Kennisgewings en Ander Dokumente.

9. (1) 'n Party wat die betekening van enige prosesstuk, kennisgewing of ander dokument deur die geregsbode verlang, lewer aan hom die oorspronklike van sodanige prosesstuk, kennisgewing of dokument tesame met soveel afskrifte daarvan as wat daar persone is aan wie dit beteken moet word.

(2) (*a*) Behalwe soos in paragraaf (*b*) bepaal of in die geval van betekening per pos of op bevel van die hof, word prosesstukke, kennisgewings of ander dokumente nie op 'n Sondag of 'n openbare feesdag beteken nie.

(*b*) 'n Interdik, 'n lasbrief vir arres, 'n lasbrief vir gevangesetting en 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die persoon of vir beslaglegging op eiendom kragtens artikel 30 *bis* van die Wet kan op enige dag, te eniger tyd en op enige plek uitgevoer word.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie reël, word alle prosesstukke aan die betrokke persoon beteken deur 'n afskrif daarvan op een of ander van die volgende wyses af te lewer:—

(*a*) Aan die betrokke persoon self of aan sy gevolmagtigde;

(*b*) by sy woon- of besigheidsplek aan iemand wat oënskynlik nie jonger as 16 jaar is nie en oënskynlik daar woon of in diens is;

„woonplek" vir doeleindes van hierdie paragraaf beteken wanneer 'n gebou deur meer as een persoon of gesin bewoon word, daardie gedeelte van die gebou wat deur die verweerder bewoon word;

(*c*) by sy werkplek aan iemand wat oënskynlik nie jonger as 16 jaar is nie en wat oënskynlik in 'n gesagsposisie oor hom is of, in die afwesigheid van sodanige persoon in 'n gesagsposisie, aan 'n persoon wat oënskynlik nie jonger as 16 jaar is nie en wat oënskynlik in beheer is by sy werkplek;

(*d*) indien die persoon aan wie beteken moet word 'n *domicilium citandi* gekies het, by die aldus aangeduide *domicilium;*

(*e*) in die geval van 'n regspersoon, by sy plaaslike kantoor binne die regsgebied van die betrokke hof of op enige ander wyse wat regtens geoorloof is;

(*f*) if the plaintiff or his authorised agent has given written instructions to the messenger to serve by registered post, the process shall be so served:

Provided that where such service has been effected in the manner prescribed by paragraphs (*b*), (*c*) or (*f*) the court or clerk of the court, as the case may be, may, if there is reason to doubt whether the process served has come to the actual knowledge of the person to be served, and in the absence of satisfactory evidence, treat such service as invalid.

(4) The messenger shall, on demand by the person upon or against whom process is served, exhibit to him the original of the process except where service has been effected by post in which case the original may be inspected where it is filed of record.

(5) Where the person to be served keeps his residence or place of business closed and thus prevents the messenger from serving the process, it shall be sufficient service to affix a copy thereof to the outer or principal door of such residence or place of business.

(6) Where the messenger is unable after diligent search to find at the residence or *domicilium citandi* of the person to be served either that person or such person as is described in subrule (3) (*b*) it shall be sufficient service to affix a copy of the process to the outer or principal door of such residence or to leave a copy of the process at such *domicilium*.

(7) Where the relief claimed in any action is limited to an order for ejectment from certain premises or land or a judgment for the rent thereof and for the costs of such proceedings and it is not possible to effect service in the manner prescribed in subrule (3), service of process may be effected by affixing a copy thereof to the outer or principal door of such premises or on some other conspicuous part of the premises or land in question.

(8) Service of an interpleader summons where claim is made to any property attached under process of the court may be made upon the attorney of record (if any) of the party to be served.

(9) Where two or more persons are to be served with the same process, service shall be effected upon each, except—

(*a*) in the case of a partnership, when service may be effected by delivery at the office or place of business of such partnership, or if there be none such, then by service on any member of such partnership in any manner hereinbefore prescribed;

(*b*) in the case of two or more persons sued in their capacity as trustees of an insolvent estate, liquidators of a company, executors, curators or guardians, when service may be effected by delivery to any one of them in any manner hereinbefore prescribed;

(*c*) in the case of a syndicate, unincorporated company, club, society, church, public institution or public body, when service may be effected by delivery at the local office or place of business of such body or, if there be none such, by service on the chairman or secretary or similar officer thereof in any manner hereinbefore prescribed.

(*f*) indien die eiser of sy gevolmagtigde die geregsbode skriftelik opdrag gegee het om per aangetekende pos te beteken, word die prosesstuk aldus beteken:

Met dien verstande dat waar betekening op die wyse by paragrawe (*b*), (*c*) of (*f*) voorgeskryf, geskied het, die hof of die klerk van die hof, na gelang van die geval, indien daar rede is om te twyfel of die prosesstuk wat beteken is tot die kennis van die persoon aan wie beteken moes word, gekom het en by ontstentenis van bevredigende bewys, sodanige betekening as ongeldig kan beskou.

(4) Op aanvraag van die persoon aan of teen wie 'n prosesstuk beteken word, moet die geregsbode aan hom die oorspronklike van die prosesstuk toon, behalwe waar betekening deur middel van die pos geskied het, in welke geval die oorspronklike by die plek waar dit by die stukke van die saak geliasseer is, ingesien kan word.

(5) Wanneer die persoon aan wie beteken moet word sy woon- of besigheidsplek gesluit hou en derhalwe die geregsbode verhinder om die prosesstuk te beteken, word dit as voldoende betekening geag indien 'n afskrif daarvan aan die buite- of hoofdeur van sodanige woon- of besigheidsplek aangebring word.

(6) Wanneer die geregsbode na ywerige deursoeking nie in staat is om by die woonplek of *domicilium citandi* van die persoon aan wie beteken moet word daardie persoon of die persoon in subreël (3) (*b*) bedoel te vind nie, word dit as voldoende betekening geag indien 'n afskrif van die prosesstuk aan die buite- of hoofdeur van sodanige woonplek aangebring word of 'n afskrif van die prosesstuk by sodanige *domicilium* gelaat word.

(7) Waar die regshulp wat in 'n aksie gevorder word, beperk is tot 'n bevel tot die uitsetting uit 'n sekere perseel of grond of 'n vonnis vir die huurgeld daarvan en vir die koste van sodanige verrigtinge, kan betekening van die prosesstuk, indien dit nie moontlik is om dit op die wyse in subreël (3) genoem te doen nie, geskied deur 'n afskrif daarvan aan die buite- of hoofdeur van sodanige perseel of op 'n ander in die ooglopende deel van die betrokke perseel of grond aan te bring.

(8) Wanneer aanspraak gemaak word op eiendom waarop kragtens 'n geregtelike prosesstuk beslag gelê is, kan 'n tussenpleitdagvaarding aan die prokureur in die saak (indien daar een is) van die party aan wie beteken moet word, beteken word.

(9) Waar dieselfde prosesstuk aan twee of meer persone beteken moet word, word elkeen beteken, behalwe—

(*a*) in die geval van 'n vennootskap, wanneer betekening kan geskied deur aflewering by die kantoor of besigheidsplek van sodanige vennootskap, of indien daar nie so 'n kantoor of besigheidsplek is nie, dan deur betekening aan enige lid van sodanige vennootskap op enige hierbo voorgeskrewe wyse;

(*b*) in die geval van twee of meer persone wat in hul hoedanigheid van kurators van 'n insolvente boedel, likwidateurs van 'n maatskappy, eksekuteurs, kurators of voogde gedagvaar word, wanneer betekening kan geskied deur aflewering aan enigeen van hulle op enige hierbo voorgeskrewe wyse;

(*c*) in die geval van 'n sindikaat, maatskappy sonder regspersoonlikheid, klub, vereniging, kerk, openbare inrigting of openbare liggaam, wanneer betekening kan geskied deur aflewering by die plaaslike kantoor of besigheidsplek van sodanige liggaam of, indien daar nie sodanige kantoor of besigheidsplek is nie, deur betekening aan die voorsitter of sekretaris of soortgelyke amptenaar daarvan op enigeen van die hierbo voorgeskrewe wyses.

(10) Service of a subpoena on a witness may be effected at a reasonable time before attendance is required in any manner hereinbefore prescribed but need not be effected through the messenger.

(11) (*a*) Service of any notice, request, statement or other document which is not process of the court may be effected by delivery by hand at the address for service given in the summons or appearance to defend (as the case may be) or by sending it by registered post to the postal address so given.

(*b*) An address for service or postal address so given may be changed by the delivery of notice of a new address and thereafter service may be effected as aforesaid at such new address.

(*c*) Service by registered post under this subrule shall, until the contrary appears, be deemed to have been effected at 10 o'clock in the forenoon on the next day but one after the postmarked date upon the receipt for registration.

(*d*) Service under this subrule need not be effected through the messenger.

(12) Where the court is satisfied that service cannot be effected in any manner hereinbefore prescribed and that the action is within its jurisdiction, it may make an order allowing service to be effected by the person and in the manner specified in such order.

(13) Where service of an *ex parte* order calling upon the respondent to show cause at a time stated or limited in the order or of an interpleader summons is to be effected upon any party, service of such *ex parte* order or interpleader summons shall be effected—

(*a*) in the case where the party to be so served is the State, at least 14 days; or

(*b*) in the case where any other party is to be so served, at least 3 days plus 1 additional day for each 10 miles' distance of the place of service from the courthouse (not exceeding 21 days in all),

before the time specified in such *ex parte* order or interpleader summons for the appearance of such party.

(14) Except where otherwise provided, notice of any application to the court shall be served—

(*a*) in the case where the party to be served is the State, at least 14 days; or

(*b*) in the case of any other party, at least 3 days,

before the day appointed for the hearing of the application, but the court may on cause shown reduce such period.

(15) (*a*) Unless otherwise provided, where service of process may be effected by registered post such service shall be effected by the messenger placing a copy thereof in an envelope, addressing and posting it by pre-paid registered letter to the address of the party to be served and making application at the time of registration for an acknowledgment by the addressee of the receipt thereof as provided in regulation 44 (5) of the regulations published under Government Notice No. R. 550 of 14 April 1960.

(*b*) A receipt form completed as provided in regulation 44 (8) of the said regulations shall be a sufficient acknowledgment of receipt for the purposes hereof.

(*c*) If no such acknowledgment be received the messenger shall state the fact in his return of service of the process.

(10) Betekening van 'n getuiedagvaarding aan 'n getuie kan binne 'n redelike tyd voordat bywoning van die hof vereis word op enige hierbo voorgeskrewe wyse geskied, maar hoef nie deur die geregsbode te geskied nie.

(11) (*a*) Betekening van enige kennisgewing, versoek, verklaring of ander dokument wat nie 'n geregtelike prosesstuk is nie, kan geskied deur aflewering per hand by die adres wat in die dagvaarding of die kennisgewing van voorneme om te verdedig (na gelang van die geval) vir betekening aangedui is of deur dit per aangetekende pos aan die posadres wat aldus aangegee is, te stuur.

(*b*) 'n Adres vir betekening of 'n posadres wat aldus aangegee is, kan gewysig word deur aflewering van 'n kennisgewing van 'n nuwe adres en daarna kan betekening op die voornoemde wyse by sodanige nuwe adres geskied.

(*c*) Tensy die teendeel blyk, word betekening per aangetekende pos kragtens hierdie subreël geag om om 10 uur voormiddag op die tweede dag na die datum van die posmerk op die registrasiebewys te geskied het.

(*d*) Betekening kragtens hierdie subreël hoef nie deur die geregsbode te geskied nie.

(12) Wanneer die hof oortuig is dat betekening nie op enige van die hierbo voorgeskrewe wyses kan geskied nie, en dat die aksie binne sy regsbevoegdheid is, kan hy 'n bevel gee waarvolgens betekening deur die persoon en op die wyse in die bevel vermeld, kan geskied.

(13) Wanneer die betekening van 'n bevel wat *ex parte* gegee is waarin die respondent versoek word om redes aan te voer op of binne 'n in die bevel vermelde of beperkte tyd of van 'n tussenpleitdagvaarding aan 'n party moet geskied, geskied betekening van sodanige *ex parte*-bevel of tussenpleitdagvaarding—

(*a*) in die geval waar die party aan wie aldus beteken moet word die Staat is, minstens 14 dae; of

(*b*) in die geval waar aan enige ander party aldus beteken moet word, minstens 3 dae plus 1 bykomende dag vir elke 10 myl wat die plek van betekening van die hofgebou verwyder is (altesaam 21 dae nie te bowe gaande nie),

voor die tyd in sodanige *ex parte*-bevel of tussenpleitdagvaarding vir die verskyning van sodanige party vermeld.

(14) Behalwe waar anders bepaal, word 'n kennisgewing van aansoek by die hof—

(*a*) in die geval waar die party aan wie beteken moet word die Staat is, ten minste 14 dae; of

(*b*) in die geval van enige ander party, ten minste 3 dae,

voor die dag wat vir die aanhoring van die aansoek bepaal is, beteken, maar die hof kan, indien redes aangevoer word, sodanige tydperk verkort.

(15) (*a*) Tensy anders bepaal, waar betekening van 'n prosesstuk per aangetekende pos mag geskied, geskied sodanige betekening deur die geregsbode wat 'n afskrif daarvan in 'n koevert plaas, dit adresseer en per vooruitbetaalde aangetekende brief op die pos doen aan die adres van die party wat beteken moet word en ten tyde van die aantekening aansoek doen om voorsien te word van 'n erkenning deur die geadresseerde van die ontvangs daarvan soos bepaal in regulasie 44 (5) van die regulasies kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 550 van 14 April 1960 afgekondig.

(*b*) 'n Ontvangsbewys ingevul soos in regulasie 44 (8) van die voornoemde regulasies bepaal, is voldoende erkenning van ontvangs vir doeleindes hiervan.

(*c*) As geen sodanige erkenning ontvang word nie, vermeld die geregsbode dit in sy relaas van betekening van die prosesstuk.

(*d*) Every such letter shall have on the envelope a printed or typewritten notice in the following terms:—

" This letter must not be readdressed. If delivery is not effected before.....19....., this letter must be delivered to the Messenger of the Magistrate's Court at..... ".

RULE 10.

Delay in the Prosecution of an Action.

10. If summons in an action be not served within 12 months of the date of its issue or, having been served, the plaintiff has not within that time after service taken further steps in the prosecution of the action, the summons shall lapse: Provided that where the plaintiff or his attorney files an affidavit with the clerk of the court before the expiration of such period setting out—

(*a*) that at the request of the defendant an extension of time in which to pay the debt claimed or any portion thereof has been granted to him;

(*b*) that in terms of the agreement judgment cannot, save in case of default, be sought within a period of 12 months from the issue of the summons; and

(*c*) the period of the extension,

the summons shall not lapse until 12 months after the expiration of the period of extension.

RULE 11.

Judgment by Consent.

11. (1) A defendant may before entry of appearance consent to judgment—

(*a*) by signing the form of consent endorsed on the original summons;

(*b*) by lodging with the clerk of the court the copy of the summons served upon him with the form of consent endorsed thereon duly signed by him; or

(*c*) by lodging with the clerk of the court a consent in a similar form duly signed by him and by 2 witnesses whose addresses are also given.

(2) Where a defendant so consents before instructions for service have been given to the messenger, it shall not be necessary to serve the summons, and the defendant shall not be chargeable with fees for service.

(3) A defendant so consenting before the expiration of the time limited for appearance shall not be chargeable with judgment charges.

(4) A defendant may after entry of appearance consent to judgment by delivering a consent similar in form to that endorsed on the summons and such consent shall be signed by the defendant or by his attorney of record.

(5) If the defendant's consent is for less than the amount claimed in the summons, he may enter an appearance to defend or may continue his defence as to the balance of the claim. Notwithstanding a judgment upon such consent, the action may proceed as to such balance, and it shall be in all subsequent respects an action for such balance.

(*d*) Op die koevert wat sodanige brief bevat, word 'n kennisgewing in druk- of tikskrif met die volgende bewoording aangebring:—

„ Hierdie brief moet nie heradresseer word nie. Indien dit nie voor.....19....., afgelewer is nie, moet dit aan die geregsbode van die landdroshof van..... .....afgelewer word."

REËL 10.

Vertraging in die Voortsetting van 'n Aksie.

10. 'n Dagvaarding in 'n aksie verval indien dit nie binne 12 maande vanaf die datum van uitreiking beteken is nie of, indien dit beteken is, die eiser nie binne daardie tydperk na betekening verdere stappe in die voortsetting van die aksie gedoen het nie: Met dien verstande dat as die eiser of sy prokureur voor die verloop van genoemde tydperk 'n beëdigde verklaring by die klerk van die hof indien waarin vermeld word—

(*a*) dat 'n verlenging van tyd om die gevorderde skuld of enige gedeelte daarvan te betaal op versoek van die verweerder aan hom toegestaan is;

(*b*) dat kragtens die ooreenkoms vonnis, behalwe in die geval van verstek, nie binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die uitreiking van die dagvaarding versoek kan word nie; en

(*c*) die tydperk van verlenging,

die dagvaarding nie voor 12 maande na verloop van die tydperk van verlenging verval nie.

REËL 11.

Toestemming tot Vonnis.

11. (1) 'n Verweerder kan voor kennisgewing van voorneme om te verdedig, toestem tot vonnis—

(*a*) deur die vorm tot toestemming wat op die oorspronklike dagvaarding geëndosseer is, te onderteken;

(*b*) deur die afskrif van die dagvaarding wat aan hom beteken is by die klerk van die hof in te dien met die vorm tot toestemming wat daarop geëndosseer is, behoorlik deur hom onderteken; of

(*c*) deur 'n soortgelyke vorm tot toestemming behoorlik deur hom en 2 getuies, wie se addresse ook aangedui word, onderteken by die klerk van die hof in te dien.

(2) Wanneer 'n verweerder soos voornoemd toestem voordat aan die geregsbode opdrag tot betekening gegee is, is dit nie nodig om die dagvaarding te beteken nie en betekeningsgelde word nie op die verweerder verhaal nie.

(3) 'n Verweerder wat soos voornoemd toestem voor die verloop van die tydperk wat vir kennisgewing van voorneme om te verdedig bepaal is, is nie vir vonniskoste aanspreeklik nie.

(4) 'n Verweerder kan, nadat kennis van voorneme om te verdedig gegee is, toestem tot vonnis deur 'n vorm tot toestemming soortgelyk aan dié wat op die dagvaarding geëndosseer is, af te lewer en sodanige toestemming word deur die verweerder of sy prokureur in die saak onderteken.

(5) Indien die verweerder toestem tot 'n bedrag minder as dié wat in die dagvaarding gevorder word, kan hy kennis gee van voorneme om te verdedig of sy verweer voortset met betrekking tot die saldo van die vordering. Ondanks 'n vonnis kragtens sodanige toestemming kan die aksie met betrekking tot sodanige saldo voortgesit word en is vir alle daaropvolgende doeleindes 'n aksie met betrekking tot sodanige saldo.

(6) When a defendant has consented to judgment, the clerk of the court shall, subject to the provisions of rule 12 (5), (6) and (7), enter judgment in terms of the defendant's consent: Provided that where such consent to judgment is contained in defendant's plea, the clerk of the court shall refer the matter to the court and the court may thereupon exercise its powers under rule 12 (7).

RULE 12.

Judgment by Default.

12. (1) (*a*) If a defendant has failed to enter appearance to defend within the time limited by the summons or before the lodgment of the request hereinafter mentioned [except as provided in the proviso to rule 13 (3)] and has not consented to judgment, the plaintiff may lodge with the clerk of the court a written request, in duplicate, for judgment against such defendant for—

(i) any sum not exceeding the sum claimed in the summons or for other relief so claimed;

(ii) the costs of the action; and

(iii) interest from the date of the summons to the date of judgment at the rate specified in the summons or, if no rate be specified, at the rate of 6 per cent per annum.

(*b*) If the defendant has entered appearance but has failed to deliver a plea within the time limited by rule 19 the plaintiff may deliver notice in writing calling upon the defendant to deliver a plea within 2 days of the receipt of such notice and, on failure of the defendant so to do, may lodge with the clerk of the court a written request for judgment in the same manner as if the defendant had failed to enter appearance to defend.

(*c*) When the defendant has failed to enter appearance to defend or, having entered appearance, has failed to deliver a plea within the period specified in the notice delivered to him in terms of paragraph (*b*) and the plaintiff has in either case lodged a request for judgment, the clerk of the court shall, subject to the provisions of subrules (2), (3), (4), (5), (6) and (7), enter judgment in terms of the plaintiff's request and if the request for judgment was lodged in duplicate notify the plaintiff by returning to him the duplicate copy duly endorsed as to the result and the date thereof.

(*d*) When a defendant has entered an appearance to defend but has failed to deliver a plea within the period specified in the notice delivered to him in terms of paragraph (*b*) and the clerk of the court has entered judgment in terms of a request lodged by the plaintiff, costs shall be taxed as if it had been a defended action.

(2) (*a*) If it appears to the clerk of the court that the defendant intends to defend the action but that his entry of appearance is defective, in that the memorandum thereof—

(i) has not been properly delivered; or

(ii) has not been properly signed; or

(iii) does not set out the postal address of the person signing it or an address for service as provided in rule 13; or

(6) Wanneer die verweerder tot vonnis toegestem het, moet die klerk van die hof, behoudens die bepalings van reël 12 (5), (6) en (7), 'n vonnis ooreenkomstig die verweerder se toestemming aanteken: Met dien verstande dat waar sodanige toestemming tot vonnis in verweerder se verweerskrif vervat is, die klerk van die hof die aangeleentheid na die hof moet verwys, wat sy bevoegdhede kragtens reël 12 (7) uitoefen.

REËL 12.

Vonnis by Verstek.

12. (1) (*a*) Indien 'n verweerder versuim het om kennis van voorneme om te verdedig te gee binne die tydperk deur die dagvaarding vasgestel of voor die indiening van die versoek hieronder genoem [behalwe soos in die voorbehoudsbepaling by reël 13 (3) bepaal] en nie tot vonnis toegestem het nie, kan die eiser 'n skriftelike versoek, in tweevoud, om vonnis teen sodanige verweerder by die klerk van die hof indien vir—

(i) enige bedrag wat nie die bedrag wat in die dagvaarding gevorder word te bowe gaan nie of vir ander regshulp aldus gevorder;

(ii) die koste van die aksie; en

(iii) rente vanaf die datum van die dagvaarding tot die datum van die vonnis teen die koers in die dagvaarding vermeld of, indien geen koers vermeld word nie, teen die koers van 6 persent per jaar.

(*b*) Indien die verweerder kennis gegee het van sy voorneme om te verdedig maar versuim het om 'n verweerskrif binne die tydperk deur reël 19 vasgestel, af te lewer, kan die eiser 'n skriftelike kennisgewing aflewer waarin die verweerder versoek word om 'n verweerskrif binne 2 dae na ontvangs van sodanige kennisgewing af te lewer en, indien die verweerder versuim om dit te doen, kan die eiser 'n skriftelike versoek om vonnis op dieselfde wyse asof die verweerder versuim het om kennis van voorneme om te verdedig te gee by die klerk van die hof indien.

(*c*) Wanneer die verweerder versuim het om kennis van voorneme om te verdedig te gee of sodanige kennis gegee het maar versuim het om 'n verweerskrif af te lewer binne die tydperk wat in die kennisgewing wat kragtens paragraaf (*b*) aan hom afgelewer is, vermeld is en die eiser in elke geval 'n versoek om vonnis ingedien het, moet die klerk van die hof, behoudens die bepalings van subreëls (2), (3), (4), (5), (6) en (7), vonnis kragtens eiser se versoek aanteken en as die versoek om vonnis in tweevoud ingedien was, die eiser in kennis stel deur die afskrif aan hom terug te stuur met die uitslag en die datum daarvan behoorlik daarop geëndosseer.

(*d*) Wanneer 'n verweerder kennis van voorneme om te verdedig gegee het maar versuim het om 'n verweerskrif af te lewer binne die tydperk vermeld in die kennisgewing wat kragtens paragraaf (*b*) aan hom afgelewer is en die klerk van die hof 'n vonnis kragtens 'n versoek deur die eiser ingedien, aangeteken het, word koste getakseer asof dit 'n verdedigde aksie was.

(2) (*a*) Indien dit vir die klerk van die hof blyk dat die verweerder voornemens is om die aksie te verdedig maar dat sy kennisgewing van voorneme om te verdedig gebrekkig is deurdat dit—

(i) nie behoorlik afgelewer is nie; of

(ii) nie behoorlik onderteken is nie; of

(iii) nie die posadres van die persoon wat dit onderteken het of 'n adres vir betekening, soos in reël 13 bepaal, aangee nie; of

(iv) exhibits any two or more of such defects or any other defect of form,

he shall not enter judgment against the defendant unless the plaintiff has delivered written notice to the defendant calling upon him to deliver a memorandum of entry of appearance in due form within 2 days of the receipt of such notice.

(*b*) Such notice shall set out in what respect the defendant's entry of appearance is defective.

(*c*) On failure of the defendant to deliver a memorandum of entry of appearance as provided in paragraph (*a*), the plaintiff may lodge with the clerk of the court a written request for judgment in default of due entry of appearance.

(3) Judgment in default of appearance to defend shall not be entered in an action in which the summons has been served by registered post unless the acknowledgement of receipt referred to in rule 9 (15) (*a*) has been filed by the messenger with his return of service.

(4) The clerk of the court shall refer to the court any request for judgment for an unliquidated amount and the plaintiff shall furnish to the court evidence either oral or by affidavit of the nature and extent of the claim. The court shall thereupon assess the amount recoverable by the plaintiff and shall give an appropriate judgment.

(5) The clerk of the court shall refer to the court any request for judgment on a claim founded on any cause of action arising out of or based on any hire-purchase agreement governed by the Hire-Purchase Act, 1942 (Act No. 36 of 1942), and the court shall thereupon make such order or give such judgment as it may deem just.

(6) If the action be on a liquid document the plaintiff shall before judgment file of record the original of such document duly stamped or an affidavit setting out reasons to the satisfaction of the court why such original cannot or should not be filed.

(7) The clerk of the court may refer to the court any request for judgment and the court may thereupon—

(*a*) if a default judgment be sought, call upon the plaintiff to produce such evidence either written or oral in support of his claim as it may deem necessary;

(*b*) if a judgment by consent be sought, call upon the plaintiff to produce evidence to satisfy the court that the consent has been signed by the defendant and is a a consent to the judgment sought;

(*c*) give judgment in terms of plaintiff's request or for so much of the claim as has been established to its satisfaction;

(*d*) give judgment in terms of defendant's consent;

(*e*) refuse judment; or

(*f*) make such other order as may be just.

(8) When one or more of several defendants in an action consent to judgment or fail to enter appearance or to deliver a plea, judgment may be entered against the defendant or defendants who have consented to judgment or are in default, and the plaintiff may proceed on such judgment without prejudice to his right to continue the action against another defendant or other defendants.

(9) Judgment shall be entered by making a minute of record thereof.

(iv) enige twee of meer sodanige gebreke of enige ander vormgebrek openbaar,

teken hy nie vonnis teen die verweerder aan nie tensy die eiser 'n skriftelike kennisgewing aan die verweerder afgelewer het waarin hy versoek word om 'n behoorlike kennisgewing van voorneme om te verdedig binne 2 dae na die ontvangs van sodanige kennisgewing af te lewer.

(*b*) Sodanige kennisgewing vermeld in watter opsig die verweerder se kennisgewing van voorneme om te verdedig gebrekkig is.

(*c*) By versuim van die verweerder om 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig of te lewer soos in paragraaf (*a*) bepaal, kan die eiser 'n skriftelike versoek om vonnis weens versuim om behoorlik kennis van voorneme om te verdedig te gee by die klerk van die hof indien.

(3) Vonnis weens versuim om kennis te gee van voorneme om te verdedig word nie in 'n aksie aangeteken waarin die dagvaarding per aangetekende pos beteken is nie tensy die erkenning van ontvangs in reël 9 (15) (*a*) genoem, deur die geregsbode tesame met sy relaas van betekening ingedien is nie.

(4) Die klerk van die hof verwys na die hof enige versoek om vonnis vir 'n ongelikwideerde bedrag en die eiser moet aan die hof, hetsy mondeling of deur middel van beëdigde verklaring, getuienis van die aard en omvang van sy vordering voorlê. Die hof moet daarna die bedrag wat deur die eiser verhaal kan word, bepaal en 'n gepaste uitspraak gee.

(5) Die klerk van die hof verwys na die hof enige versoek om vonnis op 'n vordering wat gegrond is op 'n skuldoorsaak wat voortspruit uit of gebaseer is op 'n huurkoopooreenkoms wat aan die Wet op Huurkoop, 1942 (Wet No. 36 van 1942), onderworpe is en die hof moet vervolgens sodanige bevel of uitspraak gee as wat hy billik ag.

(6) Indien die aksie op 'n likwiede dokument berus, moet die eiser voor vonnis die oorspronklike van sodanige dokument, behoorlik geseël, of 'n beëdigde verklaring waarin redes tot tevredenheid van die hof vermeld word waarom sodanige oorspronklike nie ingedien kan of behoort te word nie, by die stukke indien.

(7) Die klerk van die hof kan enige versoek om vonnis na die hof verwys en die hof kan vervolgens—

(*a*) indien 'n vonnis by verstek verlang word, die eiser versoek om sodanige getuienis, skriftelik of mondeling, ter ondersteuning van sy vordering aan te voer as die hof nodig ag;

(*b*) indien 'n vonnis by toestemming verlang word, die eiser versoek om getuienis tot tevredenheid van die hof aan te voer dat die toestemming deur die verweerder onderteken is en 'n toestemming met betrekking tot die verlangde vonnis is;

(*c*) vonnis gee ooreenkomstig die eiser se versoek of vir daardie gedeelte van die vordering as wat tot die hof se tevredenheid bewys is;

(*d*) ingevolge die verweerder se toestemming vonnis gee;

(*e*) vonnis weier; of

(*f*) sodanige ander bevel gee as wat billik geag word.

(8) Wanneer een of meer van verskeie verweerders in 'n aksie toestem tot vonnis of versuim om kennis te gee van voorneme om te verdedig of om 'n verweerskrif af te lewer, kan vonnis teen die verweerder of verweerders wat toegestem het tot vonnis of in verstek is, aangeteken word en die eiser kan op sodanige vonnis handel sonder benadeling van sy reg om die aksie teen die ander verweerder of verweerders voort te sit.

(9) Vonnis word aangeteken deur dit te notuleer.

RULE 13.

Appearance to Defend.

13. (1) A defendant intending to defend the action shall within the period limited by the summons enter an appearance to defend by delivery of a notice that he intends to defend.

(2) In actions against the State, appearance to defend may be entered at any time within 21 days after service of the summons.

(3) Notwithstanding the provisions of subrules (1) and (2), an appearance to defend, even though entered after the expiry of the period mentioned in the summons or the period mentioned in subrule (2), shall be effective; provided a request for default judgment has not yet been filed: Provided further that if the request for default judgment and the appearance to defend are filed on the same day the appearance to defend shall still be effective but the plaintiff shall be entitled to costs for such request for default judgment as if the matter had been an undefended action.

(4) (*a*) The notice shall be signed by the defendant.

(*b*) The full address where the defendant will accept service of process, notices or documents and also the the postal address of the person signing the notice shall be given in the notice.

(*c*) Except in places where there are fewer than 3 attorneys or firms of attorneys practising independently of one another the address where the defendant will accept service of process, notices or documents shall be not more than 5 miles distant from the court-house.

(*d*) The address given for service shall not be that of the clerk of the court or the messenger unless the office of the State Attorney or any branch thereof is given as the address of the person signing the notice.

(5) The clerk of the court shall at the request of an illiterate defendant who does not employ an attorney, enter an appearance for him.

(6) The entry of an appearance shall be without prejudice to any exception which the defendant may have.

RULE 14.

Summary Judgment.

14. (1) When a defendant has entered an appearance to defend, the plaintiff in convention may apply to the court for summary judgment on one or more of such claims in the summons as are only—

(*a*) on a liquid document;

(*b*) for a liquidated amount in money;

(*c*) for the delivery of specified movable property; or

(*d*) for ejectment,

in addition to costs.

(2) Such application shall be made on not less than 3 days' notice delivered not more than 4 days after the date of the defendant's appearance to defend and the plaintiff shall deliver with such notice—

(*a*) if the claim is a claim referred to in subrule (1) (*b*), (*c*) or (*d*), a copy of an affidavit, made by himself or by any other person who can swear positively to the

REËL 13.

Kennisgewing van Voorneme om te Verdedig.

13. (1) 'n Verweerder wat voornemens is om die aksie te verdedig, moet binne die tydperk wat deur die dagvaarding vasgestel is kennis gee van sy voorneme om te verdedig deur die aflewering van 'n kennisgewing dat hy voornemens is om te verdedig.

(2) In aksies teen die Staat kan kennis van voorneme om te verdedig te eniger tyd binne 21 dae na betekening van die dagvaarding gegee word.

(3) Ondanks die bepalings van subreëls (1) en (2), is 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig selfs na verloop van die tydperk in die dagvaarding of die tydperk in subreël (2) vermeld, van krag, mits 'n versoek om vonnis by verstek nog nie ingedien is nie: Met dien verstande verder dat indien die versoek om vonnis by verstek en die kennisgewing van voorneme om te verdedig op dieselfde dag ingedien word, die kennisgewing van voorneme om te verdedig nogtans van krag is maar die eiser is geregtig op die koste van sodanige versoek om vonnis by verstek asof dit 'n onverdedigde aksie was.

(4) (*a*) Die kennisgewing word deur die verweerder onderteken.

(*b*) Die volledige adres waar die verweerder betekening van prosesstukke, kennisgewings of dokumente sal aanvaar asook die posadres van die persoon wat die kennisgewing onderteken, moet in die kennisgewing vermeld word.

(*c*) Behalwe op plekke waar daar minder as 3 prokureurs of prokureursfirmas is wat afsonderlik van mekaar praktiseer, moet die adres waar die verweerder betekening van prosesstukke, kennisgewings of dokumente sal aanvaar nie meer as 5 myl van die hofgebou af wees nie.

(*d*) Die adres wat vir betekening vermeld word, moet nie die adres van die klerk van die hof of die geregsbode wees nie tensy die kantoor van die Staatsprokureur of enige tak daarvan as die adres van die persoon wat die kennisgewing onderteken, aangegee word.

(5) Op versoek van 'n ongeletterde verweerder wat nie deur 'n prokureur verteenwoordig is nie, moet die klerk van die hof namens hom kennis gee van voorneme om te verdedig.

(6) Kennisgewing van voorneme om te verdedig, geskied sonder benadeling van enige eksepsie wat die verweerder kan opwerp.

REËL 14.

Summiere Vonnis.

14. (1) Wanneer 'n verweerder kennis gegee het van voorneme om te verdedig, kan die eiser in konvensie by die hof om summiere vonnis aansoek doen op een of meer van sodanige vorderings in die dagvaarding wat net—

(*a*) op 'n likwiede dokument berus;

(*b*) vir 'n gelikwideerde geldsom is;

(*c*) vir die lewering van bepaalde roerende goed is;

of

(*d*) vir uitsetting is,

benewens koste.

(2) Sodanige aansoek word gedoen met minstens 3 dae kennisgewing wat hoogstens 4 dae na die datum van die verweerder se kennisgewing van voorneme om te verdedig afgelewer word en tesame met sodanige kennisgewing lewer die eiser—

(*a*) as die vordering 'n vordering is soos in subreël (1) (*b*), (*c*) of (*d*) genoem, 'n afskrif van 'n beëdigde verklaring deur homself of deur enigiemand anders wat

facts, verifying the cause of action and the amount claimed, if any, and stating that in his belief there is not a bona fide defence to the claim and that appearance has been entered solely for the purpose of delaying the action.

(*b*) if the claim is founded on a liquid document, a copy of such document.

(3) Upon the hearing of an application for summary judgment the defendant may—

(*a*) pay into court to abide the result of the action the sum sued for together with such sum for costs as the court may determine;

(*b*) in the case of a claim sounding in money or of an alternative claim sounding in money, give security to satisfy any judgment which may be given against him in the action; or

(*c*) satisfy the court by affidavit delivered not later than noon of the day preceding the hearing of the application (which affidavit may by leave of the court be supplemented by oral evidence) that he has a *bona fide* defence to the claim on which summary judgment is being applied for or a *bona fide* counterclaim against the plaintiff. Such affidavit and evidence shall disclose the nature and grounds of the defence or counterclaim.

(4) Money paid into court under subrule (3) not disposed of before the expiration of a period of 3 years, may be paid into the Consolidated Revenue Fund, after 3 months' notice of such intention in writing has been given to the parties concerned. Thereafter the parties concerned may apply for a refund of the amount paid into the said Fund.

(5) Subject to the provisions of subrule (2), no evidence shall be adduced by the plaintiff at the hearing of the application; nor shall any person giving oral evidence at such hearing be cross-examined by the plaintiff, but such person may after examination by the defendant be examined by the court.

(6) Subject to the provisions of rule 17 (7), the court may, if the defendant does not so pay into court or find security or satisfy the court, give summary judgment for the plaintiff.

(7) If the defendant complies with the provisions of paragraph (*a*), (*b*) or (*c*) of subrule (3), the court shall give leave to defend and the action shall thereupon proceed as if no application under this rule has been made.

(8) Where leave to defend is given under subrule (7), no evidence given on the hearing of the application for summary judgment shall, except by consent, at any subsequent hearing be admissible in favour of the party on whose behalf it was given except in so far as the respective deponents and witnesses are produced at such subsequent hearing for cross-examination.

(9) If on the hearing of an application made under this rule it appears either that one defendant is entitled to leave to defend and another is not so entitled or that the defendant is entitled to leave to defend as to part only of the claim, the court may—

(*a*) give leave to defend to a defendant so entitled and give judgment against a defendant not so entitled; or

(*b*) give leave to defend to the defendant as to such part of the claim and give judgment against the

onder eed die feite kan bevestig, afgelê waarin die skuldoorsaak en die bedrag (as daar is) wat gevorder word, bevestig word en waarin hy verklaar dat daar na sy mening nie 'n *bona fide*-verweer teen die vordering is nie en dat kennis van voorneme om te verdedig, gegee is bloot met die doel om die saak te vertraag.

(*b*) as die vordering op 'n likwiede dokument berus, 'n afskrif van die dokument.

(3) By die aanhoor van 'n aansoek om summiere vonnis kan die verweerder—

(*a*) ter berusting in die uitspraak van die hof die bedrag waarvoor gedagvaar word tesame met die bedrag ten opsigte van koste wat die hof mag vasstel, geregtelik inbetaal;

(*b*) in die geval van 'n geldelike vordering of 'n geldelike vordering in die alternatief, sekerheid stel dat hy aan 'n vonnis wat teen hom in die aksie gegee mag word, sal voldoen; of

(*c*) die hof oortuig deur middel van 'n beëdigde verklaring wat afgelewer word nie later as middag die dag voorafgaande aan die dag van aanhoring van die aansoek nie (welke beëdigde verklaring met verlof van die hof met mondelinge getuienis aangevul kan word) dat hy 'n *bona fide*-verweer teen die vordering waarop summiere vonnis versoek word of 'n *bona fide*-teenvordering teen die eiser het. Sodanige beëdigde verklaring en getuienis moet die aard en gronde van die verweer of teenvordering bekendmaak.

(4) Geld wat kragtens subreël (3) geregtelik inbetaal is en vir meer as 3 jaar onuitbetaald is, kan in die Gekonsolideerde Inkomstefonds inbetaal word nadat skriftelik 3 maande kennis van so 'n voorneme aan die betrokke partye gegee is. Die betrokke partye kan daarna om 'n terugbetaling van die bedrag wat in genoemde fonds inbetaal is, aansoek doen.

(5) Behoudens die bepalings van subreël (2), word geen getuienis deur die eiser by die aanhoring van die aansoek aangevoer nie, ook kan 'n persoon wat mondelinge getuienis by sodanige aanhoring aflê nie deur die eiser gekruisvra word nie, maar sodanige persoon kan na ondervraging deur die verweerder deur die hof ondervra word.

(6) Behoudens die bepalings van reël 17 (7) kan die hof, as die verweerder nie soos voornoemd geregtelik inbetaal of sekerheid stel of die hof oortuig nie, summiere vonnis vir die eiser gee.

(7) Indien die verweerder aan die bepalings van paragraaf (*a*), (*b*) of (*c*) van subreël (3) voldoen, moet die hof verlof verleen om te verdedig en die aksie word voortgesit asof geen aansoek kragtens hierdie reël gedoen is nie.

(8) Waar verlof om te verdedig kragtens subreël (7) verleen is, is die getuienis wat by die aanhoor van die aansoek om summiere vonnis aangevoer is, nie, behalwe met toestemming, by enige latere verhoor ten gunste van die party ten behoewe van wie dit aangevoer is, toelaatbaar nie behalwe vir sover die onderskeie verklaarders en getuies by sodanige latere verhoor vir kruisondervraging beskikbaar is.

(9) As dit by die aanhoor van 'n aansoek kragtens hierdie reël blyk dat een verweerder geregtig is op verlening van verlof om te verdedig en 'n ander nie aldus geregtig is nie of dat die verweerder geregtig is op verlof om te verdedig alleen ten opsigte van 'n gedeelte van die vordering, kan die hof—

(*a*) aan 'n verweerder wat aldus geregtig is, verlof verleen om te verdedig en teen 'n verweerder wat nie aldus geregtig is nie, vonnis gee; of

(*b*) aan die verweerder verlof gee om te verdedig ten opsigte van sodanige gedeelte van die vordering en vonnis gee teen die verweerder ten opsigte van die res

defendant as to the balance of the claim unless the defendant shall have paid such balance into court; or

(*c*) make both such orders.

RULES 15–16.

Further Particulars.

15. (1) A defendant may at any time after entering appearance to defend and before delivery of the plea apply to the plaintiff by notice for copies of all or any of the accounts or documents upon which the action is founded. Such copies shall be delivered by the plaintiff within 7 days after receipt of such notice.

(2) The plaintiff shall, on notice, forthwith allow the defendant to inspect the originals of such accounts or documents.

(3) If the plaintiff wrongfully refuses or fails to deliver such copies or to allow the defendant so to inspect, the action may, on application, be dismissed with costs.

16. (1) Any party may by notice delivered not more than 4 days after entry of appearance in the case of a summons or after the delivery of any other pleading or after judgment on any exception to such pleading has been given require the party delivering such pleading to deliver such further particulars as are reasonably necessary to enable such party to plead.

(2) The party delivering such pleading shall within 7 days after receipt of such notice deliver such particulars.

RULE 17.

Exceptions and Applications to Strike Out.

17. (1) (*a*) A defendant shall within 7 days after entry of appearance deliver particulars of any exception to the summons: Provided that where delivery of documents or particulars has been requested in terms of rule 15 or 16 particulars of the exception may be delivered within 7 days after delivery of such documents or particulars.

(*b*) A defendant failing to deliver such particulars within such period may not thereafter raise any exception without leave of the court granted on application after notice to the plaintiff.

(2) The only exceptions that may be taken by a defendant are—

(*a*) that the summons does not disclose a cause of action;

(*b*) that the summons is vague and embarrassing;

(*c*) that the summons does not comply with the requirements of rule 5 or 6;

(*d*) that the summons has not been properly served;

(*e*) that the copy of the summons served upon defendant differs materially from the original.

(3) Any other defence shall be raised by means of plea in accordance with the provisions of rule 19.

(4) Where more than one claim is made in a summons exception may be taken to any one or more of such claims.

(5) (*a*) The court shall not uphold any exception unless it is satisfied that the defendant would be prejudiced in the conduct of his defence if the summons were allowed to stand.

van die vordering tensy die verweerder sodanige res geregtelik inbetaal het; of

(*c*) beide bevele gee.

REËLS 15–16.

Verdere Besonderhede.

(21) On failure of the party giving notice of taxation to appear at the appointed time for taxation, such bill of costs may be taxed in his absence but such party shall not be allowed any costs of taxation.

(12) Wanneer die hof van oordeel is dat koste onnodig aangegaan is vanweë die suksesvolle party se versuim om 'n gedragslyn te volg wat die verrigtinge sou verkort en die koste sou verminder, ken die hof alleen sodanige koste toe as wat aangegaan sou gewees het indien die suksesvolle party sodanige gedragslyn gevolg het.

(13) Wanneer koste in konvensie en rekonvensie aan verskillende partye toegeken word, ken die klerk van die hof by taksasie, behoudens enige bevel deur die hof gegee, as koste in konvensie al sodanige koste as wat na sy oordeel aangegaan sou gewees het as geen teenvordering ingestel was nie, toe en as koste in rekonvensie alle ander koste wat toegeken is.

(14) (*a*) Die koste vir die uitreiking van 'n lasbrief vir eksekusie of arres word, waar dit betaalbaar is deur die party teen wie die lasbrief uitgereik is, sonder kennisgewing deur die klerk van die hof vasgestel en op die lasbrief aangeteken.

(*b*) Die koste wat deur die vonnisskuldenaar ten opsigte van enige verrigtinge kragtens artikel 65 of 72 van die Wet betaalbaar is, word deur die vonnisskuldeiser of sy prokureur op die voor- of agterkant van enige prosesstuk wat kragtens enigeen van daardie artikels uitgereik is, ingevoeg en deur die klerk van die hof voor uitreiking vasgestel.

(*c*) Die klerk van die hof kan weier om prosesstukke kragtens artikel 65 of 72 van die Wet, waarin die koste wat ingevoeg is nie volgens die tarief is nie, uit te reik.

(15) Getuiegelde en -uitgawes word ten opsigte van 'n party in die aksie of verrigting se bywoning van die verhoor toegeken slegs as die hof verklaar het dat daardie party 'n noodsaaklik getuie is.

(16) Wanneer koste of uitgawes deur die hof aan 'n party toegeken is, anders as by wyse van 'n vonnis weens verweerder se versuim om kennis van voorneme om te verdedig te gee of die verweerder se toestemming tot vonnis voordat die tyd vir sodanige kennisgewing verstryk het, moet die party aan wie sodanige koste of uitgawes toegeken is 'n kosterekening van sodanige koste of uitgawes aflewer en ten minste 2 dae kennis van taksasie gee vir 'n uur (in die algemeen of in die besonder) wat deur die klerk van die hof vasgestel word en hy kan in sodanige kosterekening al die betalings wat noodsaaklikerwys en behoorlik deur hom gedoen is, insluit.

(17) Die klerk van die hof moet vervolgens die koste en uitgawes aldus toegeken, takseer en toelaat: Met dien verstande dat getuiegelde nie by taksasie toegelaat word nie tensy dit behoorlik gestaaf is.

(18) Wanneer meer as een-kwart van die kosterekening (uitgesonderd uitgawes) afgetakseer word, word geen taksasiekoste aan die party wat die rekening voorlê, toegestaan nie.

(19) Wanneer taksasie van 'n prokureur-en-kliënt-kosterekening vereis word, geskied taksasie na nie minder as 2 dae kennisgewing daarvan aan die prokureur of kliënt nie hetsy 'n aksie ten opsigte daarvan hangend is of nie: Met dien verstande dat, ondanks die bepalings van subreël (3), 'n prokureur-en-kliënt-kosterekening te eniger tyd na beëindiging van die opdrag getakseer kan word.

(20) Wanneer aanspreeklikheid vir koste sonder vonnis van die hof uit hoofde van die bepalings van reël 18 (5) of 'n skikkingsakte kragtens reël 27 (8) aangeteken, vasgestel word, word sodanige koste deur die klerk van die hof getakseer asof dit deur die hof toegeken was.

(21) As die party wat kennis van taksasie gee versuim om op die tyd wat vir taksasie vasgestel is, te verskyn, kan sodanige kosterekening in sy afwesigheid getakseer word maar sodanige party is nie op taksasiekoste geregtig nie.

RULE 34.

Fees of the Messenger and the Clerk of the Court.

34. (1) The fees and charges to be taken by a messenger who is an officer of the Public Service shall be those prescribed in Part I of Table C of Annexure 2 and in the case of any other messenger those prescribed in Part II of the said Table and Annexure.

(2) Every account of fees or charges furnished by a messenger shall contain the following note:—

"You may require this account to be taxed and vouched before payment.".

(3) (*a*) Any party having an interest may by notice in writing require the fees and charges claimed by or paid to the messenger to be taxed by the clerk of the court, and may attend on such taxation.

(*b*) Upon such taxation the messenger shall vouch to the satisfaction of the clerk of the court all charges claimed by him.

(*c*) Where the messenger's fees or charges are taxed and passed in full the messenger shall be allowed an additional fee of 50 cents for attending the taxation.

(4) The fees to be taken by the clerk of the court shall be those prescribed by Table E of Annexure 2.

RULE 35.

Review of Taxation.

35. (1) Any interested party may, within 7 days after he has knowledge thereof, bring before a judicial officer for review—

(*a*) the costs and expenses claimed in any undefended action;

(*b*) the assessment by the clerk of the court of any costs and expenses;

(*c*) the taxation by the clerk of the court of any costs awarded in any action or matter;

(*d*) the taxation by the clerk of the court of any fees or charges of the messenger.

(2) Such review shall be on 2 days' notice to the party entitled to receive or liable to pay such costs and expenses or to the messenger, as the case may be.

(3) Any party dissatisfied with the decision of the judicial officer as to any item or part of an item which was objected to before the clerk of the court, may, after notice to the other party, within 2 days of the decision require the judicial officer to state a case for the decision of a judge, which case shall embody all relevant findings of fact by the judicial officer: Provided that, save with the consent of such officer, no case shall be stated where the total of the amounts which he has disallowed or allowed, as the case may be, and which the dissatisfied party seeks to have allowed or disallowed, respectively, is less than R4.

(4) Any party may within 7 days after the judicial officer has so stated a case submit contentions in writing to the judicial officer.

(5) The judicial officer shall lay the case together with the written contentions submitted and his own report not

REËL 34.

Geregsbode- en Klerk van die Hof-gelde.

34. (1) Die gelde en vorderings wat 'n geregsbode wat 'n amptenaar van die Staatsdiens is, kan verhaal, is dié wat in Deel I van Tabel C van Bylae 2 voorgeskryf is en in die geval van enige ander geregsbode dié wat in Deel II van voornoemde Tabel en Bylae voorgeskryf is.

(2) Elke rekening vir gelde of vorderings wat deur 'n geregsbode verstrek word, moet die volgende kennisgewing bevat:—

"U kan vereis dat hierdie rekening voor vereffening getakseer en gestaaf word.".

(3) (*a*) 'n Belanghebbende party kan by skriftelike kennisgewing vereis dat die gelde en vorderings wat deur die geregsbode geëis word of aan hom betaal is, deur die klerk van die hof getakseer word en kan sodanige taksasie bywoon.

(*b*) By sodanige taksasie moet die geregsbode tot tevredenheid van die klerk van die hof alle vorderings wat deur hom geëis word, staaf.

(*c*) Indien die geregsbodegelde of vorderings getakseer en ten volle toegelaat word, word 'n bykomende geld van 50 sent aan die geregsbode vir bywoning van die taksasie toegeken.

(4) Die gelde wat deur die klerk van die hof verhaal word, is dié in Tabel E van Bylae 2 voorgeskryf.

REËL 35.

Hersiening van Taksasie.

35. (1) 'n Belanghebbende party kan, binne 7 dae nadat hy dit te wete gekom het, aan 'n regterlike amptenaar—

(*a*) die koste en uitgawes in 'n onbestrede aksie gevorder;

(*b*) die klerk van die hof se vasstelling van enige koste en uitgawes;

(*c*) die klerk van die hof se taksasie van enige koste in 'n aksie of aangeleentheid toegeken;

(*d*) die klerk van die hof se taksasie van enige gelde of vorderings van die geregsbode,

vir hersiening voorlê.

(2) Sodanige hersiening geskied met 2 dae kennisgewing, aan die party wat geregtig is om sodanige koste en vorderings te ontvang of aanspreeklik is om dit te betaal, of aan die geregsbode, na gelang van die geval.

(3) 'n Party wat hom veronreg ag as gevolg van die regterlike amptenaar se beslissing ten opsigte van enige item of gedeelte daarvan waarteen voor die klerk van die hof beswaar geopper is, kan, na kennisgewing aan die ander party, binne 2 dae na die beslissing van die regterlike amptenaar verlang dat hy 'n gestelde saak vir die beslissing van 'n regter opstel, welke saak al die tersaaklike feitlike bevindings van die regterlike amptenaar moet omvat: Met dien verstande dat, behalwe met die toestemming van sodanige amptenaar, geen saak gestel word waar die totaal van die bedrae wat afgekeur of toegelaat is, na gelang van die geval, en wat die verontregte party onderskeidelik toegelaat of afgekeur wil hê, minder as 4 rand bedra nie.

(4) Enigeen van die partye kan binne 7 dae nadat die regterlike amptenaar aldus 'n gestelde saak opgestel het skriftelike standpunte aan die regterlike amptenaar voorlê.

(5) Die regterlike amptenaar moet die saak tesame met die skriftelike standpunte wat aan hom voorgelê is asook sy eie verslag nie later as 10 dae na ontvangs van sodanige

later than 10 days after receipt of such contentions, before a judge of the court of appeal who may then—

(*a*) decide the matter upon the case and contentions so submitted, together with any further information which he may require from the judicial officer; or

(*b*) decide it after hearing the parties or their counsel or attorneys in chambers; or

(*c*) refer the case for decision to the court of appeal.

(6) The judge or the court so deciding may make such order as he or it deems fit, including an order that the unsuccessful party shall pay to the opposing party a sum fixed by the judge or the court as costs.

RULE 36.

Process in Execution.

36. (1) The process for the execution of any judgment for the payment of money, for the delivery of property whether movable or immovable, or for ejectment shall be by warrant issued and signed by the clerk of the court and addressed to the messenger.

(2) Such process may be sued out by any person in whose favour any such judgment shall have been given, if such judgment is not then satisfied, stayed or suspended.

(3) Such process may at any time, on payment of the fees incurred, be withdrawn or suspended by notice to the messenger by the party who has sued out such process. A request in writing made from time to time by such party to defer execution of such process for a definite period not being longer than 1 month shall not be deemed to be a suspension.

(4) Any alterations in such process shall be initialed by the clerk of the court before it is issued by him.

(5) The clerk of the court shall at the request of the party entitled thereto reissue process referred to in subrule (1) without the court having sanctioned the reissue.

(6) Any such process shall be invalid if a wrong person is named therein as a party, but no such process shall be invalid merely by reason of the misspelling of any name therein, or of any error as to date.

(7) Except where judgment has been entered by consent or default, process in execution of a judgment shall not be issued without leave of the court applied for at the time of granting the judgment, before the day following that on which the judgment is given.

RULE 37.

Second or Further Warrants or Garnishee Orders.

37. (1) Where any warrant or garnishee order has been lost or mislaid, the court may on the application of any interested party and after notice to any person affected thereby, authorise the issue of a second or further warrant or garnishee order, as the case may be, on such conditions as the court may determine and may make such order as to costs as it may deem just.

(2) Notice of such application shall be on not less than 3 days' notice and shall state the reasons for the application.

standpunte nie aan 'n regter van die hof van appèl voorlê wat dan—

(*a*) op die saak en standpunte aldus voorgelê, tesame met enige verdere inligting wat hy van die regterlike amptenaar mag verlang, 'n beslissing vel; of

(*b*) na aanhoor van die partye of hul advokate of prokureurs in kamers 'n beslissing vel; of

(*c*) die saak na die hof van appèl vir 'n beslissing verwys.

(6) Die regter of die hof wat soos voornoemd 'n beslissing vel, kan sodanige bevel gee as wat hy goedag, met inbegrip van 'n bevel dat die onsuksesvolle party aan die teenparty 'n bedrag wat deur die regter of die hof as koste vasgestel is, moet betaal.

REËL 36.

Tenuitvoerleggingsproses.

36. (1) Die prosesstuk vir die tenuitvoerlegging van 'n vonnis vir die betaling van geld, die lewering van goed hetsy roerend of onroerend, of vir uitsetting is 'n lasbrief wat deur die klerk van die hof uitgereik en onderteken en aan die geregsbode gerig word.

(2) Sodanige prosesstuk kan deur enigeen ten gunste van wie sodanige vonnis gegee is, uitgeneem word as die vonnis dan nog nie aan voldoen of gestuit of opgeskort is nie.

(3) Sodanige prosesstuk kan te eniger tyd, teen betaling van die verskuldigde gelde, by kennisgewing aan die geregsbode deur die party wat sodanige prosesstuk uitgeneem het, teruggetrek of opgeskort word. 'n Skriftelike versoek wat van tyd tot tyd deur sodanige party gedoen word om tenuitvoerlegging van sodanige prosesstuk vir 'n bepaalde tydperk wat nie langer as 1 maand moet wees nie, uit te stel, word nie as 'n opskorting geag nie.

(4) Enige veranderings in sodanige prosesstuk moet deur die klerk van die hof geparafeer word voordat dit deur hom uitgereik word.

(5) Die prosesstukke in subreël (1) genoem, word deur die klerk van die hof op versoek van die party wat daartoe geregtig is sonder goedkeuring van die hof heruitgereik.

(6) Enige sodanige prosesstuk is ongeldig as 'n verkeerde persoon daarin as 'n party genoem word, maar geen sodanige prosesstuk is ongeldig bloot vanweë 'n spelfout in enige naam daarin vermeld, of vanweë enige fout ten opsigte van die datum, nie.

(7) Behalwe wanneer vonnis by toestemming of by verstek aangeteken is, word 'n prosesstuk vir die tenuitvoerlegging van 'n vonnis nie sonder goedkeuring van die hof, wat ten tyde van die gee van die vonnis aangevra is, uitgereik nie voor die dag na dié waarop die vonnis gegee is.

REËL 37.

Tweede of Verdere Lasbriewe of Skuldbeslagorders.

37. (1) Wanneer 'n lasbrief of 'n skuldbeslagorder verloor of verlê is, kan die hof op aansoek van enige belanghebbende party en na kennisgewing aan enige persoon wat daardeur geraak word, die uitreiking van 'n tweede of verdere lasbrief of 'n skuldbeslagorder, na gelang van die geval, magtig, op sodanige voorwaardes as wat die hof mag vasstel en kan sodanige bevel met betrekking tot koste gee as wat hy billik ag.

(2) Kennis van sodanige aansoek geskied met nie minder as 3 dae kennisgewing nie en vermeld die redes vir die aansoek.

(3) The provisions of subrules (1) to (6), inclusive, of rule 36 shall *mutatis mutandis* apply to any such warrant or garnishee order authorised by the court and in addition such warrant or garnishee order shall clearly be endorsed " This second or further warrant ..... (describe nature of warrant) or garnishee order (as the case may be) was authorised by the court on ..... and replaces any warrant ..... (describe nature of warrant) or garnishee order (as the case may be) instead of which it is issued or reissued.".

(4) (*a*) When any warrant or garnishee order which has been replaced by a warrant or garnishee order issued in terms of subrule (1) becomes available it shall immediately be cancelled by the clerk of the court by endorsing across the face thereof between 2 parallel transverse lines the words " Cancelled. Fresh warrant ..... (describe nature of warrant) or garnishee order (as the case may be) issued in terms of an order of the court dated .....".

(*b*) Such endorsement shall be signed and dated by the clerk of the court.

(5) The fact that a second or further warrant or garnishee order has been issued and the date and amount thereof shall be endorsed on the record of the case by the clerk of the court.

RULE 38.

Security by Judgment Creditor.

38. (1) Where the messenger is in doubt as to the validity of any attachment or contemplated attachment, he may require that the party suing out the process in execution shall give security to indemnify him.

(2) Unless the summons commencing the action has been served upon the defendant personally or he has entered appearance to defend or notice of attachment has been given to him personally—

(*a*) if any property corporeal or incorporeal is attached in execution, the execution creditor shall, at least 7 days before the day appointed for the sale of such property give security to the satisfaction of the messenger for the payment to the execution debtor if such attachment be set aside of any sum which the execution debtor may in law be entitled to recover from the execution creditor for damages suffered by reason of such attachment or of any proceedings consequent thereon; and if security be not given the attachment shall cease to have effect: Provided that the execution debtor may by endorsement to that effect on the warrant of execution dispense with the giving of security under this rule;

(*b*) if moneys are received by the messenger under any form of execution otherwise than as the proceeds of the sale in execution of property in respect of the attachment of which security has been given in terms of paragraph (*a*), such moneys shall not be paid to the execution creditor until he has given security for the restitution of the full amount received by the messenger if the attachment be thereafter set aside: Provided that the execution debtor may in writing over his signature dispense with the giving of such security.

(3) Die bepalings van subreëls (1) tot en met (6) van reël 36, is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige lasbrief of skuldbeslagorder deur die hof gemagtig en daarbenewens word sodanige lasbrief of skuldbeslagorder duidelik geëndosseer „ Hierdie tweede of verdere lasbrief .....(vermeld aard van lasbrief) of skuldbeslagorder (na gelang van die geval) is deur die hof op .....gemagtig en vervang enige lasbrief..... (vermeld aard van lasbrief) of skuldbeslagorder (na gelang van die geval) in die plek waarvan dit uitgereik of heruitgereik word.".

(4) (*a*) Wanneer 'n lasbrief of skuldbeslagorder wat vervang is deur 'n lasbrief of skuldbeslagorder wat ingevolge subreël (1) uitgereik is, beskikbaar word, word dit onverwyld deur die klerk van die hof tenietgedoen deur tussen 2 ewewydige lyne op die voorkant daarvan te endosseer „ Deurgehaal. Nuwe lasbrief ..... (vermeld aard van lasbrief) of skuldbeslagorder (na gelang van die geval) ingevolge 'n bevel van die hof gedateer ..... uitgereik.".

(*b*) Sodanige endossement word deur die klerk van die hof onderteken en gedateer.

(5) Die feit dat 'n tweede of verdere lasbrief of 'n skuldbeslagorder uitgereik is en die datum en bedrag daarvan word deur die klerk van die hof in die notule van die saak aangeteken.

REËL 38.

Sekerheidstelling deur Vonnisskuldeiser.

38. (1) Wanneer die geregsbode twyfel het aangaande die geldigheid van 'n beslaglegging of voorgenome beslaglegging, kan hy van die party wat die eksekusieprosesstuk uitneem, vereis dat hy sekerheid stel om hom skadeloos te stel.

(2) Tensy die dagvaarding waardeur die aksie ingestel is aan die verweerder persoonlik beteken is of hy kennis van voorneme om te verdedig gegee het of kennis van beslaglegging aan hom persoonlik gegee is—

(*a*) moet die eksekusieskuldeiser, as daar op liggaamlike of onliggaamlike goed ter tenuitvoerlegging beslag gelê is, ten minste 7 dae voor die dag wat vir die verkoop van sodanige goed vasgestel is, sekerheid tot tevredenheid van die geregsbode stel vir betaling aan die eksekusieskuldenaar, as sodanige beslaglegging ter syde gestel word, van enige bedrag wat die eksekusieskuldenaar regtens op die eksekusieskuldeiser kan verhaal vir skade gely as gevolg van sodanige beslaglegging of enige verrigtinge wat daaruit voortvloei; en as sekerheid nie gestel word nie, is die beslaglegging nie meer van krag nie: Met dien verstande dat die eksekusieskuldenaar van sekerheidstelling kragtens hierdie reël kan afsien deur 'n endossement met daardie strekking op die lasbrief vir eksekusie aan te bring;

(*b*) word gelde wat deur die geregsbode uit hoofde van enige wyse van tenuitvoerlegging ontvang is, uitgesonderd die opbrengs van 'n verkoping in eksekusie van goed waar sekerheid kragtens paragraaf (*a*) ten opsigte van die betrokke beslaglegging gestel is, nie aan die eksekusieskuldeiser betaal nie voordat hy sekerheid gestel het vir die terugbetaling van die volle bedrag deur die geregsbode ontvang indien die beslaglegging daarna ter syde gestel word: Met dien verstande dat die eksekusieskuldenaar in 'n deur hom ondertekende skriftelike stuk van sodanige sekerheidstelling kan afsien.

(3) The prescribed fee for security given under this rule shall without taxation be recoverable as part of the costs of execution.

(4) Any surety bond or other document of security given in terms of this rule may be sued upon by the execution debtor without formal transfer thereof to him.

RULE 39.

General Provisions Regarding Execution.

39. (1) Unless otherwise ordered by the court, the costs and expenses of issuing a warrant and levying execution shall be a first charge on the proceeds of the property sold in execution and may so far as such proceeds are insufficient be recovered from the execution debtor as costs awarded by the court.

(2) Subject to any hypothec existing prior to attachment, all warrants of execution lodged with the messenger on or before the day immediately preceding the date of the sale in execution shall rank *pro rata* in the distribution of the proceeds of the goods sold in execution.

(3) Withdrawal of attachment shall be effected by note made and signed by the messenger on the warrant of execution that the attachment is withdrawn, stating the time and date of the making of such note. The messenger shall give notice in writing of the withdrawal and of the time and date thereof to the execution creditor and the execution debtor and to any person by whom a claim to the property attached has been lodged with him: Provided that the property shall not be released from attachment so long as an unsatisfied warrant of execution lodged under subrule (2) remains in the hands of the messenger.

(4) If any property attached or about to be attached in execution is claimed by any third party as his property or any third party makes any claim to the proceeds of property so attached and sold in execution, the messenger shall on receipt of the claim forthwith give notice to the execution creditor.

(5) Notwithstanding such claim by a third party the messenger shall attach such property if he has not yet done so and the property shall remain under attachment pending the outcome of interpleader proceedings unless sooner released from attachment upon order of the court or otherwise. The provisions of rule 41 (7) shall *mutatis mutandis* apply to property so attached.

(6) If in the case of property so attached the execution creditor gives the messenger notice within 2 days after receipt of the notice referred to in subrule (4) that he admits the claim, he shall not be liable for any costs, fees or expenses afterwards incurred and the messenger may withdraw from possession of the property claimed.

(7) On completion of any sale in execution of property, whether movable or immovable, the messenger shall attach to his return a vendue roll showing details of the property sold, the prices realised, and, where known, the names and addresses of the purchasers and an account of the distribution of the proceeds.

(8) No messenger or person on behalf of the messenger shall at a sale in execution purchase any of the property offered for sale either for himself or for any other person.

(3) Die voorgeskrewe geld vir sekerheidstelling kragtens hierdie reël is sonder taksasie as deel van die eksekusiekoste verhaalbaar.

(4) Die eksekusieskuldenaar kan op enige borgakte of ander dokument van sekerheidstelling wat kragtens hierdie reël gegee is, dagvaar sonder dat dit formeel aan hom oorgedra is.

REËL 39.

Algemene Bepalings Betreffende Tenuitvoerlegging.

39. (1) Tensy die hof anders beveel, is die koste en uitgawes in verband met die uitreiking van 'n lasbrief en tenuitvoerlegging 'n voorkeureis teen die opbrengs van die goed wat in eksekusie verkoop is en kan vir sover sodanige opbrengs onvoldoende is op die eksekusieskuldenaar as koste deur die hof toegeken, verhaal word.

(2) Behoudens enige hipoteek wat voor die beslaglegging bestaan het, deel alle lasbriewe vir eksekusie wat by die geregsbode op of voor die dag wat die dag van die eksekusieverkoping onmiddellik voorafgaan ingedien is *pro rata* in die verdeling van die opbrengs van die goed wat in eksekusie verkoop is.

(3) Die terugtrekking van 'n beslaglegging geskied deur die aanbring deur die geregsbode op die lasbrief vir eksekusie van 'n endossement deur hom onderteken dat die beslaglegging teruggetrek is, met vermelding van die tyd en datum waarop sodanige endossement aangebring is. Die geregsbode moet die eksekusieskuldeiser en die eksekusieskuldenaar asook enigeen wat 'n aanspraak op die eiendom waarop beslag gelê is by hom ingedien het, skriftelik van sodanige terugtrekking en die tyd en datum daarvan kennis gee: Met dien verstande dat die goed nie van beslaglegging vrygestel word nie solank as wat die geregsbode in besit is van 'n onvoldane lasbrief wat kragtens subreël (2) ingedien is.

(4) Wanneer 'n derde party aanspraak daarop maak dat goed waarop ter tenuitvoerlegging beslag gelê is of gaan word sy eiendom is, of wanneer 'n derde party op die opbrengs van sodanige goed waarop aldus beslag gelê is en wat in eksekusie verkoop is, aanspraak maak, moet die geregsbode by ontvangs van die eis onverwyld die eksekusieskuldeiser kennis gee.

(5) Ondanks sodanige aanspraak deur 'n derde party, moet die geregsbode op sodanige goed beslag lê indien hy dit nie reeds gedoen het nie en die goed bly onder beslaglegging in afwagting van 'n beslissing in 'n tussenpleitgeding, tensy dit vroeër deur 'n bevel van die hof of andersins van beslaglegging vrygestel word. Die bepalings van reël 41 (7) is *mutatis mutandis* van toepassing op goed waarop aldus beslag gelê is.

(6) Indien in die geval van goed aldus op beslag gelê die eksekusieskuldeiser die geregsbode binne 2 dae na ontvangs van die kennisgewing in subreël (4) genoem, kennis gee dat hy die aanspraak erken, is hy nie vir enige koste, gelde of uitgawes wat daarna oploop aanspreeklik nie en die geregsbode kan hom aan die besit van die goed waarop aanspraak gemaak word, onttrek.

(7) Na afloop van 'n verkoping in eksekusie van goed, hetsy roerend of onroerend, moet die geregsbode 'n vendusielys waarin besonderhede van die goed wat verkoop is, die behaalde pryse en, waar bekend, die name en adresse van die kopers asook 'n uiteensetting van die distribusie van die opbrengs vermeld word, by sy relaas aanheg.

(8) Nòg die geregsbode nòg iemand namens die geregsbode koop by 'n verkoping in eksekusie hetsy vir homself of vir enige ander persoon enige van die goed wat te koop aangebied word nie.

RULE 40.

Execution Against a Partnership.

40. (1) Where a judgment debtor is a partner in a firm and the judgment is against him for a separate debt, the court may, after notice to the judgment debtor and to his firm, appoint the messenger as receiver to receive any moneys payable to the judgment debtor in respect of his interests in the partnership.

(2) Such appointment shall, until the judgment debt is satisfied, operate as an attachment of the interest of the judgment debtor in the partnership assets.

(3) Where the judgment is against a firm, the partnership property shall first be exhausted, so far as it is known to the judgment creditor, before the judgment is executed against the separate property of the partners.

RULE 41-42.

Execution Against Movable Property.

41. (1) (*a*) The messenger shall, upon receiving a warrant directing him to levy execution on movable property, repair to the house or place of business of the execution debtor not later than the day following the day of the receipt of such warrant (to which period shall be added, if such house or place of business be situate outside the limits of the town or place where the court is held, 1 additional day for each 25 miles or part of 25 miles between such limits and such house or place of business), or as soon as circumstances permit, and there demand payment of the judgment debt and costs or else require that so much movable property be pointed out as the said messenger may deem sufficient to satisfy the warrant, and if such lastmentioned request be complied with the said messenger shall make an inventory and valuation of such property. If the property pointed out is insufficient to satisfy the warrant, the messenger shall nevertheless proceed to make an inventory and valuation of so much movable property as may be pointed out in part execution of such warrant.

(*b*) If the execution debtor does not point out such property, the messenger shall immediately make an inventory and valuation of so much of the movable property belonging to the execution debtor as he may deem sufficient to satisfy the warrant or of so much of the movable property as may be found in part execution of the warrant.

(*c*) If on demand the execution debtor pays the judgment debt and costs (or part thereof) the messenger shall forthwith endorse the amount paid and the date of payment on the original and copy of the warrant, which endorsement shall be signed by him and countersigned by the execution debtor or his representative.

(2) So far as may be necessary to the execution of any such warrant, the messenger may open any door on any premises, or of any piece of furniture, if opening be refused or if there be no person there who represents the person against whom such warrant is to be executed and the messenger may, if necessary, use force to that end.

(3) The messenger shall exhibit the original warrant of execution and shall hand to the execution debtor or leave on the premises a copy thereof.

(4) As soon as the foregoing requirements of this rule have been complied with by the messenger, the goods so inventoried by him shall be deemed to be judicially attached.

REËL 40.

Tenuitvoerlegging Teen 'n Vennootskap.

40. (1) Wanneer 'n vonnisskuldenaar 'n vennoot in 'n firma is en die vonnis teen hom vir 'n afsonderlike skuld is, kan die hof, na kennisgewing aan die vonnisskuldenaar en sy firma, die geregsbode as ontvanger aanstel om enige gelde wat aan die vonnisskuldenaar ten opsigte van sy belange in die vennootskap betaalbaar is, te ontvang.

(2) Sodanige aanstelling geld as 'n beslaglegging op die belange van die vonnisskuldenaar in die bates van die vennootskap totdat aan die vonnisskuld voldoen is.

(3) Wanneer die vonnis teen 'n firma is, word die vennootskapsgoed, vir sover dit aan die vonnisskuldeiser bekend is, eers uitgeput alvorens die vonnis teen die afsonderlike goed van die vennote ten uitvoer gelê word.

REËLS 41-42.

Tenuitvoerlegging Teen Roerende Goed.

41. (1) (*a*) By ontvangs van 'n lasbrief waarin hy gelas word om op roerende goed beslag te lê, gaan die geregsbode nie later nie as die dag volgende op die dag waarop die lasbrief ontvang is (plus, as die woon- of besigheidsplek buite die grense van die dorp of plek waar die hof gehou word, geleë is, een bykomende dag vir elke 25 myl of gedeelte van 25 myl wat die woon- of besigheidsplek van voornoemde grense verwyder is) of sodra omstandighede dit toelaat, na die woon- of besigheidsplek van die eksekusieskuldenaar en eis aldaar betaling van die vonnisskuld en koste of eis anders dat roerende goed wat die geregsbode as voldoende ag om aan die lasbrief te voldoen, aangedui word en indien aan die laasgenoemde versoek voldoen word, stel genoemde geregsbode 'n inventaris en waardasie van sodanige goed op. Indien die goed wat aangedui word onvoldoende is om aan die lasbrief te voldoen, gaan die geregsbode nietemin voort om 'n inventaris en waardasie op te stel van soveel roerende goed as wat ter gedeeltelike tenuitvoerlegging van die lasbrief aangedui word.

(*b*) As die eksekusieskuldenaar nie sodanige goed aandui nie, moet die geregsbode onverwyld 'n inventaris en waardasie opstel van soveel van die eksekusieskuldenaar se roerende goed as wat hy voldoende ag om aan die lasbrief te voldoen of van soveel van die roerende goed as wat ter gedeeltelike uitvoering van die lasbrief gevind mag word.

(*c*) As die eksekusieskuldenaar op aanvraag die vonnisskuld en koste (of gedeelte daarvan) betaal, endosseer die geregsbode onverwyld die bedrag wat betaal is en die datum van betaling op die oorspronklike en afskrif van die lasbrief, welke endossement deur die geregsbode onderteken en deur die eksekusieskuldenaar of sy verteenwoordiger mede-onderteken word.

(2) Vir sover dit nodig is vir die tenuitvoerlegging van sodanige lasbrief, kan die geregsbode enige deur op enige perseel of van enige meubelstuk oopmaak, indien geweier word om dit oop te maak of indien daar niemand daar teenwoordig is wat die persoon teen wie die lasbrief ten uitvoer gelê moet word verteenwoordig nie en, indien nodig, kan die geregsbode vir dié doel geweld gebruik.

(3) Die geregsbode moet die oorspronklike lasbrief vir eksekusie toon en 'n afskrif daarvan aan die eksekusieskuldenaar oorhandig of dit op die perseel agterlaat.

(4) Sodra die geregsbode die voorgaande voorskrifte van hierdie reël nagekom het, word die goed aldus deur hom geïnventariseer geag geregtelik op beslag gelê te wees.

(5) The messenger shall hand a copy of the said inventory signed by himself to the execution debtor or leave the same on the premises, which copy shall have subjoined thereto a notice of the attachment.

(6) Where specie and documents are found and attached, the number and kinds thereof shall be specified in the inventory and any such specie or documents shall thereupon be sealed and forthwith removed to the office of the messenger where it shall be safely store.

(7) (*a*) The execution creditor or his attorney shall, where movable property, other than specie or documents, has been attached, within 10 days after notification of such attachment, instruct the messenger in writing whether the property shall be removed to a place of security or left upon the premises in the charge and custody of the execution debtor or in the charge and custody of some other person acting on behalf of the messenger. Unless so instructed within the time aforesaid, the messenger shall leave the movable property, other than specie or documents, upon the premises and in the possession of the person in whose possession the said movable property is attached: Provided that the execution creditor or his attorney may, upon satisfying the clerk of the court, who shall endorse his approval on the document containing the instructions, of the desirability of immediate removal upon issue of the warrant of execution, instruct the messenger in writing to remove immediately from the possession of the execution debtor all or any of the articles reasonably believed by the execution creditor to be in the possession of the execution debtor.

(*b*) Where a messenger is instructed as aforesaid to remove the movable property, he shall do so without any avoidable delay, and he shall in the mean time leave the same in the charge or custody of some person who shall have the charge or custody in respect of the goods on his behalf.

(*c*) Any person in whose charge or custody movable property which has been attached, has been left, shall not use, let or lend such property, or permit it to be used, let or lent, nor shall he in any way do anything which will decrease its value and, if the property attached shall have produced any profit or increase, the custodian shall be responsible for any such profit or increase in like manner as he is responsible for the property originally attached.

(*d*) If such a custodian, other than the execution debtor, makes a default in his duty he shall not be entitled to recover any remuneration for his charge and custody.

(*e*) Unless an order of court is produced to the messenger requiring him to detain any movable property under attachment for such further period as may be stipulated in such order, the messenger shall, if a sale in respect of such property is not pending, release from attachment any such property which he has removed to a place of security or left in the charge or custody of a person on his behalf and which has been detained in such a place of security or in the charge or custody of such person on his behalf for a period exceeding 6 weeks. If such order was made on application made *ex parte*, such order shall not be subject to confirmation.

(8) (*a*) Any movable property sold in execution of process of the court shall be sold publicly and for cash by the messenger or, with the approval of the magistrate, by an auctioneer or other person appointed by the

(5) Die geregsbode moet 'n afskrif van voornoemde inventaris, deur hom onderteken, aan die eksekusieskuldenaar oorhandig of dit op die perseel agterlaat en sodanige afskrif moet 'n kennisgewing van die beslaglegging daaraan toegevoeg hê.

(6) Wanneer geld en dokumente gevind en daarop beslag gelê word, moet die hoeveelheid en aard daarvan in die inventaris vermeld word en sodanige geld of dokumente word vervolgens verseël en onverwyld na die kantoor van die geregsbode oorgebring waar dit veilig bewaar word.

(7) (*a*) Waar op ander roerende goed as geld of dokumente beslag gelê is, moet die eksekusieskuldeiser of sy prokureur binne 10 dae na kennisgewing van sodanige beslaglegging die geregsbode skriftelik meedeel of die goed na 'n plek van veiligheid verwyder moet word of op die perseel onder die bewaring en toesig van die eksekusieskuldenaar of in die bewaring en toesig van iemand anders wat namens die geregsbode optree, gelaat moet word. Tensy aldus binne voornoemde tydperk meegedeel, moet die geregsbode die roerende goed, uitgesonderd geld of dokumente, op die perseel en in die besit van die persoon in wie se besit sodanige goed op beslag gelê is, laat: Met dien verstande dat die eksekusieskuldeiser of sy prokureur die geregsbode skriftelik kan gelas om onmiddellik al of enige van die artikels wat na die eksekusieskuldeiser glo in die besit van die eksekusieskuldenaar is uit die besit van die eksekusieskuldenaar te verwyder, mits die klerk van die hof, wat sy goedkeuring op die dokument waarin aldus gelas word, endosseer, by die uitreiking van die lasbrief vir eksekusie van die wenslikheid van onmiddellike verwydering oortuig word deur die eksekusieskuldeiser of sy prokureur.

(*b*) Wanneer 'n geregsbode soos voornoemd gelas word om roerende goed te verwyder, doen hy dit sonder vermybare versuim en laat sodanige goed intussen onder die toesig of bewaring van iemand wat namens hom die toesig of bewaring met betrekking tot die goed uitoefen.

(*c*) Iemand in wie se toesig of bewaring roerende goed waarop beslag gelê is, gelaat word, mag sodanige goed nie gebruik, verhuur of uitleen of toelaat dat dit gebruik, verhuur of uitgeleen word nie en doen niks op welke wyse ook al wat die waarde daarvan kan verminder nie en, indien die goed waarop beslag gelê is enige wins of vermeerdering voortgebring het, is die bewaarder aanspreeklik vir enige sodanige wins of vermeerdering op 'n soortgelyke wyse as wat hy is vir die goed waarop oorspronklik beslag gelê is.

(*d*) As so 'n bewaarder, uitgesonderd die eksekusieskuldenaar, versuim in die uitvoer van sy pligte, is hy nie geregtig om enige vergoeding vir sy toesig en bewaring te verhaal nie.

(*e*) Tensy 'n hofbevel aan die geregsbode voorgelê word waarin van hom vereis word dat hy roerende goed wat onder beslaglegging is vir sodanige verdere tydperk hou as wat in sodanige hofbevel vermeld is, moet die geregsbode, indien 'n verkoping van sodanige goed nie hangend is nie, enige sodanige goed wat hy na 'n veiligheidsplek verwyder het of onder die toesig of bewaring van iemand namens hom gelaat het en wat in sodanige veiligheidsplek of onder die toesig of bewaring van sodanige persoon namens hom vir langer as 6 weke gehou is, van beslaglegging vrystel. Indien sodanige bevel gegee is op 'n aansoek wat *ex parte* gedoen is, is sodanige bevel nie aan bekragtiging onderworpe nie.

(8) (*a*) Roerende goed wat ter tenuitvoerlegging van 'n geregtelike prosesstuk verkoop word, word deur die geregsbode of, met die goedkeuring van die landdros, deur 'n afslaer of ander persoon deur die geregsbode benoem

messenger, to the highest bidder at or as near to the place where the same was attached or to which the same had been so removed as aforesaid as may be advantageous for the sale therof;

(*b*) the execution creditor shall, after consultation with the messenger, prepare a notice of sale and furnish 2 copies thereof to the messenger in sufficient time to enable 1 copy to be affixed not later than 7 days before the day appointed for the sale on the notice board or door of the court-house or other public building in which the said court is holden and the other at or as near as may be to the place where the said sale is actually to take place;

(*c*) if in the opinion of the messenger the value of the goods attached exceeds R100 he shall indicate some local or other newspaper circulating in the district and require the execution creditor to publish the notice of sale in that newspaper not later than 7 days before the date appointed for the sale in addition to complying with paragraph (*b*) and to furnish him with a copy of the said paper in which the publication appeared not later than the day preceding the date of sale.

(9) The day appointed for the sale shall be not less than 14 days after attachment: Provided that where the goods attached are of a perishable nature, or with consent of the execution debtor, the court may, upon application, reduce any period referred to in this subrule or subrule (8) to such extent and on such conditions as it may think fit.

(10) A sale in execution shall be stopped as soon as sufficient money has been raised to satisfy the said warrant and any warrant referred to in rule 39 (2) and the costs of the sale.

(11) Should the messenger have a balance in hand after satisfaction of the claim of the execution creditor and of all warrants of execution lodged with him on or before the day immediately preceding the date of the sale and of all costs he shall pay the same to the execution debtor if he can be found, otherwise he shall pay such balance into court and the provisions of rule 18 (10) shall *mutatis mutandis* apply to any balance so paid into court.

42. (1) Where the property attached in execution is a lease or a bill of exchange, promissory note, bond or other security for the payment of money—

(*a*) attachment shall not be complete until after notice to the lessor, lessee or person liable on the bill of exchange or other security, as the case may be;

(*b*) the attachment shall not be valid unless and until the instrument in question is taken possession of by the messenger and notice has, in the case of a registered lease or bond, been given to the registrar of deeds concerned.

(2) Where the movable property sought to be attached is the interest of the execution debtor in property pledged, leased or sold under a suspensive condition to or by a third person—

(*a*) attachment shall be effected by service by the messenger on the execution debtor and on such third person of notice of the attachment with a copy of the warrant of execution, which service may be effected as if such notice were a summons: Provided that where service cannot be effected in any manner as prescribed

in die openbaar en vir kontant aan die hoogste bieër verkoop op die plek waar beslag op die goed gelê is of waarheen die goed aldus verwyder is of so na moontlik daaraan as wat vir die verkoop daarvan voordelig mag wees;

(*b*) die eksekusieskuldeiser moet, na oorlegpleging met die geregsbode, 'n kennisgewing van verkoping opstel en 2 afskrifte daarvan aan die geregsbode verstrek op so 'n tydstip dat die een afskrif minstens 7 dae voor die dag wat vir die verkoping vasgestel is, op die kennisgewingbord of die deur van die hofgebou of 'n ander openbare gebou waarin die hof gehou word en die ander op of so na moontlik aan die plek waar die verkoping werklik gaan plaasvind aangebring kan word;

(*c*) as die geregsbode van oordeel is dat die waarde van die goed waarop beslag gelê is 100 Rand oorskry, moet hy 'n plaaslike of ander nuusblad wat in die distrik sirkuleer, aanwys en vereis dat die eksekusieskuldeiser die kennisgewing van verkoping in daardie nuusblad minstens 7 dae voor die datum wat vir die verkoping vasgestel is, publiseer benewens die nakoming van paragraaf (*b*), en hom nie later nie as die dag voor die dag van die verkoping van 'n eksemplaar van sodanige nuusblad waarin die kennisgewing verskyn het, voorsien.

(9) Die dag wat vir die verkoping vasgestel word, moet minstens 14 dae na beslaglegging wees: Met dien verstande dat waar die goed waarop beslag gelê is van 'n bederfbare aard is, of met die toestemming van die eksekusieskuldenaar, die hof op aansoek enige tydperk in hierdie subreël of subreël (8) genoem, in so 'n mate en op sodanige voorwaardes as wat hy goed ag, kan verminder.

(10) 'n Verkoping in eksekusie word gestaak sodra 'n bedrag wat voldoende is om aan genoemde lasbrief en enige lasbrief in reël 39 (2) genoem, te voldoen en die koste van verkoping te dek, verkry is.

(11) Indien die geregsbode na voldoening aan die vordering van die eksekusieskuldeiser en aan alle lasbriewe vir eksekusie by hom op of voor die dag onmiddellik voor die datum van die verkoping ingedien en van alle koste 'n saldo oor het, moet hy dit aan die eksekusieskuldenaar betaal, indien hy gevind kan word, anders moet hy sodanige saldo geregtelik inbetaal en die bepaling van reël 18 (10) is *mutatis mutandis* van toepassing op enige saldo aldus geregtelik inbetaal.

42. (1) Wanneer die goed waarop beslag gelê is 'n huurkontrak of 'n wissel, promesse, verband of ander sekuriteit vir die betaling van geld is—

(*a*) is die beslaglegging nie voltooi nie voordat aan die verhuurder, huurder of die persoon wat op die wissel of ander sekuriteit aanspreeklik is, na gelang van die geval, kennis gegee is;

(*b*) is die beslaglegging nie geldig nie tensy en voordat die betrokke stuk deur die geregsbode in besit geneem is en, in die geval van 'n geregistreerde huurkontrak of verband kennis aan die betrokke registrateur van aktes gegee is.

(2) Waar die roerende goed waarop beslag gelê wil word die belang van die eksekusieskuldenaar in goed is wat aan of deur 'n derde verpand, verhuur of onder 'n opskortende voorwaarde verkoop is—

(*a*) geskied beslaglegging deurdat die geregsbode 'n kennisgewing van die beslaglegging met 'n afskrif van die lasbrief vir eksekusie aan die eksekusieskuldenaar en sodanige derde beteken, welke betekening kan geskied asof sodanige kennisgewing 'n dagvaarding is: Met dien verstande dat waar betekening nie op enige voorgeskrewe wyse kan geskied nie, die hof 'n bevel

the court may make an order allowing service to be effected in such manner as stated in the order;

(*b*) the messenger may, upon exhibiting the original of such warrant of execution to the pledgee, lessor, lessee, purchaser or seller, enter upon the premises where such property is and make an inventory and valuation of the said property.

(3) The method of attachment of property under section 32 of the Act shall *mutatis mutandis* be the same as that of attachment in execution.

RULE 43.

Execution against Immovable Property.

43. (1) A warrant of execution against immovable property shall contain a full and complete description of the nature and situation (including the address) of the immovable property to enable it to be traced and identified by the messenger, and shall be accompanied by sufficient information to enable the messenger to give effect to the provisions of subrule (2).

(2) The mode of attachment of immovable property shall be by notice by the messenger served in like manner as a summons together with a copy of the warrant of execution upon the execution debtor as owner thereof, upon the registrar of deeds or other officer charged with the registration of such immovable property, upon all registered holders of bonds (other than the execution creditor) registered against the property attached and, if the property is in the occupation of some person other than the execution debtor, also upon such occupier, and upon the local authority in whose area the property is situated.

(3) After attachment the messenger shall ascertain and record whether the said property is subject to any claim preferent to that of the execution creditor and, if that be the case, he shall thereupon notify the execution creditor of the existence of any such claim to enable the latter to give notice in terms of section 66 (2) of the Act.

(4) The messenger may by notice, served in like manner as a summons, require the execution debtor to deliver to him forthwith all documents in his possession or under his control relating in any way to his title to the said property.

(3) At the hearing of the application the court may, subject to the provisions of section 72 of the Act, order the garnishee to pay to the judgment creditor or his attorney out of emoluments accruing to the judgment debtor such sums at such future times as it may direct. Such order shall be served on the garnishee by the messenger.

(4) If the garnishee fails to pay to the judgment creditor or his attorney the sums of money at the times specified in such order, the judgment creditor may, on notice to the garnishee, make application for an order that execution issue against the garnishee.

(5) After hearing the parties the court may—

(*a*) dismiss the application;

(*b*) order that execution issue against the garnishee in respect of any sums payable and unpaid and of any costs ordered to be paid by him;

(*c*) order that the costs of the application be paid by either party;

(*d*) postpone the application in terms of section 72 (7) of the Act;

(*e*) make such other order as may be just.

(6) The provisions of rule 46 (2) to (12) inclusive, shall *mutatis mutandis* apply to applications in terms of this rule.

RULE 48.

Administration Orders.

48. (1) Should the administrator be an officer of the Public Service the remuneration referred to in section 74 (11) of the Act shall accrue to the State.

(2) Proceedings for the suspension, variation or rescission of an administration order may be instituted by any interested party on application. Where the application is made by the creditor, notice shall be given to the debtor and the administrator and where the application is made by the debtor, notice shall be given to all other interested parties.

(3) The clerk of the court shall notify the administrator upon an order in terms of section 74 (1) of the Act being granted.

(4) The application and statements referred to in section 74 (1) and (2) of the Act shall be lodged with the clerk of the court at least 10 days before the hearing of the application.

REËL 47.

Beslaglegging op Besoldiging by Wyse van 'n Skuldbeslagorder.

47. (1) Aansoek om beslaglegging op besoldiging word gedoen by kennisgewing aan die vonnisskuldenaar.

(2) Die kennisgewing word gesteun deur 'n beëdigde verklaring waarin vermeld word—

(*a*) die besonderhede in reël 46 (1) (*a*), (*b*), (*c*) en (*d*) vermeld;

(*b*) dat besoldiging verskuldig is of in die toekoms verskuldig sal wees deur die beslagskuldenaar of van hom toekom of sal toekom aan die vonnisskuldenaar;

(*c*) die weeklikse of maandelikse bedrag waarom aansoek gedoen sal word; en

(*d*) dat die vonnisskuldenaar voldoende middele sal oorhê om homself en sy afhanklikes te onderhou nadat aan die order voldoen is.

(3) By aanhoring van die aansoek kan die hof, behoudens die bepalings van artikel 72 van die Wet, die beslagskuldenaar beveel om aan die vonnisskuldeiser of sy prokureur uit die besoldiging wat aan die vonnisskuldenaar toekom sodanige bedrae op sodanige toekomstige datums as wat die hof bepaal, te betaal. Sodanige bevel word deur die geregsbode aan die beslagskuldenaar beteken.

(4) Indien die beslagskuldenaar versuim om sodanige bedrae op die datums in die bevel genoem aan die vonnisskuldeiser of sy prokureur te betaal, kan die vonnisskuldeiser, na kennisgewing aan die beslagskuldenaar, om 'n lasbrief vir eksekusie teen die beslagskuldenaar aansoek doen.

(5) Na aanhoring van die partye kan die hof—

(*a*) die aansoek afwys;

(*b*) beveel dat 'n lasbrief vir eksekusie teen die beslagskuldenaar uitgereik word ten opsigte van enige bedrag wat deur hom betaalbaar is en wat nog onbetaal is en van enige koste wat hy beveel is om te betaal;

(*c*) beveel dat die koste van die aansoek deur die een of die ander party betaal word;

(*d*) die aansoek kragtens artikel 72 (7) van die Wet uitstel;

(*e*) sodanige ander bevel gee as wat billik geag word.

(6) Die bepalings van reël 46 (2) tot en met (12) is *mutatis mutandis* op aansoeke kragtens hierdie reël van toepassing.

REËL 48.

Administrasie-orders.

48. (1) Indien die administrateur 'n amptenaar van die Staatsdiens is, val die besoldiging in artikel 74 (11) van die Wet genoem die Staat toe.

(2) Verrigtinge vir die opskorting, wysiging of vernietiging van 'n administrasie-order kan op aansoek deur enige belanghebbende party ingestel word. Wanneer die aansoek deur die skuldeiser gedoen word, moet kennis aan die skuldenaar en die administrateur gegee word en wanneer die aansoek deur die skuldenaar gedoen word, moet kennis aan alle ander belanghebbende partye gegee word.

(3) Wanneer 'n order kragtens artikel 74 (1) van die Wet gegee word, moet die klerk van die hof die administrateur daarvan in kennis stel.

(4) Die aansoek en state in artikel 74 (1) en (2) van die Wet genoem, moet minstens 10 dae voor die aanhoring van die aansoek by die klerk van die hof ingedien word.

(5) The debtor shall ensure that all notices given in terms of section 74 (3) of the Act bear the number of the application.

RULE 49.

Review of Judgments.

49. (1) Any party to an action or proceedings in which a default judgment is given may apply to the court to rescind or vary such judgment provided that the application shall be set down for hearing on a date within 6 weeks after such judgment has come to his knowledge.

(2) Every such application shall be on affidavit which shall set forth shortly the reasons for the applicant's absence or default of delivery of a notice of intention to defend or of a plea and, if he be the defendant or respondent, the grounds of defence to the action or proceedings in which the judgment was given or of objection to the judgment.

(3) Save where leave has been given to defend as a *pro Deo* litigant in terms of rule 53, no such application shall be set down for hearing until the applicant has paid into court, to abide the directions of the court, the amount of the costs awarded against him under such judgment and also the sum of R12 as security for the costs of the application: Provided that the judgment creditor may by consent in writing lodged with the clerk of the court, waive compliance with this requirement.

(4) Where the amount of the costs awarded against the applicant under such judgment has not at the date of the hearing of the application been taxed the clerk of the court shall assess the approximate amount of such costs and the amount so assessed shall be paid into court.

(5) The provisions of rule 18 (10) shall *mutatis mutandis* apply to moneys paid into court under this rule.

(6) Unless the applicant proves the contrary, it shall be presumed that he had knowledge of such judgment within 2 days after the date thereof.

(7) The court may on the hearing of any such application, unless it is proved that the applicant was in wilful default and if good cause be shown, rescind or vary the judgment in question and may give such directions and extensions of time as may be necessary in regard to the further conduct of the action or application.

(8) The court may also make such order as may be just in regard to moneys paid into court by the applicant.

(9) If such application is dismissed, the judgment shall become a final judgment.

(10) This rule shall *mutatis mutandis* govern all proceedings for the rescission or variation of any judgment by the court in the exercise of the jurisdiction conferred by section 36 of the Act.

(11) Where rescission or variation of a judgment is sought on the ground that it is void *ab origine* or was obtained by fraud or mistake, application may be made not later than 1 year after the applicant first had knowledge of such fraud or mistake.

(12) Any judgment of the court may, on the application of any person affected thereby who was not a party to the action or matter made within 1 month after he has knowledge thereof, be so rescinded or varied by the court.

(13) The provisions of subrules (1) to (9) inclusive shall *mutatis mutandis* apply to any such application.

(5) Die skuldenaar moet toesien dat alle kennisgewings kragtens artikel 74 (3) van die Wet, die nommer van die aansoek bevat.

REËL 49.

Hersiening van Vonnisse.

49. (1) 'n Party in 'n aksie of verrigtinge waarin 'n vonnis by verstek gegee is, kan by die hof aansoek doen om sodanige vonnis te vernietig of te wysig mits die aansoek vir aanhoring op 'n datum binne 6 weke nadat hy sodanige vonnis te wete gekom het, ter rolle geplaas word.

(2) Sodanige aansoek geskied by wyse van beëdigde verklaring waarin die redes vir die applikant se afwesigheid of versuim om 'n kennisgewing van voorneme om te verdedig of 'n verweerskrif af te lewer en, indien hy die verweerder of respondent is, die gronde van verweer teen die aksie of verrigtinge waarin die vonnis gegee is of van beswaar teen die vonnis, kortliks vermeld word.

(3) Behalwe waar verlof verleen is om as 'n *pro Deo*-gedingvoerder kragtens reël 53 te verdedig, word geen sodanige aansoek vir aanhoring ter rolle geplaas nie alvorens die applikant, in afwagting van die bevel van die hof, die bedrag van die koste wat kragtens sodanige vonnis teen hom toegeken is asook die bedrag van 12 rand as sekerheidstelling vir die koste van die aansoek, geregtelik inbetaal het: Met dien verstande dat die vonnisskuldeiser by skriftelike toestemming by die klerk van die hof ingedien, van hierdie vereiste kan afsien.

(4) Indien die bedrag van die koste wat kragtens sodanige vonnis teen die applikant toegeken is nog nie op die datum van aanhoring van die aansoek getakseer is nie, moet die klerk van die hof die bedrag van sodanige koste by benadering bepaal en die bedrag aldus bepaal, moet geregtelik inbetaal word.

(5) Die bepalings van reël 18 (10) is *mutatis mutandis* van toepassing op gelde wat kragtens hierdie reël geregtelik inbetaal is.

(6) Tensy die applikant die teendeel bewys, word vermoed dat hy kennis van sodanige vonnis binne 2 dae na die datum daarvan gedra het.

(7) Die hof kan, by die aanhoring van sodanige aansoek, tensy bewys word dat die applikant opsetlik in gebreke gebly het en mits gegronde rede aangevoer word, die betrokke vonnis vernietig of wysig en kan sodanige bevele gee en uitstel verleen as wat vir die verdere voer van die aksie of aansoek nodig mag wees.

(8) Die hof kan ook sodanige bevel ten opsigte van die gelde wat deur die applikant geregtelik inbetaal is, gee as wat hy goedvind.

(9) Indien die aansoek afgewys word, word die vonnis 'n eindvonnis.

(10) Hierdie reël is *mutatis mutandis* ten opsigte van alle verrigtinge vir die vernietiging of wysiging van enige vonnis van die hof in die uitoefening van sy regsbevoegdheid kragtens artikel 36 van die Wet van toepassing.

(11) Wanneer die vernietiging of wysiging van 'n vonnis op grond daarvan dat dit *ab origine* nietig is of op grond van bedrog of dwaling verlang word, kan aansoek hoogstens 1 jaar nadat die applikant vir die eerste keer sodanige bedrog of dwaling te wete gekom het, gedoen word.

(12) 'n Vonnis van die hof kan op aansoek van iemand wat daardeur geraak word wat nie 'n party in die aksie of aangeleentheid was nie, gedoen binne 1 maand nadat hy dit te wete gekom het, aldus deur die hof vernietig of gewysig word.

(13) Die bepalings van subreëls (1) tot en met (9) is *mutatis mutandis* op enige sodanige aansoek van toepassing.

RULE 50.

Appeals and Transfer of Actions to Magistrates' Courts.

50. (1) Where an appeal lies to a magistrate's court it may be noted by delivery of notice within 7 days after the date of the judgment appealed against.

(2) The notice of appeal shall set out concisely and distinctly the grounds of appeal.

(3) The party noting the appeal shall prosecute the same within 21 days after the noting of the appeal.

(4) The hearing of the appeal shall be subject to the delivery by the appellant of notice of set-down for a day approved by the clerk of the court.

(5) Such notice shall be delivered at least 7 days before the day of hearing.

(6) At any time after delivery of notice of appeal but not later than delivery of notice of set-down the appellant shall cause to be filed with the clerk of the court the record, or a duly certified copy thereof, of the proceedings which resulted in the judgment or decision appealed against.

(7) Subject to the provisions of any other law regulating procedure of the court on such appeals, the court may, in its discretion, grant leave to a party to adduce oral evidence at the hearing of the appeal or proceed by way of rehearing either in whole or in part.

(8) The court may in its discretion award to either party the costs incurred in the appeal. Such costs shall be taxed on such scale of costs prescribed for actions in the court as the court may direct.

(9) The summons or other initial document issued in a case transferred to a court in terms of rule 39 (22) of the rules regulating the conduct of the proceedings of the several provincial and local divisions of the Supreme Court of South Africa shall stand as summons commencing an action in the court to which such case has been so transferred and shall, subject to any right the defendant may have to except thereto, be deemed to be a valid summons, issued in terms of the rules and any matter done or order given in the court from which such case has been transferred shall be deemed to have been done or given in the court to which such case has been so transferred and the case shall thereupon proceed from the appropriate stage following the stage at which it was terminated before such transfer.

(10) Costs incurred in the case before transfer as aforesaid shall, unless the court otherwise directs, be cost in the cause.

RULE 51.

Appeals in Civil Cases.

51. (1) Upon a request in writing by any party within 7 days after judgment and before noting an appeal and upon payment by such party of a fee of R10, which shall be affixed to such request in the form of a revenue stamp, the judicial officer shall within 14 days hand to the clerk of the court a written judgment which shall become part of the record showing—

(*a*) the facts he found to be proved; and

(*b*) his reasons for judgment.

REËL 50.

Appèlle en Oorplasing van Aksies na Landdroshowe.

50. (1) Wanneer 'n reg van appèl na 'n landdroshof bestaan, kan sodanige appèl aangeteken word deur die aflewering van 'n kennisgewing binne 7 dae na die datum van die vonnis waarteen geappelleer word.

(2) Die kennisgewing van appèl moet die gronde van appèl bondig en duidelik vermeld.

(3) Die party wat die appèl aanteken, moet daarmee binne 21 dae nadat dit aangeteken is, voortgaan.

(4) Die aanhoor van die appèl is onderworpe aan die aflewering deur die appellant van 'n kennisgewing van terolleplasing vir 'n dag deur die klerk van die hof goedgekeur.

(5) Sodanige kennisgewing moet ten minste 7 dae voor die dag van aanhoring afgelewer word.

(6) Die appellant moet te eniger tyd na aflewering van die kennisgewing van appèl maar nie later as die aflewering van die kennisgewing van terolleplasing nie, die notule, of 'n behoorlik gewaarmerkte afskrif daarvan, van die verrigtinge wat tot die vonnis of beslissing waarteen geappelleer word aanleiding gegee het, by die klerk van die hof laat indien.

(7) Behoudens die bepalings van enige ander wet wat die prosedure van die hof ten opsigte van sodanige appèlle reël, kan die hof, in die uitoefening van sy diskresie, aan 'n party verlof verleen om by die aanhoor van die appèl mondelinge getuienis aan te voer of oorgaan tot algehele of gedeeltelike herverhoor.

(8) Die hof kan in die uitoefening van sy diskresie die koste wat in die appèl aangegaan is aan enigeen van die partye toeken. Sodanige koste moet getakseer word volgens sodanige tarief van koste wat vir aksies in die hof voorgeskryf is, as wat die hof gelas.

(9) Die dagvaarding of ander eerste dokument wat uitgereik is in 'n saak wat ingevolge reël 39 (22) van die reëls waarby die verrigtings van die provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word na 'n hof oorgeplaas is, hou stand as dagvaarding waarby 'n aksie in die hof waarheen sodanige saak oorgeplaas is, begin word en word, behoudens enige reg wat die verweerder mag hê om eksepsie daarteen op te werp, geag 'n geldige dagvaarding te wees wat ingevolge die reëls uitgereik is en enigiets gedoen of bevel gegee in die hof waaruit sodanige saak oorgeplaas is, word geag gedoen of gegee te gewees het in die hof waarheen sodanige saak aldus oorgeplaas is en die saak word daarop voortgesit vanaf die gepaste stadium volgende op die stadium waarin dit voor sodanige oorplasing gestaak is.

(10) Koste in die saak voor oorplasing soos voornoem aangegaan, word, tensy die hof anders gelas, koste in die geding.

REËL 51.

Appèlle in Siviele Sake.

51. (1) Die regterlike amptenaar moet by ontvangs van 'n skriftelike versoek deur 'n party gedoen binne 7 dae na vonnis en voordat 'n appèl aangeteken word en teen betaling deur sodanige party van 'n geld van R10, wat by wyse van 'n inkomsteseël op sodanige versoek aangebring word, binne 14 dae 'n skriftelike vonnis, wat deel van die stukke in die saak uitmaak, by die klerk van die hof indien waarin vermeld word—

(*a*) die feite wat hy bevind het bewys te wees; en

(*b*) sy redes vir vonnis.

(2) The clerk of the court shall forthwith on receipt from the judicial officer of such written judgment supply to the party applying therefor a copy of such judgment and shall endorse on the original minutes of record the date on which the copy of such judgment was so supplied.

(3) An appeal may be noted within 21 days after the date of the judgment appealed against or within 14 days after the clerk of the court has so supplied a copy of the written judgment to the party applying therefor, whichever period shall be the longer.

(4) An appeal shall be noted by the delivery of notice, and, unless the court of appeal shall otherwise order, by giving security for the respondent's costs of appeal to the amount of R100: Provided that no security shall be required from the State.

(5) Money paid into court under subrule (4) and outstanding for more than 3 years, may be paid into the Consolidated Revenue Fund, after 3 months' notice of such intention in writing has been given to the parties concerned. Thereafter the parties concerned may apply for a refund of the amount paid into the said Fund.

(6) A cross-appeal shall be noted by the delivery of notice within 8 days after the delivery of the notice of appeal.

(7) A notice of appeal or cross-appeal shall state—

(*a*) whether the whole or part only of the judgment is appealed against, and if part only, then what part;

(*b*) the grounds of appeal, specifying the findings of fact or rulings of law appealed against; and

(*c*) the division of the Supreme Court of South Africa to which the appeal is noted.

(8) (*a*) Upon the delivery of a notice of appeal the judicial officer shall within 14 days thereafter hand to the clerk of the court a statement in writing showing (so far as may be necessary having regard to any written judgment already handed in by him)—

(i) the facts he found to be proved;

(ii) the grounds upon which he arrived at any finding of fact specified in the notice of appeal as appealed against; and

(iii) his reasons for any ruling of law or for the admission or rejection of any evidence so specified as appealed against.

(*b*) Such statement shall become part of the record.

(*c*) The provisions of this rule shall also, so far as may be necessary, apply to a cross-appeal.

(9) The party noting an appeal or a cross-appeal shall prosecute the same within such time as may be prescribed by rule of the court of appeal and, in default of such prosecution, the appeal or cross-appeal shall be deemed to have lapsed, unless the court of appeal shall see fit to make an order to the contrary.

(10) The clerk of the court shall, within 14 days after he receives notice that an appeal has been set down for hearing, transmit to the registrar of the court of appeal the record in the action duly certified.

(2) Die klerk van die hof moet onmiddellik nadat hy sodanige skriftelike vonnis van die regterlike amptenaar ontvang het, aan die party wat daarom aansoek gedoen het 'n afskrif van sodanige vonnis verskaf en endosseer op die oorspronklike notule van die verrigtinge die datum waarop die afskrif van sodanige vonnis aldus verskaf is.

(3) 'n Appèl kan binne 21 dae na die datum van die vonnis waarteen geappelleer word of binne 14 dae nadat die klerk van die hof 'n afskrif van die skriftelike vonnis aan die party wat daarom aansoek doen, aldus verskaf het, watter tydperk ook al die langste is, aangeteken word.

(4) 'n Appèl word aangeteken deur die aflewering van 'n kennisgewing en, tensy die hof van appèl anders beveel, deur sekerheid ten bedrae van R100 vir die respondent se appèlkoste te stel: Met dien verstande dat geen sekerheid van die Staat vereis word nie.

(5) Gelde wat kragtens subreël (4) geregtelik inbetaal is en wat vir meer as 3 jaar onuitbetaal is, kan in die Gekonsolideerde Inkomstefonds inbetaal word nadat 3 maande skriftelike kennis van sodanige voorneme aan die betrokke partye gegee is. Daarna kan die betrokke partye aansoek doen om 'n terugbetaling van die bedrag in die genoemde fonds inbetaal.

(6) 'n Teenappèl word aangeteken deur die aflewering van 'n kennisgewing binne 8 dae na die aflewering van 'n kennisgewing van appèl.

(7) 'n Kennisgewing van appèl of teenappèl moet vermeld—

(*a*) of teen die hele vonnis of slegs teen 'n gedeelte daarvan geappelleer word en, indien slegs teen 'n gedeelte, dan teen watter gedeelte;

(*b*) die gronde van appèl, met vermelding van die feitlike bevindings of regsbeslissings waarteen geappelleer word; en

(*c*) die afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika waarheen appèl aangeteken word.

(8) (*a*) Die regterlike amptenaar moet, by die aflewering van 'n kennisgewing van appèl, binne 14 dae daarna 'n skriftelike verklaring (vir sover dit met inagneming van enige skriftelike vonnis alreeds deur hom ingedien, nodig mag wees) by die klerk van die hof indien waarin vermeld word—

(i) die feite wat hy bevind het bewys te wees;

(ii) die gronde waarop hy tot bevinding met betrekking tot feite in die kennisgewing van appèl vermeld en waarteen geappelleer word, gekom het; en

(iii) sy redes vir enige regsbeslissing of vir die toelating of verwerping van enige getuienis aldus vermeld en waarteen geappelleer word.

(*b*) Sodanige verklaring maak deel uit van die stukke in die saak.

(*c*) Die bepalings van hierdie reël is, sover nodig, ook op 'n teenappèl van toepassing.

(9) Die party wat 'n appèl of teenappèl aanteken, moet dit voortsit binne die tyd wat deur 'n reël van die hof van appèl voorgeskryf mag word en, as hy versuim om dit te doen, word geag dat die appèl of teenappèl verval het, tensy die hof van appèl dit goedag om 'n bevel tot die teendeel te gee.

(10) Die klerk van die hof moet binne 14 dae nadat hy kennis ontvang het dat 'n appèl vir aanhoring ter rolle geplaas is, die stukke in die saak, behoorlik gewaarmerk, aan die griffier van die hof van appèl stuur.

(11) (*a*) A respondent desiring to abandon the whole or any part of a judgment appealed against may do so by the delivery of a notice in writing stating whether he abandons the whole, or if part only, what part of such judgment.

(*b*) Every such notice of abandonment shall become part of the record.

(12) Where the parties agree in terms of section 82 of the Act that the decision of the court shall be final, either party may lodge the memorandum of such agreement with the clerk of the court, and such memorandum shall thereupon become part of the record in the action or matter.

RULE 52.

Representation of Parties.

52. (1) (*a*) A party may institute or defend and may carry to completion any legal proceedings either in person or by a practitioner.

(*b*) A local authority, company or other incorporated body in doing so may act through an officer thereof nominated by it for the purpose.

(*c*) A partnership or group of persons associated for a common purpose in doing so may act through a member thereof nominated by it for the purpose.

(*d*) No person acting under paragraphs (*a*), (*b*) or (*c*) other than a practitioner shall be entitled to recover therefor any costs other than necessary disbursements.

(2) It shall not be necessary for any person to file a power of attorney to act, but the authority of any person acting for a party may be challenged by the other party within 7 days after he has noticed that such person is so acting or with the leave of the court for good cause shown at any time before judgment and thereupon such person may not, without the leave of the court, so act further until he has satisfied the court that he has authority so to act and the court may adjourn the hearing of the action or application to enable him to do so.

(3) If a party dies or becomes incompetent to continue an action the action shall thereby be stayed until such time as an executor, trustee, guardian or other competent person has been appointed in his place or until such incompetence shall cease to exist.

(4) Where an executor, trustee, guardian or other competent person has been so appointed, the court may, on application, order that he be substituted in the place of the party who has so died or become incompetent.

RULE 53.

Pro Deo Applicants.

53. (1) Any person desiring to sue or defend as a *pro Deo* litigant may apply to the court on notice to the party to be sued or to the plaintiff, as the case may be, for leave to do so. The applicant shall deliver with such notice an affidavit made by himself setting out fully the grounds of action or of defence on which he intends to rely and particulars of his means.

(11) (*a*) 'n Respondent wat afstand wil doen van die hele vonnis of van 'n gedeelte van 'n vonnis waarteen geappelleer word, kan dit doen deur die aflewering van 'n skriftelike kennisgewing waarin vermeld word of hy van die hele vonnis afstand doen, of indien slegs van 'n gedeelte daarvan, van watter gedeelte van sodanige vonnis.

(*b*) Elke sodanige kennisgewing van afstanddoening maak deel van die stukke in die saak uit.

(12) Wanneer die partye kragtens artikel 82 van die Wet ooreenkom dat die beslissing van die hof 'n eindbeslissing sal wees, kan enigeen van die partye die memorandum van so 'n ooreenkoms by die klerk van die hof indien en sodanige memorandum maak daarna deel van die stukke in die aksie of aangeleentheid uit.

REËL 52.

Verteenwoordiging van Partye.

52. (1) (*a*) 'n Party kan, hetsy persoonlik of deur 'n praktisyn, 'n regsgeding instel of verdedig en dit tot voltooiing voer.

(*b*) 'n Plaaslike owerheid, maatskappy of ander liggaam met regspersoonlikheid beklee, kan, wanneer hy aldus doen, deur 'n amptenaar daarvan, wat hy vir die doel benoem het, optree.

(*c*) 'n Vennootskap of groep persone wat vir 'n gemeenskaplike doel verenig is, kan, wanneer hy aldus doen, deur 'n lid daarvan, wat hy vir die doel benoem het, optree.

(*d*) Niemand, behalwe 'n praktisyn, wat kragtens paragrawe (*a*), (*b*) of (*c*) optree, is geregtig om enige koste daarvoor, behalwe noodsaaklike uitgawes, te verhaal nie.

(2) Niemand hoef 'n volmag om op te tree in te dien nie, maar die bevoegdheid van enigeen wat namens 'n party optree, kan deur die ander party binne 7 dae nadat hy te wete gekom het dat sodanige persoon aldus optree of met verlof van die hof by aanvoering van goeie gronde te eniger tyd voor vonnis betwis word en daarna kan sodanige persoon nie sonder verlof van die hof verder aldus optree nie alvorens hy die hof oortuig het dat hy bevoeg is om aldus op te tree en ten einde hom daartoe in staat te stel, kan die hof die verhoor van die aksie of aansoek uitstel.

(3) Indien 'n party te sterwe kom of onbekwaam raak om 'n aksie voort te sit, word die aksie daardeur opgeskort totdat 'n eksekuteur, kurator, voog of ander bevoegde persoon in sy plek aangestel is of totdat sodanige onbekwaamheid tot 'n einde kom.

(4) Wanneer 'n eksekuteur, kurator, voog of ander bevoegde persoon aldus aangestel is, kan die hof, op aansoek, beveel dat hy in die plek gestel word van die party wat aldus te sterwe gekom of onbekwaam geraak het.

REËL 53.

Pro Deo-Applikante.

53. (1) Iemand wat as 'n *pro Deo*-gedingvoerende party wil dagvaar of verdedig, kan by die hof na kennisgewing aan die party wat gedagvaar moet word of aan die eiser, na gelang van die geval, aansoek doen om verlof om dit te doen. Tesame met sodanige kennisgewing moet die applikant 'n beëdigde verklaring, wat hyself afgelê het, aflewer waarin hy die gronde vir die aksie of verweer waarop hy voornemens is om te steun en besonderhede van sy middele, volledig uiteensit.

(2) The clerk of the court shall, at the request of the applicant and on the direction of a judicial officer, write out such notice and affidavit, notwithstanding that the claim or value of the matter in dispute exceeds 20 rand and no fee shall be payable by the applicant for such assistance.

(3) The court may upon any such application—

(*a*) examine the applicant on oath as to his right of action or grounds of defence, and as to his means;

(*b*) require the applicant to call further evidence with reference to either question;

(*c*) refer any such application to an attorney for investigation and report as to the applicant's means and whether he has a *prima facie* right of action or defence, as the case may be.

(4) If the court is thereafter satisfied that the applicant has a *prima facie* right of action or of defence and is not possessed of means sufficient to enable him to pay the costs of the action, court fees and messenger's charges and will not be able within a reasonable time to provide such sums from his earnings, the court may order—

(*a*) that process of the court shall be issued and served free of charge to the applicant other than for the disbursements of the messenger; and

(*b*) that an attorney be appointed to act for such applicant; or

(*c*) that the clerk of the court, without charge, write out such process, affidavits, notices and other documents as may be required to comply with these rules.

(5) If the *pro Deo* litigant succeeds and is awarded costs against his opponent he shall, subject to taxation, be entitled to include and recover in such costs his attorney's costs and also the court fees and messenger's charges so remitted and if he shall recover either the principal amount, the interest or the costs, he shall first pay and make good thereout *pro rata* all such costs, fees and charges.

(6) If the *pro Deo* litigant does not succeed or recover upon a judgment in his favour no fees shall be taken from him by the attorney so appointed to act for him.

(7) An order made under this rule—

(*a*) shall not exempt the *pro Deo* litigant from liability to be adjudged to pay adverse costs; and

(*b*) may, on application at any time before judgment by any person affected thereby, be reviewed and rescinded or varied by the court for good cause shown.

RULE 54.

Actions by and against Partners, a Person carrying on Business in a Name or Style other than his own Name, an unincorporated Company, Syndicate or Association.

54. (1) Any two or more persons claiming or being sued as co-partners may sue or be sued in the name of the firm of which such persons were co-partners at the time of the accruing of the cause of action. In any such case any party may by notice require from the party so suing or sued a statement of the names and places of residence of the persons who were at the time of the accruing of the cause of action co-partners in any such firm.

(2) Op versoek van die applikant en in opdrag van 'n regterlike amptenaar, moet die klerk van die hof sodanige kennisgewing en beëdigde verklaring uitskryf ondanks die feit dat die vordering of die waarde van die saak in geskil meer as R20 bedra en die applikant hoef geen gelde vir sodanige bystand te betaal nie.

(3) Die hof kan by enige sodanige aansoek—

(*a*) die applikant onder eed omtrent sy reg van aksie of gronde van verweer en sy middele ondervra;

(*b*) vereis dat die applikant verdere getuienis met betrekking tot die een of die ander van hierdie aangeleenthede aanvoer;

(*c*) die aansoek na 'n prokureur verwys vir ondersoek na en verslag oor die applikant se middele en of hy 'n *prima facie*-reg van aksie of verweer het, na gelang van die geval.

(4) As die hof daarna oortuig is dat die applikant 'n *prima facie*-reg van aksie of verweer het en nie oor voldoende middele beskik om die koste van die aksie, hof- en geregsbodegelde te betaal nie en nie in staat sal wees om binne 'n redelike tyd sulke bedrae uit sy verdienste te verskaf nie, kan die hof beveel—

(*a*) dat die geregtelike prosesstukke, sonder koste vir die applikant uitgereik en beteken moet word met uitsondering van die uitgawes van die geregsbode; en

(*b*) dat 'n prokureur aangestel word om vir sodanige applikant op te tree; of

(*c*) dat die klerk van die hof sodanige prosesstukke, beëdigde verklarings, kennisgewings en ander dokumente wat ter voldoening aan hierdie reëls nodig is, kosteloos uitskryf.

(5) Indien die *pro Deo*-gedingvoerende party slaag en koste teen sy teenparty aan hom toegeken word, is hy, onderworpe aan taksasie, geregtig om by sodanige koste die koste van sy prokureur asook die hof- en geregsbodegelde waarvan hy aldus vrygestel is, in te sluit en te verhaal en indien hy òf die hoofsom, die rente òf die koste verhaal, moet hy eers al sodanige koste en gelde *pro rata* daaruit vereffen.

(6) Indien die *pro Deo*-gedingvoerder nie slaag nie of niks kragtens 'n vonnis in sy guns verhaal nie, mag die prokureur wat aldus aangestel is om vir hom op te tree geen gelde van hom vorder nie.

(7) 'n Bevel wat kragtens hierdie reël gegee is—

(*a*) stel die *pro Deo*-gedingvoerende party nie daarvan vry dat daar uitspraak oor hom gedoen word om die koste van die teenparty te betaal nie; en

(*b*) kan op aansoek gedoen te eniger tyd voor vonnis deur enigeen wat daardeur geraak word, deur die hof in hersiening geneem en vernietig of gewysig word indien gegronde redes aangevoer word.

REËL 54.

Aksies Deur en Teen Vennote, Iemand wat Handel Dryf Onder 'n Ander Naam of Betiteling as sy Eie Naam, 'n Maatskappy, Sindikaat of Vereniging Sonder Regspersoonlikheid.

54. (1) Twee of meer persone wat as medevennote dagvaar of gedagvaar word, kan in die naam van die firma waarin sodanige persone medevennote was op die tydstip toe die skuldoorsaak ontstaan het, dagvaar of gedagvaar word. In so 'n geval kan enige party by kennisgewing vereis dat die party wat aldus dagvaar of gedagvaar word 'n opgawe verstrek van die name en woonplekke van die persone wat op die tydstip toe die skuldoorsaak ontstaan het medevennote in sodanige firma was.

(2) The party receiving such notice shall, within 3 days after receipt thereof, deliver the statement required.

(3) When the names of the partners are so declared, the action shall proceed in the same manner and the same consequences in all respects shall follow as if they had been named in the summons; but all the proceedings shall nevertheless continue in the name of the firm.

(4) Any person carrying on business in a name or style other than his own name may sue or be sued in such name or style as if it were a firm name; and so far as the nature of the case will permit, all the provisions of this rule relating to proceedings against firms shall apply.

(5) The provisions of this rule shall also *mutatis mutandis* apply to an unincorporated company, syndicate or association.

(6) When action has been instituted by or against a firm or by or against a person carrying on business in a name or style other than his own name or by or against an unincorporated company, syndicate or association in the name of the firm or in such name or style or in the name of the company, syndicate or association, as the case may be, the court may on the application of the other party to the action made at any time either before or after judgment on notice to a person alleged to be a partner in such firm or the person so carrying on business, or a member of such company, syndicate or association, declare such person to be a partner, the person so carrying on business or a member, as the case may be, and on the making of such order the provisions of subrule (3) shall apply as if the name of such person had been declared in a statement delivered as provided in subrule (2).

RULE 55.

Applications.

55. (1) Except where otherwise provided, an application to the court for an order affecting any other person shall be on notice, in which shall be stated shortly the terms of the order applied for and the time when the application will be made to the court. Delivery of such notice shall be effected in the case where the State is the respondent, not less than 14 days and in any other case not less than 3 days before the date of hearing.

(2) Except where otherwise provided, an application need not be supported by affidavit but in the event of any dispute arising as to the facts, the court may—

(*a*) receive evidence either *viva voce* or by affidavit and try the issues in dispute in a summary manner; or

(*b*) order that the issue shall be tried by way of action, that the applicant shall be plaintiff and the respondent be defendant and that the notice of application shall stand as summons or that the applicant shall deliver such particulars of his claim as are prescribed in rule 6 within 7 days or such shorter time as the court may appoint.

(3) For the purposes of the action, appearance to defend shall be deemed, when the notice of application is ordered to stand as summons, to have been entered on the day on which such order is made, and when the applicant is ordered under this rule to file particulars, to have been entered on the day on which such particulars are delivered.

(2) Die party wat sodanige kennisgewing ontvang, moet binne 3 dae na ontvangs daarvan die vereiste opgawe aflewer.

(3) Wanneer die name van die vennote aldus opgegee word, gaan die aksie voort op dieselfde wyse en ontstaan in alle opsigte dieselfde gevolge asof hul name in die dagvaarding genoem was; maar alle verrigtinge moet nietemin in die naam van die firma voortgaan.

(4) Iemand wat onder 'n ander naam of betiteling as sy eie handel dryf, kan onder sodanige naam of betiteling dagvaar of gedagvaar word asof dit 'n firmanaam is; en vir sover die aard van die saak dit toelaat, is al die bepalings van hierdie reël met betrekking tot verrigtinge teen firmas van toepassing.

(5) Die bepalings van hierdie reël is *mutatis mutandis* op 'n maatskappy, sindikaat of vereniging sonder regspersoonlikheid van toepassing.

(6) Wanneer 'n aksie ingestel is deur of teen 'n firma of deur of teen 'n persoon wat onder 'n ander naam of betiteling as sy eie besigheid dryf of deur of teen 'n maatskappy, sindikaat of vereniging sonder regspersoonlikheid in die naam van die firma of onder sodanige naam of betiteling of in die naam van die maatskappy, sindikaat of vereniging, na gelang van die geval, kan die hof op aansoek van die ander party in die aksie, gedoen te eniger tyd voor of na vonnis, by kennisgewing aan iemand wat beweer word 'n vennoot in sodanige firma of die persoon wat aldus besigheid dryf of 'n lid van sodanige maatskappy, sindikaat of vereniging te wees, verklaar dat so iemand of so 'n persoon 'n vennoot, die persoon wat aldus besigheid dryf of 'n lid is, na gelang van die geval, en wanneer so 'n bevel gegee word, is die bepalings van subreël (3) van toepassing asof die naam van sodanige persoon in 'n opgawe wat kragtens subreël (2) afgelewer is, vermeld was.

REËL 55.

Aansoeke.

55. (1) Behoudens andersluidende bepalings, word 'n aansoek by die hof om 'n bevel wat 'n ander persoon raak, deur middel van 'n kennisgewing gedoen wat kortliks die inhoud van die gevraagde bevel asook die tyd waarop die aansoek by die hof gedoen sal word, uiteengesit. Aflewering van sodanige kennisgewing moet, in die geval waar die Staat die respondent is, minstens 14 dae en in enige ander geval minstens 3 dae voor die datum van aanhoring geskied.

(2) Behoudens andersluidende bepalings, hoef 'n aansoek nie deur 'n beëdigde verklaring gesteun te word nie, maar indien 'n feitegeskil ontstaan, kan die hof—

(*a*) getuienis hetsy mondeling of deur middel van beëdigde verklaring toelaat en die geskilpunte summier aanhoor; of

(*b*) beveel dat die geskilpunte by wyse van aksie verhoor word, dat die applikant as eiser moet optree en die respondent as verweerder en dat die kennisgewing van aansoek as dagvaarding moet dien of dat die applikant sodanige besonderhede van sy vordering soos in reël 6 voorgeskryf binne 7 dae of 'n korter termyn wat die hof vasstel, moet aflewer.

(3) Vir doeleindes van die aksie word kennis van voorneme om te verdedig, wanneer beveel word dat die kennisgewing van aansoek as dagvaarding moet dien, geag gegee te gewees het op die dag wanneer sodanige bevel gegee is en wanneer die applikant kragtens hierdie reël beveel word om besonderhede in te dien, word dit geag gegee te gewees het op die dag waarop die besonderhede afgelewer word.

(4) Unless the court shall otherwise order, minutes, other than the minutes of the record, shall not be drawn up of orders on application on notice; and notice or service of such an order to or on any person who has had notice of the application shall not be necessary.

(5) Except where otherwise provided, an *ex parte* application shall be made in writing stating shortly the terms of the order applied for and the grounds on which the application is made and shall be signed by the party making the application.

(6) Except where otherwise provided, an *ex parte* application shall not, unless required by the court in any case, be supported by affidavit or other evidence.

(7) Any person affected by an order made *ex parte* or by an interdict notice in a summons for rent under section 31 of the Act may apply to discharge it with costs on not less than 12 hours' notice.

(8) In every application the person substantially interested shall be made respondent.

(9) All interlocutory matters may be dealt with upon application, and any application which may be made *ex parte* may at the applicant's election be made on notice.

(10) All opposed applications shall be heard in open court.

RULE 56.

Arrests Tanquam Suspectus de Fuga, *Interdicts, Attachments to Secure Claims and* Mandamenten van Spolie.

56. (1) Except where otherwise provided, every application to the court for an order of arrest, an interdict or attachment or for a *mandament van spolie* under section 30 of the Act, may be made *ex parte.*

(2) Every such *ex parte* application shall be upon affidavit stating shortly the facts upon which the application is made and the nature of the order applied for.

(3) The court may, before granting an order upon such an application, require the applicant to give security for any damages which may be caused by such order and may require such additional evidence as it may think fit.

(4) A summons for rent under section 31 of the Act shall be in the form prescribed therefor in Annexure 1.

(5) Every order made *ex parte* (other than an order for the arrest of any person or an order of attachment for rent under section 32 of the Act) shall call upon the respondent to show cause against it at a time stated in the order, which shall not, unless the court shall give leave for a shorter time, be a less time after service than the time allowed by these rules for entry of appearance to defend.

(6) The return day of an order made *ex parte* may be anticipated by the respondent upon 12 hours' notice to the applicant.

(7) A copy of any order made *ex parte* and of the affidavit, if any, on which it was made shall be served forthwith on the respondent thereto.

(8) Where cause is shown against any such order the court may order the applicant or respondent or the deponent to any such affidavit to attend for examination or cross-examination.

(4) Tensy die hof anders beveel, word notule, uitgesonderd die notule van die verrigtinge, nie opgestel van bevele wat op aansoek na kennisgewing gegee is nie; en kennisgewing of betekening van sodanige bevel aan enigeen aan wie kennis van die aansoek gegee is, is nie nodig nie.

(5) Behoudens andersluidende bepalings, moet 'n *ex parte*-aansoek skriftelik gedoen word en dit moet kortliks die inhoud van die aangevraagde bevel en die gronde van die aansoek vermeld en moet deur die party wat die aansoek doen, onderteken word.

(6) Behoudens andersluidende bepalings, word 'n *ex parte*-aansoek nie, tensy die hof dit in enige geval vereis, deur'n beëdigde verklaring of ander getuienis gesteun nie.

(7) Enigiemand wat deur 'n *ex parte*-bevel of 'n interdik-kennisgewing in 'n dagvaarding vir huurgeld kragtens artikel 31 van die Wet geraak word, kan met minstens 12 uur kennisgewing om die opheffing daarvan met koste aansoek doen.

(8) Die persoon wat wesenlik die belanghebbende is, moet in elke aansoek as respondent aangehaal word.

(9) Alle tussenprosesse kan by wyse van aansoek behandel word en enige aansoek wat *ex parte* gedoen kan word, kan, as die applikant dit verkies, by kennisgewing gedoen word.

(10) Alle bestrede aansoeke word in die ope hof aangehoor.

REËL 56.

Arres Tanquam Suspectus De Fuga, *Interdikte, Beslagleggings ter Versekering van Vorderings en Mandamente van Spolie.*

56. (1) Behoudens andersluidende bepalings, kan alle aansoeke aan die hof om 'n bevel tot arres, 'n interdik of beslaglegging of 'n mandament van spolie kragtens artikel 30 van die Wet *ex parte* gedoen word.

(2) 'n *Ex parte*-aansoek geskied by wyse van beëdigde verklaring waarin die feite waarop die aansoek berus en die aard van die bevel waarom aansoek gedoen word, kortliks vermeld word.

(3) Die hof kan, alvorens 'n bevel kragtens sodanige aansoek toegestaan word, van die applikant vereis dat hy sekerheid stel vir enige skade wat deur sodanige bevel veroorsaak mag word en kan na goeddunke verdere getuienis vereis.

(4) 'n Dagvaarding vir huurgeld kragtens artikel 31 van die Wet moet in die vorm wees soos in Bylae 1 voorgeskryf.

(5) 'n Bevel wat *ex parte* gegee is (uitgesonderd 'n bevel tot die inhegtenisneming van iemand of 'n bevel tot beslaglegging vir huurgeld kragtens artikel 32 van die Wet) moet die respondent aansê om gronde daarteen aan te voer op 'n tyd in die bevel vermeld, wat, tensy die hof verlof vir 'n korter tydperk verleen, nie 'n korter tydperk na betekening moet wees nie as die termyn wat deur hierdie reëls vir kennis van voorneme om te verdedig toegelaat is.

(6) Die keerdag van 'n *ex parte*-bevel kan deur die respondent met 12 uur kennisgewing aan die applikant vervroeg word.

(7) 'n Afskrif van 'n *ex parte*-bevel en van die beëdigde verklaring, as daar is, waarop dit berus, moet onverwyld aan die respondent beteken word.

(8) As gronde teen sodanige bevel aangevoer word, kan die hof die applikant of respondent of die persoon wat sodanige beëdigde verklaring afgelê het, beveel om vir ondervraging of kruisondervraging te verskyn.

(9) Any order made *ex parte* may be discharged or varied by the court on cause shown by any person affected thereby and on such terms as to costs as may be just.

(10) An order made *ex parte* shall *ipso facto* be discharged upon security being given by the respondent for the amount to which the order relates, together with costs.

(11) Such security may be given to abide the result of the action instituted or to be instituted; and may be assigned by the respondent to part only of the order and shall in that event operate to discharge the order as to that part only.

(12) Unless the court shall otherwise order, the messenger may release any person arrested upon such person giving security to the satisfaction of the messenger that he will appear upon the return day of the order for arrest.

(13) The minutes of any order required for service or execution shall be drawn up by the party entitled thereto and shall be approved and signed by the clerk of the court.

(14) The copies of such minutes for record and service shall be made by such party and the copy for record shall be signed by the clerk of the court.

(15) The provisions of rule 41 (2) shall, in so far as it may be necessary in the execution of an order under this rule, *mutatis mutandis* apply to such execution.

RULE 57.

Attachment to Found or Confirm Jurisdiction.

57. (1) Any application to the court for any order under section 30 *bis* of the Act may be made *ex parte*.

(2) (*a*) Any application for an order of attachment of person or property under the said section shall be supported by an affidavit in which is stated—

(i) the name, address, occupation and place of residence of the applicant;

(ii) the name, and, if known, the address, occupation and place of residence of the respondent;

(iii) the amount of the claim or the value of the matter in dispute and facts from which it is apparent that the action to be instituted against the respondent is within the jurisdiction of the court and that the attachment is necessary;

(iv) whether the attachment is intended to found or confirm jurisdiction;

(v) if application is made for attachment of respondent's person, details as to his present whereabouts;

(vi) if application is made to attach property, details of the property, including its ownership, value and situation;

(vii) such other information as may be necessary to secure an order;

(viii) the terms of the order applied for.

(*b*) Such affidavit shall be made by the applicant or, if thereto authorised, by someone on his behalf and shall state whether the deponent knows of his own knowledge the facts to which he deposes: Provided that where the facts are not known to the deponent of his own know-

(9) 'n Bevel wat *ex parte* gegee is, kan, indien gronde daarteen aangevoer word deur enigiemand wat daardeur geraak word, deur die hof opgehef of gewysig word behoudens sodanige voorwaardes betreffende koste as wat billik mag wees.

(10) 'n *Ex parte*-bevel word *ipso facto* opgehef wanneer die respondent sekerheid stel vir die bedrag waarop die bevel betrekking het, tesame met koste.

(11) Sodanige sekerheid kan gestel word hangende die uitslag van die aksie wat ingestel is of gaan word en kan deur die respondent toegewys word aan slegs 'n deel van die bevel en in daardie geval hef dit slegs daardie deel van die bevel op.

(12) Tensy die hof anders beveel, kan die geregsbode enigiemand wat in hegtenis geneem is, vrylaat as sodanige persoon tot tevredenheid van die geregsbode sekerheid stel dat hy op die keerdag van die bevel tot inhegtenisneming sal verskyn.

(13) Die notule van 'n bevel wat vir betekening of tenuitvoerlegging nodig is, moet deur die party wat daarop geregtig is, opgestel en deur die klerk van die hof goedgekeur en onderteken word.

(14) Die afskrifte van sodanige notule wat vir indiening by die stukke en betekening vereis word, moet deur sodanige party opgestel word en die afskrif vir indiening by die stukke moet deur die klerk van die hof onderteken word.

(15) Die bepalings van reël 41 (2) is, vir sover dit nodig mag wees vir die tenuitvoerlegging van 'n bevel kragtens hierdie reël, *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot sodanige tenuitvoerlegging.

REËL 57.

Inhegtenisneming of Beslaglegging om Jurisdiksie te Vestig of te Bevestig.

57. (1) 'n Aansoek by die hof om 'n bevel kragtens artikel 30 *bis* van die Wet kan *ex parte* gedoen word.

(2) (*a*) 'n Aansoek om die inhegtenisneming van die persoon of beslaglegging op eiendom kragtens genoemde artikel word gesteun deur 'n beëdigde verklaring waarin vermeld word—

(i) die naam, adres, beroep en woonplek van die applikant;

(ii) die naam, en, indien bekend, die adres, beroep en woonplek van die respondent;

(iii) die bedrag van die vordering of die waarde van die betwiste saak en feite waaruit dit duidelik blyk dat die hof jurisdiksie het met betrekking tot die beoogde aksie teen die respondent en dat die inhegtenisneming of beslaglegging nodig is;

(iv) of die inhegtenisneming of beslaglegging bedoel is om jurisdiksie te vestig of te bevestig;

(v) indien aansoek gedoen word om die inhegtenisneming van die respondent, besonderhede van sy huidige verblyfplek;

(vi) indien aansoek gedoen word om beslaglegging op eiendom, besonderhede van die eiendom, met inbegrip van die eiendomsreg en waarde daarvan en waar dit te vinde is;

(vii) ander inligting wat nodig mag wees om 'n bevel te verkry;

(viii) die besonderhede van die bevel waarom aansoek gedoen word.

(*b*) Sodanige beëdigde verklaring word deur die applikant afgelê of, indien daartoe gemagtig, deur iemand ten behoewe van hom en vermeld of die deponent uit eie wete bekend is met die feite met betrekking waartoe hy die verklaring aflê: Met dien verstande dat waar die feite nie

ledge but are alleged to be true to the best of his information and belief, it shall be stated how the information was obtained or on what grounds he bases his belief.

(*c*) Any application for an order in regard to service of any process in any action referred to in section 30 *bis* of the Act may be combined with any application for attachment referred to in paragraph (*a*).

(3) The court may, before granting an order of attachment of person or property require the applicant to give security for any damages which may be caused by such order and may, in regard to any application under subrule (2), require such additional evidence as it may think fit.

(4) (*a*) Any order of attachment under subrule (2) shall call upon the respondent to show cause at a time and on a date stated in the order why such order should not be confirmed.

(*b*) The return date may be anticipated by the respondent upon 12 hours' notice to the applicant.

(*c*) Where the respondent appears to show cause against any such order, the court may order the applicant or deponent to the affidavit or the respondent to attend for examination or cross-examination and may confirm, discharge or vary such order on such terms as to costs as may be just.

(5) The minutes of any order referred to herein required for service or execution shall be prepared by the applicant and approved and signed by the clerk of the court and shall state that the return date may be anticipated by the respondent upon 12 hours' notice to the applicant and that the applicant may obtain his release or that of his property upon security being given as hereinafter provided.

(6) (*a*) Upon receipt of the minutes of the order and of a copy of the affidavit on which it was made the messenger shall forthwith proceed to attach the person or property specified therein, as the case may be.

(*b*) Upon the person mentioned in such minutes being attached the messenger shall deal with such person as provided in section 16 of the Act.

(*c*) Subject to paragraph (*d*), the rules relating to the powers and duties of the messenger in regard to the method of attachment in execution against movable and immovable property shall, in so far as those rules are appropriate and can be applied, *mutatis mutandis* apply to an attachment of property under this rule.

(*d*) Subject to any order of the court, the messenger shall where movable property is attached, remove such property to a place of security or, if such property be inconvenient to remove, shall leave such property upon the premises in the charge and custody of some person acting on his behalf.

(*e*) Any expense incurred in removing such property to a place of security or for the storage of such property or in leaving such property in the charge or custody of some person acting on behalf of the messenger, shall be borne by the applicant and shall, subject to any order of the court, be costs in the cause.

aan die deponent uit eie wete bekend is nie maar hy beweer dat dit na sy beste inligting en wete waar is, dit vermeld word hoe die inligting verkry is of op watter gronde sy wete berus.

(*c*) 'n Aansoek om 'n bevel met betrekking tot betekening van 'n prosesstuk in 'n aksie soos in artikel 30 *bis* van die Wet genoem, kan saamgevoeg word met 'n aansoek om inhegtenisneming of beslaglegging in paragraaf (*a*) genoem.

(3) Die hof kan, alvorens hy 'n bevel tot inhegtenisneming van die persoon of beslaglegging op eiendom verleen, van die applikant vereis dat hy sekerheid stel vir enige skade wat deur sodanige bevel veroorsaak mag word en kan, met betrekking tot enige bevel kragtens subreël (2), sodanige verdere getuienis vereis as wat hy goed ag.

(4) (*a*) Enige bevel tot inhegtenisneming of beslaglegging kragtens subreël (2) gegee, vereis van die respondent dat hy redes aanvoer op 'n tyd en datum in die bevel vermeld waarom sodanige bevel nie bekragtig moet word nie.

(*b*) Die keerdag kan deur die respondent met 12 uur kennisgewing aan die applikant vervroeg word.

(*c*) As die respondent verskyn om redes teen sodanige bevel aan te voer, kan die hof die applikant of deponent van die beëdigde verklaring of die respondent beveel om vir ondervraging of kruisondervraging te verskyn en kan sodanige bevel bekragtig, ophef of wysig behoudens sodanige voorwaardes met betrekking tot koste as wat billik mag wees.

(5) Die notule van 'n hierin genoemde bevel wat vir betekening of tenuitvoerlegging nodig is, word deur die applikant opgestel en deur die klerk van die hof goedgekeur en onderteken en vermeld dat die keerdag deur die respondent met 12 uur kennisgewing aan die applikant vervroeg kan word en dat die applikant sy vrylating of dié van sy eiendom kan verkry indien sekerheid, soos hieronder bepaal, gestel word.

(6) (*a*) Die geregsbode neem by ontvangs van die notule van die bevel en 'n afskrif van die beëdigde verklaring op grond waarvan dit gegee is die daarin vermelde persoon in hegtenis of lê beslag op die daarin vermelde eiendom, na gelang van die geval.

(*b*) By inhegtenisneming van die persoon in sodanige notule vermeld, handel die geregsbode met sodanige persoon soos in artikel 16 van die Wet bepaal.

(*c*) Behoudens die bepalings van paragraaf (*d*), is die reëls te opsigte van die magte en pligte van die geregsbode met betrekking tot die wyse van beslaglegging in tenuitvoerlegging teen roerende en onroerende goed, vir sover daardie reëls toepaslik is en toegepas kan word, *mutatis mutandis* van toepassing op 'n beslaglegging op eiendom kragtens hierdie reël.

(*d*) Behoudens 'n bevel van die hof, moet die geregsbode, waar op roerende eiendom beslag gelê word, sodanige eiendom na 'n plek vir veilige bewaring verwyder of, indien sodanige eiendom nie gerieflik verwyder kan word nie, moet hy sodanige eiendom op die perseel laat onder die toesig en bewaring van iemand wat namens hom optree.

(*e*) Enige uitgawe aangegaan vir die verwydering van sodanige eiendom na 'n plek vir veilige bewaring of vir die bewaring van sodanige eiendom of vir die laat van sodanige eiendom onder die toesig en bewaring van iemand wat namens die geregsbode optree, word deur die applikant gedra en is, behoudens enige bevel van die hof, koste in die aksie.

(7) Unless the court shall otherwise order, any person or property attached as provided in this rule shall, upon security being given to the satisfaction of the messenger of the court for the amount of the applicant's claim and the costs of the application for attachment, be released from attachment.

(8) An order made for the attachment of person or property under subrule (1) shall *ipso facto* be discharged upon security being given by the respondent as provided in subrule (7).

RULE 58.

Interest.

58. (1) Where the defendant has not consented to judgment before the expiration of the time allowed for appearance to defend, interest from the date of issue of the summons to the date of judgment may in the judgment be added to the amount claimed in the summons at the rate claimed in the summons, or, if there be no such rate, then at the rate of 6 per cent per annum.

(2) Every judgment for payment of money shall bear interest from the date of judgment until payment at such rate as may be adjudged, or, if there be no such rate, then at the rate of 6 per cent per annum.

RULE 59.

Assessors.

59. (1) The court may from time to time frame a list of persons who, having regard to the nature of the business of the court and to their ability and reputation, appear to be qualified to act as assessors under section 34 of the Act and who are willing so to act upon reasonable notice and upon payment of the fees prescribed in Table D of Annexure 2.

(2) Every person for the time being named in such list shall be an assessor for the purposes of this rule and shall continue to be an assessor until a new list has been framed or until he gives to the clerk of the court his resignation in writing. Upon receipt of such resignation the clerk of the court shall remove the name of such assessor from the list: Provided that an assessor summoned to act as such in any action may not, without the leave of the court, resign during the trial of the action.

(3) Nothing in this rule shall prevent the court from summoning, with the consent of all parties to the action, persons not on the list to act as assessors in any particular action.

(4) The number and names of the assessors to sit in any case shall be decided by consent of the parties or, where they are unable to agree, by the court: Provided that not more than 2 assessors shall sit in any case.

(5) A party who desires the trial to take place with assessors shall deliver notice of application for assessors, if he be the plaintiff, with the notice of trial, and if he be the defendant not more than 3 days after receiving notice of trial. Such notice shall contain either a consent by the other party or a notice setting down the application for hearing.

(7) Tensy die hof anders beveel, word 'n persoon wat in hegtenis geneem of eiendom waarop beslag gelê is, soos in hierdie reël bepaal, by sekerheidstelling tot tevredenheid van die geregsbode vir die bedrag van die applikant se vordering en die koste van die aansoek om inhegtenisneming of beslaglegging, vrygelaat of vrygestel, na gelang van die geval.

(8) 'n Bevel tot inhegtenisneming of beslaglegging op eiendom kragtens subreël (1) gegee, word *ipso facto* opgehef indien respondent kragtens subreël (7) sekerheid stel.

REËL 58.

Rente.

58. (1) Wanneer die verweerder nie voor die verloop van die tydperk wat vir kennisgewing van voorneme om te verdedig, gestel is tot vonnis toegestem het nie, kan rente vanaf die datum van uitreiking van die dagvaarding tot die datum van die vonnis in die vonnis by die bedrag wat in die dagvaarding gevorder word teen die rentekoers in die dagvaarding vermeld, gevoeg word of, indien sodanige rentekoers nie vermeld word nie, dan teen 'n rentekoers van 6 persent per jaar.

(2) Elke vonnis vir betaling van 'n geldsom dra rente vanaf die datum van die vonnis tot die datum van betaling teen sodanige rentekoers as wat beslis word of, indien sodanige rentekoers nie vermeld word nie, dan teen 'n rentekoers van 6 persent per jaar.

REËL 59.

Assessore.

59. (1) Die hof kan van tyd tot tyd 'n lys opstel van persone wat, met inagneming van die aard van die werksaamhede van die hof en hul bewaamheid en reputasie, blyk bevoeg te wees om kragtens artikel 34 van die Wet as assessore op te tree en wat gewillig is om na redelike kennisgewing en teen betaling van die gelde wat in Tabel D van Bylae 2 voorgeskryf is, aldus op te tree.

(2) Iedereen wat asdan in sodanige lys genoem word, is 'n assessor vir doeleindes van hierdie reël en bly 'n assessor totdat 'n nuwe lys opgestel is of totdat hy 'n skriftelike bedanking by die klerk van die hof indien. By ontvangs van sodanige bedanking, moet die klerk van die hof die naam van sodanige assessor in die lys skrap: Met dien verstande dat 'n assessor wat gedagvaar is om as sodanig in 'n aksie op te tree, nie sonder verlof van die hof gedurende die verhoor van die aksie kan bedank nie.

(3) Die bepalings van hierdie reël belet nie die hof om, met die toestemming van al die partye in die aksie, persone wat nie in die lys genoem is nie, as assessore op te roep nie om in enige besondere aksie op te tree.

(4) Die aantal en name van die assessore wat in 'n saak sitting moet neem, word met die toestemming van die partye of, indien hulle nie kan ooreenstem nie, deur die hof bepaal: Met dien verstande dat nie meer as 2 assessore in 'n saak sitting mag neem nie.

(5) 'n Party wat verlang dat die verhoor met assessore moet plaasvind, moet, as hy die eiser is, 'n kennisgewing van aansoek om assessore tesame met die kennisgewing van terolleplasing vir verhoor aflewer en, as hy die verweerder is, nie later as 3 dae nadat hy die kennisgewing van terolleplasing vir verhoor ontvang het nie. Sodanige kennisgewing moet òf die toestemming van die ander party bevat òf 'n kennisgewing waardeur die aansoek om aanhoring ter rolle geplaas word.

(6) The party who desires the trial to take place with assessors shall, at the time of delivering the notice of application, deposit with the clerk of the court the sum of R6.50 for each assessor applied for and shall be liable for any further sum becoming due to the assessors for fees. The fees and expenses of the assessors shall, unless otherwise ordered by the court, be costs in the action.

(7) If the application be consented to or granted, the clerk of the court shall summon the assessors named in the consent or selected by the court by having a summons served upon each of them in the manner provided for the service of a summons commencing an action.

(8) If at the time and place appointed for the trial either of the assessors summoned does not attend, the court may either proceed to try the action with the assistance of the assessor, if any, who is in attendance, or without assistance, if none attended, or may adjourn the trial.

(9) Where a trial is postponed or adjourned, the party who applied for assessors shall, forthwith after the order for postponement or adjournment, pay to the clerk of the court, in addition to the deposit mentioned in subrule (6), the fees due up to the hour of postponement or adjournment to such assessors as have attended.

(10) Where such payment is not made the court may stay the action until it be made or may continue the trial without the assistance of assessors or may make such order as may be just.

(11) Every assessor acting in a case shall be entitled to the fees set out in Table D of Annexure 2.

RULE 60.

Non-Compliance with Rules, Including Time Limits and Errors.

60. (1) Except where otherwise provided in these rules, failure to comply with these rules or with any request made in pursuance thereof shall not be ground for the giving of judgment against the party in default.

(2) Where any provision of these rules or any request made in pursuance of any such provision has not been fully complied with the court may on application order compliance therewith within a stated time.

(3) Where any order so made is not fully complied with within the time so stated, the court may on application forthwith give judgment in the action against the party so in default or may adjourn the application and grant an extension of time for compliance with the order on such terms as to costs and otherwise as may be just.

(4) The court may on either such application order such stay of proceedings as may be necessary.

(5) Subject to the provisions of rule 17 (1) (*b*), any time limit prescribed by these rules, except the period prescribed in rule 51 (3) and (6), may at any time, whether before or after the expiry of the period limited, be extended—

(*a*) by the written consent of the opposite party; and

(*b*) if such consent is refused, then by the court on application and on such terms as to costs and otherwise as may be just.

(6) Where there has been short service without leave, of any notice of set-down or notice of any application or of process of the court the court may, instead of dismissing such notice or process, adjourn the proceedings

(6) Die party was assessore in die verhoor verlang, moet, wanneer hy die kennisgewing van aansoek aflewer, die bedrag van R6.50 vir elke assessor waarom aansoek gedoen word, by die klerk van die hof stort en is aanspreeklik vir enige verdere bedrag wat aan die assessore vir gelde verskuldig word. Die gelde en uitgawes van die assessore is, tensy die hof anders beveel, koste in die aksie.

(7) Indien daar tot die aansoek toegestem word of dit toegestaan word, moet die klerk van die hof die assessore wat in die toestemming genoem word of deur die hof aangewys is, oproep deur 'n dagvaarding aan elkeen van hulle te laat beteken op die wyse wat vir die betekening van 'n dagvaarding waarby 'n aksie ingestel word, voorgeskryf is.

(8) Indien enigeen van die assessore wat opgeroep is hom nie op die tyd en plek wat vir die verhoor bepaal is, aanmeld nie, kan die hof òf aangaan met die verhoor van die aksie met behulp van die assessor, as daar is, wat hom aangemeld het of sonder hulp as geeneen hom aangemeld het nie, òf die verhoor verdaag.

(9) Wanneer 'n verhoor uitgestel of verdaag word, moet die party wat om assessore aansoek gedoen het onverwyld na die bevel tot uitstel of verdaging by die klerk van die hof, benewens die bedrag in subreël (6) vermeld, die gelde wat tot op die uur van uitstel of verdaging aan die assessore wat hulle aangemeld het, verskuldig is, inbetaal.

(10) Indien sodanige betaling nie gedoen word nie, kan die hof die aksie opskort totdat betaling gedoen word of voortgaan met die verhoor sonder behulp van assessore of kan sodanige bevel gee as wat billik geag word.

(11) Elke assessor wat in 'n saak optree, is geregtig op die gelde in Tabel D van Bylae 2 aangegee.

REËL 60.

Nie-nakoming van Reëls, met Inbegrip van Tydbeperkings en Foute.

60. (1) Behoudens andersluidende bepalings in hierdie reëls, is versuim om aan die reëls te voldoen of aan enige versoek wat daarkragtens gedoen is, nie grond vir die gee van 'n vonnis teen die party wat in verstek is nie.

(2) Wanneer 'n bepaling van hierdie reëls of 'n versoek wat kragtens sodanige bepaling gedoen is nie ten volle nagekom is nie, kan die hof op aansoek voldoening daaraan binne 'n bepaalde tydgrens beveel.

(3) Indien daar nie binne die aldus bepaalde tydgrens ten volle aan sodanige bevel voldoen is nie, kan die hof op aansoek onmiddellik vonnis in die aksie teen die party wat aldus in verstek is, gee of kan die aansoek verdaag en 'n verlenging van tyd gee om aan die bevel te voldoen op sodanige voorwaardes betreffende koste en andersins as wat billik geag word.

(4) Die hof kan op enigeen van sodanige aansoeke sodanige opskorting van die verrigtinge as wat nodig mag wees, beveel.

(5) Behoudens die bepalings van reël 17 (1) (*b*), kan enige tydgrens deur hierdie reëls voorgeskryf, behalwe die tydperk in reël 51 (3) en (6) voorgeskryf, te eniger tyd, hetsy voor of na verstryking van die tydgrens, verleng word—

(*a*) met die skriftelike toestemming van die teenparty; en

(*b*) indien sodanige toestemming geweier word, dan deur die hof op aansoek en op sodanige voorwaardes betreffende koste en andersins as wat billik geag word.

(6) Wanneer kort betekening sonder verlof van enige kennisgewing van terolleplasing of kennisgewing van 'n aansoek of van 'n geregtelike prosesstuk geskied het, kan die hof, in plaas van sodanige kennisgewing of prosesstuk

for a period equivalent, at the least, to the period of proper notice upon such terms as to costs as may be just. If the proceedings be adjourned in the absence of the party who received short service, due notice of the adjournment must be given to such party by the party responsible for the short service.

(7) No process or notice shall be invalid by reason of any obvious error in spelling or in figures or of date.

(8) If any party has in fact been misled by any such error in any process or notice served upon him, the court may on application grant him such relief as may be just and may for that purpose set aside the process or notice and rescind any default judgment given thereon.

RULE 61.

Records, Entries or Documents as Evidence in Civil Matters.

61. (1) Where it is necessary to give in evidence in the court any record, entry or document of the same court in another action, the clerk of the court shall, on reasonable notice, produce and show the original thereof, and the cost of copies shall not be allowed.

(2) Where it is necessary to give in evidence in another court any such record, entry or document, a copy thereof certified by the clerk of the court may be given in evidence without production of the original.

RULE 62.

Security for Costs by Plaintiff.

62. (1) Where a plaintiff—

(*a*) is not resident within the Republic;

(*b*) is an unrehabilitated insolvent;

(*c*) is a registered or incorporated company; or

(*d*) has no substantial interest in the cause of action,

the defendant may (unless the plaintiff has obtained leave to sue as a pauper) after service of the summons and before the close of the pleadings require him to give security for the costs of the action (excluding the principal or costs of any claim in reconvention made by the defendant): Provided that if the fact relied upon first came to the knowledge of the defendant after the close of pleadings, the defendant may within 2 days after such fact has come to his knowledge require that such security be given.

(2) If such request is not complied with within 2 days, the court may on application either stay the proceedings until such request is complied with or dismiss the action.

(3) In this rule "plaintiff" shall not include a plaintiff in reconvention nor shall "action" include a claim in reconvention.

(4) Money paid into court under subrule (1) and outstanding for more than 3 years, may be paid into the Consolidated Revenue Fund, after 3 months' notice of such intention in writing has been given to the parties concerned. Thereafter the parties concerned may apply for a refund of the amount paid into the said Fund.

(5) The provisions of this rule shall *mutatis mutandis* apply to proceedings instituted by way of application.

af te wys, die verrigtinge op sodanige voorwaardes betreffende koste as wat billik geag word, verdaag vir 'n tydperk wat gelyk is aan minstens die tydperk van behoorlike kennisgewing. Indien die verrigtinge in die afwesigheid van die party aan wie kort betekening geskied het, verdaag word, moet die party wat vir die kort betekening verantwoordelik is, behoorlik kennis van die verdaging aan die party aan wie kort betekening geskied het, gee.

(7) Geen prosesstuk of kennisgewing is ongeldig as gevolg van enige klaarblyklike spelfout of fout betreffende syfers of die datum nie.

(8) Indien 'n party werklik mislei is deur enige sodanige fout in enige prosesstuk of kennisgewing wat aan hom beteken is, kan die hof op aansoek sodanige verligting as wat billik geag word, verleen en kan vir daardie doel die prosesstuk of kennisgewing tersyde stel en enige vonnis by verstek wat daarkragtens gegee is, vernietig.

REËL 61.

Notules, Inskrywings of Dokumente as Getuienis in Siviele Aangeleenthede.

61. (1) Wanneer dit nodig is om as bewys in die hof enige notule, inskrywing of dokument van dieselfde hof in 'n ander aksie in te dien, moet die klerk van die hof, na redelike kennisgewing, die oorspronklike daarvan oorlê en die koste van afskrifte word nie toegestaan nie.

(2) Wanneer dit nodig is om as bewys in enige ander hof enige sodanige notule, inskrywing of dokument in te dien, kan 'n afskrif daarvan, deur die klerk van die hof gewaarmerk, sonder voorlegging van die oorspronklike as bewys ingedien word.

REËL 62.

Sekerheidstelling vir Koste deur Eiser.

62. (1) Indien 'n eiser—

(*a*) nie binne die Republiek woonagtig is nie;

(*b*) 'n ongerehabiliteerde insolvent is;

(*c*) 'n geregistreerde of ingelyfde maatskappy is; of

(*d*) geen wesenlike belang in die skuldoorsaak het nie,

kan die verweerder (tensy aan die eiser verlof verleen is om as 'n behoeftige te dagvaar), na betekening van die dagvaarding en voordat die pleitstukke gesluit is, van hom vereis dat hy sekerheid stel vir die koste van die aksie (met uitsluiting van die hoofsom of koste van enige teenvordering deur die verweerder ingestel): Met dien verstande dat indien die feit waarop gesteun word eers na die sluiting van die pleitstukke tot die verweerder se kennis gekom het, die verweerder binne 2 dae nadat sodanige feit tot sy kennis gekom het, kan vereis dat sodanige sekerheid gestel word.

(2) Indien daar nie binne 2 dae aan sodanige versoek voldoen word nie, kan die hof op aansoek òf die verrigtinge opskort totdat aan die versoek voldoen is òf die aksie afwys.

(3) In hierdie reël omvat „eiser" nie 'n eiser in rekonvensie nie en „aksie" omvat nie 'n teenvordering nie.

(4) Gelde wat kragtens subreël (1) geregtelik inbetaal is en vir meer as 3 jaar onuitbetaal is, kan in die Gekonsolideerde Inkomstefonds inbetaal word nadat 3 maande skriftelike kennis van sodanige voorneme aan die betrokke partye gegee is. Daarna kan die betrokke partye aansoek doen om 'n terugbetaling van die bedrag wat in genoemde fonds inbetaal is.

(5) Die bepalings van hierdie reël is *mutatis mutandis* van toepassing op verrigtinge wat by aansoek begin is.

RULE 63.

Recovery of Small Debts.

63. (1) These rules shall *mutatis mutandis* apply to proceedings under Chapter VIII of the Act, subject to the provisions of this rule.

(2) The summons commencing an action shall be in the form prescribed for that purpose in Annexure 1.

(3) The summons shall be signed by the plaintiff or by the person permitted by the clerk of the court to act in terms of section 55 of the Act.

(4) The provisions of any rule in regard to the delivery of or failure to deliver a plea shall not apply.

(5) A defendant who has entered an appearance to defend may at any time before the hearing of the claim lodge with the clerk of the court a written statement setting forth the nature of his defence and the particulars of the grounds on which it is based.

(6) The defendant shall furnish a copy of such statement to the plaintiff.

(7) If an appearance to defend is entered the clerk of the court shall appoint a day for hearing of the claim and shall notify the parties in writing thereof at least 7 days before such hearing.

(8) Where an adjournment or postponement is made *sine die* the clerk of the court shall notify the parties in writing of the day appointed for the continued hearing at least 7 days before such date.

RULE 64.

Procedure for Securing the Attendance of Witnesses in Criminal Cases.

64. (1) The process for securing the attendance of any person before the court to give evidence in any criminal case or to produce any books, papers or documents, shall be by subpoena prepared by the party desiring the attendance of that person and issued by the clerk of the court.

(2) The original subpoena and so many copies thereof as there are witnesses to be subpoenaed, shall be delivered to the messenger or other person authorised to serve subpoenas in the area where the witness is residing or to the person referred to in section 15 (2) or (3) of the Act, as the case may be.

(3) A copy of the subpoena shall be served upon the witness personally or at his residence or place of business or employment by delivering it to some person thereat who is apparently not less than 16 years of age and apparently residing or employed thereat.

(4) If the person to be served with a subpoena keeps his residence or place of business closed and thus prevents the service of the subpoena, it shall be sufficient service to affix a copy thereof to the outer or principal door of such residence or place of business.

(5) The person serving the subpoena shall, if required by the person upon whom it is served, exhibit to him the original.

(6) The person serving the subpoena shall make a return of service by endorsing on the original or on a document attached thereto the manner in which the subpoena was served. The original shall be returned to the clerk of the court out of whose office it was issued.

REËL 63.

Invordering van Klein Skulde.

63. (1) Behoudens die bepalings van hierdie reël, is hierdie reëls *mutatis mutandis* van toepassing op verrigtinge kragtens Hoofstuk VIII van die Wet.

(2) Die dagvaarding waardeur 'n aksie begin word, moet in die vorm wees soos vir daardie doel in Bylae 1 voorgeskryf.

(3) Die dagvaarding word deur die eiser of deur die persoon wat deur die klerk van die hof toegelaat is om kragtens artikel 55 van die Wet op te tree, onderteken.

(4) Die bepalings van enige reël met betrekking tot die aflewering van 'n verweerskrif of versuim om 'n verweerskrif af te lewer, is nie van toepassing nie.

(5) 'n Verweerder wat kennis gegee het van voorneme om te verdedig, kan te eniger tyd voor die aanhoring van die vordering by die klerk van die hof 'n skriftelike verklaring indien waarin die aard van sy verweer en besonderhede van die gronde waarop dit berus, uiteengesit word.

(6) Die verweerder moet 'n afskrif van dié verklaring aan die eiser verstrek.

(7) Indien kennis gegee word van voorneme om te verdedig, moet die klerk van die hof 'n dag bepaal vir die aanhoring van die vordering en moet die partye ten minste 7 dae voor sodanige aanhoring skriftelik daarvan in kennis stel.

(8) Wanneer 'n vergadering of uitstel *sine die* geskied, moet die klerk van die hof die partye ten minste 7 dae voor die datum van die voortgesette aanhoring skriftelik daarvan in kennis stel.

REËL 64.

Prosedure om die Bywoning van Getuies in Strafsake te Verkry.

64. (1) Die prosesstuk om 'n persoon te verkry om voor die hof te verskyn om getuienis in enige strafsaak af te lê of om boeke, papiere of dokumente oor te lê, is 'n dagvaarding wat deur die party wat die verskyning van dié persoon verlang, opgestel en deur die klerk van die hof uitgereik word.

(2) Die oorspronklike dagvaarding en soveel afskrifte daarvan as wat daar getuies is wat gedagvaar moet word, moet besorg word aan die geregsbode of ander persoon wat gemagtig is om dagvaardings in die gebied waar die getuie woonagtig is, te beteken of aan die persoon in artikel 15 (2) of (3) van die Wet genoem, na gelang van die geval.

(3) 'n Afskrif van die dagvaarding word aan die getuie persoonlik beteken of by sy woon- of besigheidsplek, of plek waar hy in diens is, deur dit daar aan iemand, wat oënskynlik nie jonger as 16 jaar is nie en blykbaar daar woon of in diens is, te oorhandig.

(4) Indien die persoon aan wie die dagvaarding beteken moet word sy woon- of besigheidsplek gesluit hou en derhalwe betekening van die dagvaarding verhinder, is dit voldoende betekening as 'n afskrif daarvan aan die buite- of hoofdeur van sodanige woon- of besigheidsplek geheg word.

(5) Die persoon wat die dagvaarding beteken moet, indien die persoon aan wie dit beteken word dit vereis, die oorspronklike aan hom toon.

(6) Die persoon wat die dagvaarding beteken, moet 'n relaas van betekening maak deur op die oorspronklike of op 'n stuk daaraan geheg die wyse waarop die dagvaarding beteken is, aan te teken. Die oorspronklike moet aan die klerk van die hof uit wie se kantoor dit uitgereik is, terugbesorg word.

RULE 65.

Criminal Record Book.

65. (1) The clerk of the court shall keep a book to be styled the "criminal record book" in which he shall daily enter particulars of every criminal case coming before the court on that day.

(2) Where the court has issued a warrant in terms of the provisions of section 309 (3) or section 309 *bis* of the Criminal Procedure Act, 1955 (Act No. 56 of 1955), and the prosecutor subsequently withdraws the charge, it shall not be necessary to again enter particulars of such case in the criminal record book: Provided that if such particulars are not entered in the criminal record book a separate register shall be kept by the clerk of the court of all warrants issued in terms of the aforesaid sections and at each successive stage he shall enter therein particulars of the date of issue of the warrant, the case number, the name of the accused, the date upon which the warrant was forwarded to the police for execution, the fact that the case has been withdrawn and any other particulars that circumstances may require.

(3) The charge sheet or, when the matter comes before the court by way of preparatory examination, the covering sheet, shall, when the matter first comes before the court, be numbered by him with a consecutive number for the year and the case shall then be entered in the criminal record book under that number.

(4) The particulars recorded in the criminal record book shall include—

(*a*) the date of hearing;
(*b*) the case number;
(*c*) the name and description of the accused;
(*d*) the crime charged;
(*e*) the verdict;
(*f*) the sentence or other mode of disposal; and
(*g*) any remarks (including the date and effect of any order of the Supreme Court of South Africa varying the verdict or sentence on review or appeal).

(5) The judicial officer presiding at the hearing shall himself record in the criminal record book any sentence imposed or other order of disposal made by him including acquittal, or other discharge, postponement of sentence, adjournment, remand to another court or committal for trial.

RULE 66.

Records of Criminal Cases.

66. (1) The court may in any criminal trial direct that the plea and the explanation or statement, if any, of the accused, the evidence orally given, any exception or objection taken during the course of the proceedings, the rulings and judgment of the court and such other portion of the proceedings as the court may specially indicate, be taken down in shorthand (hereinafter also referred to as "shorthand notes") either verbatim or in narrative form or recorded by mechanical means.

(2) Every person employed for the taking of shorthand notes in terms of subrule (1) or for the transcription of notes so taken by another person shall be deemed to be an officer of the court and shall before entering on his duties in writing take an oath or make an affirmation before a judicial officer as provided in rule 30 (5).

(3) (*a*) Shorthand notes so taken shall be certified as correct by the shorthand writer and filed with the record of the case by the clerk of the court.

REËL 65.

Register van Strafsake.

65. (1) Die klerk van die hof hou 'n register, die „register van strafsake" genoem, waarin hy daeliks besonderhede van elke strafsaak wat op daardie dag voor die hof kom, moet aanteken.

(2) Wanneer die hof 'n lasbrief kragtens die bepalings van artikel 309 (3) of artikel 309 *bis* van die Strafproseswet, 1955 (Wet No. 56 van 1955), uitgereik het en die aanklaer daarna die klagte terugtrek, is dit nie nodig om weer besonderhede van sodanige saak in die register van strafsake aan te teken nie: Met dien verstande dat indien sodanige besonderhede nie in die register van strafsake aangeteken word nie, die klerk van die hof 'n afsonderlike register moet hou van alle lasbriewe wat kragtens voornoemde artikels uitgereik is en in elke daaropvolgende stadium besonderhede van die datum van uitreiking van die lasbrief, die saaknommer, die naam van die beskuldigde, die datum waarop die lasbrief aan die polisie vir tenuitvoerlegging gestuur is, die feit dat die saak teruggetrek is en enige ander besonderhede wat die omstandighede mag vereis, daarin moet aanteken.

(3) Die klagstaat of, wanneer die saak by wyse van 'n voorlopige ondersoek voor die hof kom, die dekblad, moet wanneer die saak vir die eerste keer voor die hof kom, deur hom met 'n volgnommer vir die jaar genommer word, en die saak word dan onder daardie nommer in die register van strafsake ingeskryf.

(4) Die besonderhede wat in die register van strafsake aangeteken word, moet die volgende insluit:—

(*a*) Die datum van verhoor;
(*b*) die saaknommer;
(*c*) die naam en beskrywing van die beskuldigde;
(*d*) die misdryf waarvan aangekla;
(*e*) die uitspraak;
(*f*) die vonnis of ander wyse van beskikking; en
(*g*) enige opmerkings (met inbegrip van die datum en strekking van enige bevel van die Hooggeregshof van Suid-Afrika waarby die uitspraak of vonnis by hersiening of appèl verander word).

(5) Die voorsittende regterlike amptenaar moet self enige opgelegde vonnis of ander beskikkingsbevel deur hom gegee, met inbegrip van 'n vryspraak of ander ontslag, uitstel van die oplegging van 'n vonnis, verdaging, verwysing na 'n ander hof of verwysing ter strafsitting, in die register van strafsake aanteken.

REËL 66.

Notule in Strafsake.

66. (1) Die hof kan in enige strafsaak gelas dat die pleit en die verduideliking of verklaring, as daar is, van die beskuldigde, die mondelinge getuienis, enige eksepsie of beswaar wat in die loop van die verrigtinge opgewerp is, die beslissings en vonnis van die hof en sodanige ander gedeeltes van die verrigtinge wat die hof spesiaal aandui, in snelskrif (hieronder ook genoem „snelskrifaantekeninge") woord vir woord of in verhaalvorm afgeneem word of dat dit op meganiese wyse afgeneem word.

(2) Elkeen wat in diens geneem is om snelskrifaantekeninge kragtens subreël (1) af te neem of vir die transkripsie van aantekeninge aldus deur iemand anders afgeneem, word geag 'n beampte van die hof te wees en aanvaar nie sy pligte nie tensy hy skriftelik 'n eed of bevestiging, soos in reël 30 (5) bepaal, voor 'n regterlike amptenaar afgelê het.

(3) (*a*) Snelskrifaantekeninge aldus afgeneem, word deur die snelskrywer as juis gesertifiseer en deur die klerk van die hof by die notule van die saak bewaar.

(*b*) Subject to the provisions of subrule (4) and rule 67 (3), (8) and (10), no such shorthand notes shall be transcribed unless a judicial officer so directs.

(*c*) The transcript of any shorthand notes so transcribed shall be certified as correct by the person making such transcript and shall be filed with the record.

(4) (*a*) In any case in which no transcription was ordered in terms of subrule (3), any person may, on notice to the clerk of the court, request a transcription of any shorthand notes taken by virtue of a direction given under subrule (1) and shall, save in the case of the State, pay a fee of 20 cents for every 100 words or part thereof for such transcription.

(*b*) One copy of the transcript of such shorthand notes shall be supplied, free of charge, to the person at whose request the transcription was made.

(*c*) The original copy of the transcript of any shorthand notes referred to in paragraph (*a*), shall be certified as correct by the person making such copy and shall be filed with the record of the case.

(*d*) A sum sufficient to cover the approximate fee payable under paragraph (*a*) shall be deposited with the clerk of the court in advance.

(5) Subject to the provisions of subrule (6), any shorthand notes taken down by virtue of a direction made under subrule (1) and any transcript thereof, certified as correct, shall be deemed to be correct and shall form part of the record of the proceedings in question.

(6) The prosecutor or the accused may, not later than 7 days after judgment or where the proceedings have been taken down in shorthand or by mechanical means, within 7 days after the transcription thereof has been completed, apply to the court to correct any error in the record or the certified transcript thereof and the court may correct any such error.

(7) Subject to the provisions of subrule (4) (*b*), a copy of any transcript made simultaneously with the transcription of any shorthand notes may, upon application to the clerk of the court, be supplied to any person upon payment, save in the case of the State, of a fee of—

(*a*) in the case of a copy of a transcript referred to in subrule (3), 10 cents for every 100 words or part thereof;

(*b*) in the case of a copy of a transcript referred to in subrule (4) (*a*), 2 cents for every 100 words or part thereof.

(8) Any reference in this rule to shorthand notes or to a transcription or transcript of such notes or to a copy of such transcript, or to a person employed for the taking of such notes, or to a person transcribing such notes, shall be construed as a reference to a record of proceedings made by mechanical means, to a transcription or transcript of such record, or to a copy of such transcript, to a person employed for the making of such mechanical record, or to a person transcribing such record as the case may be.

(9) Where a magistrate or the court is satisfied that an accused is unable to pay the costs of obtaining a copy of any record or of any transcript thereof or is able to pay only part of such costs, such magistrate or court may, at the request of the accused, direct the clerk of the court to deliver a copy of such record or transcript to the accused free of charge or at such reduced charge as the magistrate or court may determine.

(*b*) Behoudens die bepalings van subreël (4) en reël 67 (3), (8) en (10) word geen sodanige snelskrifaantekeninge getranskribeer nie tensy 'n regterlike amptenaar dit gelas.

(*c*) Die oorskrif van enige snelskrifaantekeninge aldus getranskribeer, word as juis gewaarmerk deur die persoon wat dit afneem en word by die stukke in die saak bewaar.

(4) (*a*) In enige geval waar geen transkripsie ingevolge subreël (3) gelas is nie, kan enigiemand by kennisgewing aan die klerk van die hof 'n transkripsie versoek van enige snelskrifaantekeninge wat uit hoofde van 'n lasgewing kragtens subreël (1) afgeneem is en betaal, behalwe in die geval van die Staat, 'n geld van 20c vir elke 100 woorde of gedeelte daarvan vir sodanige transkripsie.

(*b*) Een afskrif van die oorskrif van sodanige snelskrifaantekeninge word gratis aan die persoon verskaf op wie se versoek die transkripsie gedoen is.

(*c*) Die oorspronklike afskrif van die oorskrif van enige snelskrifaantekeninge in paragraaf (*a*) genoem, word as juis gewaarmerk deur die persoon wat dit afneem en word by die stukke in die saak bewaar.

(*d*) 'n Bedrag wat voldoende is om die benaderde geld wat kragtens paragraaf (*a*) betaalbaar is, te dek, word vooruit by die klerk van die hof gedeponeer.

(5) Behoudens die bepalings van subreël (6), word enige snelskrifaantekeninge wat uit hoofde van 'n lasgewing kragtens subreël (1) afgeneem is, en enige oorskrif daarvan, as juis gewaarmerk, juis geag en maak deel uit van die betrokke verrigtinge.

(6) Die aanklaer of die beskuldigde kan, hoogstens 7 dae na vonnis of waar die verrigtinge in snelskrif of meganies afgeneem is, binne 7 dae nadat die transkripsie daarvan voltooi is, by die hof aansoek doen om enige foute in die notule of die gewaarmerkte oorskrif daarvan te verbeter en die hof kan enige sodanige fout verbeter.

(7) Behoudens die bepalings van subreël (4) (*b*), kan 'n afskrif van 'n oorskrif wat gelyktydig met die transkripsie van enige snelskrifaantekeninge gemaak is, op aansoek by die klerk van die hof, aan enigiemand verskaf word teen betaling, behalwe in die geval van die Staat, van 'n geld van—

(*a*) in die geval van 'n afskrif van 'n oorskrif in subreël (3) genoem, 10c vir elke 100 woorde of gedeelte daarvan;

(*b*) in die geval van 'n afskrif van 'n oorskrif in subreël (4) (*a*) genoem, 2c vir elke 100 woorde of gedeelte daarvan.

(8) Enige verwysing in hierdie reël na snelskrifaantekeninge of na 'n transkripsie of oorskrif van sodanige aantekeninge, of na 'n afskrif van sodanige oorskrif, of na 'n persoon wat in diens geneem is om sodanige aantekeninge aan te teken, of na 'n persoon wat sodanige aantekeninge transkribeer, word uitgelê as 'n verwysing na 'n notule van verrigtinge op meganiese wyse afgeneem, na 'n transkripsie of oorskrif van sodanige notule, of na 'n afskrif van sodanige oorskrif, na 'n persoon wat in diens geneem is vir die afneem van sodanige meganiese notule, of na 'n persoon wat sodanige notule transkribeer, na gelang van die geval.

(9) Wanneer 'n landdros of die hof oortuig is dat 'n beskuldigde nie in staat is om die koste vir die verkryging van 'n afskrif van 'n notule of van 'n oorskrif daarvan te betaal nie of in staat is om slegs gedeelte van sodanige koste te betaal, kan sodanige landdros of hof, op versoek van die beskuldigde, die klerk van die hof gelas om 'n afskrif van sodanige notule of oorskrif gratis aan die beskuldigde te verskaf of teen sodanige verminderde bedrag as wat die landdros of hof vasstel.

RULE 67.

Criminal Appeals.

67. (1) A convicted person desiring to appeal under section 103 (1) of the Act, shall within 14 days after the date of conviction, sentence or order in question, lodge with the clerk of the court a notice of appeal in writing in which he shall set out clearly and specifically the grounds, whether of fact or law or both fact and law, on which the appeal is based: Provided that if such appeal is noted by an attorney on behalf of a convicted person he shall simultaneously with the lodging of the notice of appeal lodge a power of attorney authorising him to note an appeal and to act on behalf of the convicted person.

(2) If the appellant is unable, owing to illiteracy or physical defect, to write out such notice of appeal, the clerk of the court shall, upon his request, do so.

(3) Upon an appeal being noted the clerk of the court shall cause to be prepared a copy of the record of the case, including a transcript thereof if it was recorded in accordance with the provisions of rule 66 (1), and then place the record before the judicial officer who shall within 14 days thereafter furnish to the clerk of the court a statement in writing showing—

(*a*) the facts he found to be proved;

(*b*) his reasons for any finding of fact specified in the appellant's notice as appealed against; and

(*c*) his reasons for any ruling on any question of law or as to the admission or rejection of evidence so specified as appealed against.

(4) The clerk of the court shall upon receipt of the judicial officer's statement forthwith inform the person who noted the appeal that the statement has been furnished.

(5) Within 14 days after the person who noted the appeal has been so informed, the appellant may by notice to the clerk of the court, amend his notice of appeal and the judicial officer may, in his discretion, within 7 days thereafter furnish to the clerk of the court a further or amended statement of his findings of fact and reasons for judgment.

(6) When an appeal is noted in a case in which the prosecution was not at the public instance the notice referred to in subrule (1) and any amended notice provided for in subrule (5) shall be served by the appellant also upon the prosecutor.

(7) An attorney-general desiring to appeal under section 103 (2) of the Act against the dismissal of a summons or charge shall, within 28 days after such dismissal, deliver a notice of appeal.

(8) Upon an appeal being noted as provided in subrule (7) the clerk of the court shall cause to be prepared a copy of the record of the case, including a transcript thereof if it was recorded in accordance with the provisions of rule 66 (1), and then place the record before the judicial officer who shall within 14 days thereafter furnish to the clerk of the court a statement in writing of his reasons for dismissing the summons or charge.

REËL 67.

Strafappèlle.

